

KONSTITUSIONELE EKSPERIMENTE VAN DIE BOERE.

Transoranje, Natal
(NATAL, WINBURG-EN OOR DIE VAAL).

1836-1877

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die Magistergraad van Geskiedenis
in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria.

142821

.....

deur

J. A. Vogel. B.A.

Krugersdorp, Fransvaal.

.....

I N H O U D.

---000---

Hoofstuk 1.	Inleiding	Bl.	1.
Hoofstuk 2.	Konstitusionele Reëlings in Transoranje.....		6.
Hoofstuk 3.	Die Republiek Natal.....		16.
Hoofstuk 4.	Die Oorigstadse Maatskappy.....		37.
Hoofstuk 5.	Totstandkoming van die Verenigde Band en die Oorvaalse Bestuursin - rigting tot 1852.....		52.
Hoofstuk 6.	Konstitusionele Reëlings 1852-1877...		74.
Hoofstuk 7.	Die Suid Afrikaanse Republiek 1858-1877.....		91.
Slot		131.
Aanhangsel	Kort. Beskrywing oor die Bestuurs - inrigting van Soutpansberg, Lydenburg, en Utrecht.....		133.
Indeks		149.
Geraadpleegde Bronne en Werke		152.

-----oOo-----

Hoofstuk 1.

I N L E I D I N G .

In een opsig was die Trek net die versnelling van 'n proses wat al jarelank aan die gang was, naamlik die aanhoudende uitvloeiing van Europeane uit die geproklameerde grense van die Kaap Kolonie. Hierdie proses van uitvloeiing was alreeds in die Agtiende Eeu aanwesig en die Politieke Raad aan die Kaap het herhaalde kere proklamasies agter die uittrekkende burgers aangeslinger met die hoop om hulle binne die grense te hou; daar was egter geen polisie om die burgers te dwing binne die grense van die Kolonie te bly nie, en die Politieke Raad het die Oosgrens hoe langer hoe verder verskuif met die hoop om daardeur die voorhoede van die Trekkers in te sluit. Die geleidelike ewolusie van Graanboer tot Veeboer en van Veeboer tot Trekboer was alreeds afgeloop, en 'n trekgees wat deur geen geproklameerde grense kon gekeer word nie, het die Trekboere besiel.(1)

Ander faktore het egter meegewerk om die Trek, wat vanaf die jaar 1836 op so'n groot skaal plaasgevind het, sy omvang te gee. Hoof hiervan was 'n psigologiese faktor, die gevoel van wanhoop wat daar by die koloniste in die oostelike distrikte en op die oosgrens ontstaan het as gevolg van toestande in daardie distrikte. Die wan-toestande was alreeds aan die end van die Agtiende Eeu....

aanwesig, maar hulle het in die begin van die Negentiende Eeu onder die bestuur van 'n vreemde moondheid in omvang sowel as in graad toegeneem. Ander oorsake het hiermee kumulatief saamgewerk en 'n gevoel van wantroue in die regering veroorsaak. Die Trekkers het vanaf 1836 die Kolonie in groot getalle verlaat en die Groot Trek het begin.

Die Groot Trek het 'n politieke afbakening van die suidhoek van Afrika meegebring en waar vroeër alleen die Kaap Kolonie was, was nou Suid Afrika. Dit het Konstitusionele probleme in die lewe geroep wat moes opgelos word, en gevolglik die omstandighede geskep en die toneel voorberei vir 'n reeks konstitusionele eksperimente om daardie probleme op te los. Hierdie werk is 'n poging om daardie eksperimente na te gaan en te toon hoedat die Trekkers rondgetas het om 'n geskikte vorm te kry waarin hulle politieke opvattinge kon gegiet word en wat sou dien as die beligting van hul konsepsie van 'n vrye staatswese. Daarin sou moes plek gemaak word vir hul demokratiese ideale tesame met hul konsepsie van patriargale volgelingskap en groot leiers, 'n kombinasie wat moeilik in ooreenstemming kon gebring word en wat gekompliseer is deur 'n buitengeoon ontwikkelde individualisme en 'n militarisme wat deur die aardheid van die Trekkers self en die aard van die Trek meegebring is.

GEAARDHEID VAN DIE TREKKERS.

Die vroegste boere aan die Kaap was graanboere, maar die onsimpatieke ekonomiese politiek van die Nederlands

Oos-Indiese Kompanjie het as gevolg gehad die uitbreiding na die binneland. Die gebrek aan werksvolk, die groot uitgestrektheid van die land, klimaatstoestande en die maklike sisteem van grondbesit het daartoe gelei dat veeboerdery die graanboerdery vervang het. Veeboerdery het meegebring dat die land minder digbewoon was. Na 1700 het 'n eeu van uitbreiding gevolg wat spesiale eienskappe vereis en ontwikkel het. Vooraan staan die trekgees wat die pioniers al verder vooruit gedwing het 'n wêreld in waar geen swakkeling kon bestaan nie. Hierdie lewe het algehele selfvertroue vereis want die land was nog dun bevolk; die naaste buurman was gewoonlik 'n paar myl ver en die verteenwoordiger van die regering ver agter die rug. Onder sulke omstandighede moes die Boer op homself staatmaak vir beskerming en verdediging; hy moes self voorsien in sy behoeftes, liggaamlik sowel as geestelik. Daar was weinig onderlinge verkeer en in hierdie feitlike isolasie het die grensboer 'n sterk individualisme ontwikkel. 'n Individualisme egter sonder die matigende invloed van onderwys, want laasgenoemde het byna heeltemal ontbreek; en 'n individualisme wat in die Trekker noodlottige gevolge gehad het, naamlik, onderlinge jaloesie en twis, en wat die gesag van die lateropgerigte onafhanklike republieke in die binneland ernstig ondermyn het deur die verontagsaming van daardie gesag deur die onderdane.

DIE AARD VAN DIE TREK.

Tussen die jare 1835 en 1838 het die groot eksodus

uit die Kaap Kolonie plaasgevind. Die Trekkers het die Kolonie verlaat in verskillende groepe, uit verskillende streke van die oostelike en noordoostelike distrikte. Aan die hoof van elke groep was 'n leier wat deur die publiek benoem is, nie juis deur 'n formele verkiesing nie, maar omdat daar 'n algemene konsensus van opinie is (in sy groep) dat hy die geskikste persoon is om die leierskap te aanvaar, en eenmaal aangewys, behou hy die amp. Gewoonlik is hy 'n agtenswaardige of invloedryke persoon in sy omgewing of die famielie patriarg. Hy tree op as die kommandant van die kommandostelsel, wat die grondslag was van die hele militêre organisasie van die Trek, want die Trek het 'n onbekende of miskien vyandelike streek ingegaan en het dus van die staanspoor af die vorm aangeneem van 'n militêre ekspedisie. Die leier of kommandant moes sorg vir alles wat betrekking gehad het op die tog en die veiligheid van die reisgeselskap en is bygestaan in die uitvoering van daardie pligte deur 'n laerkommandant en veldkornet^{te}, ook deur die "publiek" benoem.⁽¹⁾ Oor belangrike sake het die leier die persone in sy groep geraadpleeg deur 'n algemene vergadering te hou van al die persone van die trekparty, wat hom dus adviseer en kontroleer. Die publiek, dit is, 'n vergadering van al die persone van die geselskap het dus 'n belangrike rol gespeel. Die idee van die invloed van "het volk" of "het publiek" was dus sterk aanwesig en kom later herhaalde kere voor in die konstitusionele eksperimente van

(1) Cachet : Worstelstryd der Afrikaners Transvalers
 nn. 114, 155.

die Trekkers.

Solank die trekparty nog nie 'n groot aantal persone bedra het nie, was hierdie stelsel van 'n algemeen-erkende leier en 'n algemene vergadering bevredigend, maar wanneer die verskillende geselskappe later bymekaar kom sou die teenstrydige belange van die leiers en kwessies van kriminele jurisdiksie 'n meer definitiewe en formele organisasie onontbeerlik maak.

Alke leier van 'n trek het kragtens sy posisie die gehoorsaamheid van die lede van sy groep geniet, en in so'n groep bestaan daar dan 'n gevoel van saamhorigheid, 'n soort van groepspatriotisme. Wanneer die verskillende groepe later bymekaar kom is hierdie groepspatriotisme een van die grootste struikelblokke in die weg van die opstelling van 'n algemeen erkende gesag. Die een leier is afgunstig op die ander, en wil nie sy gesag prysgee nie of die outoriteit van 'n ander erken oor persone van sy eie groep nie. Selfs na die afsluiting van die Trek noord van die Vaalrivier het hierdie groepspatriotisme voortgeleef in die politieke partye en hulle stryd teen mekaar.

Hoofstuk 2.

KONSTITUSIONELE REËLINGS IN TRANSORANJE.

Andries Hendrik Potgieter met sy Trek het in 1836 Thaba Nchu bereik en hy het aan die eerste vereiste van 'n onafhanklike republiek voldoen toe hy van die Bataung hoof Makwana die land tussen die Vet- en die Vaalrivier geruil het vir 'n trop vee en die versekering dat die Boere hom onder hulle beskerming sou neem. (1) Intussen het Gert Maritz en sy Trekkers aangekom en hulle het gesamenlik die taak aanvaar om 'n regeringstelsel in die lewe te roep, " 'n goede godsdienstige en burgerlike maatschappelijke in - richting ". (2). Dit was 'n moeilike taak, want die Trekkers het alleenlik uit een klas bestaan, naamlik, veeboere, en politieke ervaring en kennis het ontbreek. Die leiers was jaloes op mekaar en dit kon alleenlik 'n voorlopige maatregel wees want die Trekkers het nog nie eenparig besluit op 'n vaste woonplek nie. Potgieter het gedwing na die Noorde toe en die ander Trekkers het nog nie daaraan-gekom nie.

Die eerste tentatiewe konstitusionele reëlins is getref op Thaba Nchu op 2 Desember 1836 toe 'n volksbyeen-koms gehou is "met de mening om door een algemeen volksstem Rechters aan te stellen die voor het algemene best en vrede zullen moeten waken, die ook te gelyker tyd eene Wetgevende

(1) Pretoria Argiewe: S.S. 1R20/38 Art. 6.

(2) Dagboek Erasmus Smit Voortrekkermense 2 (Preller)p. 61

"Lichaam zullen uitmaken welke Collegie of Lichaam bestaat in Zeven Personen". Die sewe persone "Hoofden" genoem is gekies "tot eene regeringsvorm", en hulle moes "van tyd tot tyd zich stiptelyk houden aan alle zodanige wetten en reglementen als door een algemene vergadering zullen worden vasgesteld" (3)

'n Interessante verskynsel hier is dat die sogenaamde kontrak-teorie van die staat in praktyk gebring word, want 'n kontrak is aangegaan tussen die "Hoofden" aan die een kant en "het volk" aan die ander kant, as volg: die "Hoofden Hun -Edelens hebben onderworpen, om solemeeljk met eede te beloven, naar hunne beste vermogens en onpartydiglyk niet dan de zuiverste rechtvaardigheid te plegen en te doen gedyen, zoo in Civil als Criminele zaken, als mede alle ander zaken betreffende de kryg of oorlog; - waarby ter ander zyde de gemeene mannen, uitmakende het Volk, ook met Bede beloofd hebbende zich getrouw en vreedzaam te onderwerpen aan den uitspraak en bevelen van bovengemelde Hoofden". (4)

"Het Volk", dit is die vergaderde burgers het dus besluit dat die siviele regering sou bestaan uit 'n "Burger-Raad" van sewe hoofde, waartoe die twee leiers, Maritz en Potgieter, en vyf invloedryke persone gekies is. Maritz se naam staan eerste op die lys; hy is "President", dit wil sê voorsitter van die raad. Potgieter, tweede genoem, is "Legerkommandant" (5)

(3) Pret. Arg, SS. 1.R 9/36. Dagboek E. Smit in Voor -
trekkermense 2 p. 67.

(4) Pret. Arg. SS. 1.R/36

(5) Dagboek E. Smit Voortrekkermense 2 p. 67.

Teoreties is die liggaam met al die funksies van die regering bekleed, want eerstens het dit definitiewe opdrag ontvang om as wetgewende liggaam te dien "die gelyker tyd eene Wetgewende Lichaam zullen uitmaken". Tweedens het dit uitvoerende bevoegdheid gehad, want dit het opdrag ontvang om wette te administreer waarop besluit is deur al die persone van die trekgeselskap "als door een algemene vergadering zullen worden vasgesteld". Derdens moes dit dien as geregshof, want die sewe hoofde moes beloof "de zuiverste rechtvaardigheid te plegen en te doen gedyen, zoo in Civil als Criminele zaken".

Die vereniging van die wetgewende, uitvoerende en regterlike magte in een liggaam is, volgens konstitusionele gebruik, nie 'n ideale reëling nie, maar onder die omstandighede was dit waarskynlik die enigste moontlik. Die mag van die liggaam was onbepaal en dit kon maklik aangepas word by nuwe ontwikkelings, terwyl die konsentrasie van die drie magte in een liggaam selfs voordelig kon wees, want in die primitiewe trekkersgemeenskap wat daar bestaan het, was sentralisasie van gesag en spoedige optrede essensieel.

Die reëlings was, wat Potgieter betref, van begin af 'n dooie letter; dit het vir hom teenoor Maritz in 'n ondergeskikte posiesie gestel en hy was nie bereid om sy regte as leier van sy eie trek van buite af te laat inkort nie. Hy het dus doodeenvoudig die jurisdieksie van die raad nie erken nie en homself afgeskei.

Piet Retief, 'n eks-kommandant onder die Britse regering, en 'n man van groot invloed op die Oostelike grens

van die Kaap Kolonie, het in April 1837 onder die Trekkers verskyn, en 'n deel van die Trekkers het uit naam van die publiek hom versoek om algemene leier te word. (6) In April 1837 word gevolglik 'n volksvergadering gehou in die laer van Maritz naby Vetrivier, waar besluit word dat "De Ed. Heer P. Retief wordt Goeverneur; de Ed. heer G.M. Maritz blyft in zyn post als Magistraat" (7). 'n Nuwe raadsverkieping is gehou met die uitslag dat Potgieter se naam heeltemal weggelaat is en een nuwe lid in die plek van die oue gekies is. (8) Die rede vir die weglating van Potgieter se naam is dat hy na die Noorde toe gedwing het terwyl Retief en Maritz na Natal wou gaan. Op 6 Junie 1837 is hierdie bepaling verder deur 'n volksvergadering bekragtig toe Retief, Maritz en die ander lede van die raad hulle ampe afgelê het. Retief het sy pligte aanvaar as "Goeverneur en Opperbevelhebber van 't Algemene leger". Maritz as Regter-voorsitter van die Raad van Poliesie. (9)

Op die volksvergadering van 6 Junie 1837 het die Goewerneur vir 'n sekere J. Scholtz gelas om die "Uit 's volksnaam gemaakte en ingeleverde resolutie van 9 artikelen" voor te lees. Dit was (n negetal reëls wat veronderstel was vir al die Trekkers bindend te wees. Twee sake word daarin beklemtoon: geen aanhanger van "die sendelingsgenootschap van Engelant" sou onder die Trekkers geduld word nie, en almal was verplig om hulle aan die bevele van die

(6) Preller Piet Retief pp. 96, 97.

(7) Dagboek E. Smit Voortrekkermense 2 pp. 94.

9. (9) Ibid. pp. 101-103

(8) Vgl. Pret. Arg. SS. 1.R 9/36 met Bylae 2 in Voortrekkermense 1 p. 299.

gekoose gesagvoerders te onderwerp. Die ander artikels bevat bepalinge wat die uitvoering van die twee gemelde sake wou bewerkstellig en was bedoel om die verdeeldheid wat daar onder die Trekkers geheers het te beëindig. (10)

Sommige geskiedskrywers noem die sogenoemde Nege Artikels die eerste voortrekker grondwet (11), 'n benaming wat nie heeltemal toepaslik is nie. Daarin is geen voorsiening gemaak vir die daarstelling van staatsorgane of 'n beskrywing van die magte en pligte van sulke organe nie. Die algemene vergadering waar Retief, Maritz en die ander lede hulle ampsede afgelê het is gehou op 6 Junie 1837, die nege artikels is gedateer 5 Junie 1837 en is goedgekeur op 6 Junie 1837 by Vetrivier. Hulle is bevat in 'n brief gerig aan "P. Retief, Oppegebieder van onzen vereenige maatschepy en deesen Laagen " en word beskryf as, "Resolusien die door den geheele raat van het Maatschepy van deezen vereenigin Laagen zullen moeten worden opgevolgt, naagekoomen en met solemneele Eeden worden gestaafd". (12).

Die nege artikels is 'n paar resolusies wat lojaliteit wil bewerkstellig aan 'n konstitusie wat alreeds bestaan het. Die tweede resoluție bepaal "dat allen Rechters en leeden zoowel van kerkelyke als lant die door den volkstem of hoogt gebieders zyn - (zaken) en allen anderen die en eenigen officieelen betrekking staat in het uitoefening van hunen vunktie zullen worden geeerbiedig en gehoorsaam op straffe als volgtgeens den uitspraak van de goeverneur en

(10) Pret. Arg. SS. 1.R 10/37 .

(11) Preller: Piet Retief p. 111. Die:Gesk. vir S.A.2 p.316.

(12) Pret. Arg. SS.1.R 10/37.

raaden". Hierdie resolusie neem klaarblyklik aan dat amptenare alreeds bestaan het. Die eerste konstitusie is dus by Thaba Nchu opgetrek toe daar voorsiening gemaak is vir uitvoerende, wetgewende en regterlike magte gekonsentreer in een liggaam bestaande uit sewe hoofde. Hierdie konstitusie is uitgebrei met die verkiesing van Retief as goewerneur maar is nie vervang deur die sogenaamde nege artiekels nie.

Verder lig word gewerp op die regeringstelsel wat daar bestaan het deur die instruksies aan kommandante en veldkornette alreeds deur die Goewerneur-in-Rade opgestel op 21 Junie 1837 en geteken deur Retief as Goewerneur. (13). Die werksaamhede in hierdie instruksies voorgeskrewe moes die veiligheid van die Trek deur 'n onbekende en miskien gevaarlike gebied verseker. Die kommandante moes sorg dra vir die uitstuur van patrollies, die laers as 'n geheel laat voortbeweeg, afdwaling verhinder, toesien dat weiveld nie onnodig afgebrand word nie, waak teen onnodige vernieling van wild, sorgdra dat geen bediende mishandel word nie en dat niemand deur geweld besit neem van kinders van Boesmans of ander inboorlingstamme nie. In die uitvoering van hierdie pligte sou die kommandante bygestaan word deur die veldkornette. Uit die instruksies blyk duidelik dat die volgende amptenare mag uitgeoefen het, naamlik, 'n Goewerneur, 'n Hoofkommandant en 'n voorsitter van die Raad van Polisie en hulle verhoudings teenoor mekaar is as volg bepaal: Die kommandant moes na verloop van elke maand behoorlik rapport maak aan die goewerneur en by sy afwesigheid aan

(13) Chase: Natal Papers 1 p. 116.

die voorsitter van die Raad van Poliesie.

Wat betref die regspleging blyk dit dat Maritz op 5 Junie 1837 sitting geneem het in sy kapasiteit as regter of landdros bygestaan deur sy heemrade, en hulle het verskillende sake verhoor. (14). Daar was ook vrederegters "om kleine voorkomende geschillen uit de weg te ruimen". (15).

Dusver is kennis geneem van drie liggame wat konstitusionele funksies uitgeoefen het. Die "Burger-Raad" of sewe hoofde van die Thaba Nchu reëlings, 'n Raad van Poliesie met 'n voorsitter en 'n landdros en heemrade. Volgens die Thaba Nchu konstitusie was Maritz voorsitter of president van die sewe hoofde, kragtens die reëlings by Vetrivier op 6 Junie 1837 was hy tweede in rang onder Retief, dit wil sê, voorsitter van die Raad van Poliesie, en hy tree opk op as landdros met vyf heemrade. Die drie liggame, die Thaba Nchu Raad, Raad van Poliesie en Raad van Landdros en Heemrade kan dus as een en dieselfde liggaam beskou word. (16). Daar was egter die verskil dat waar Potgieter saam met Maritz die konstitusie in Desember 1836 in die lewe geroep het, hy nou gladnie meer deelneem aan die verrigtings van die raad nie. Die goewerneur en die Raad van Poliesie was die hoogste uitvoerende gesag; dit getuig die Instruksies aan kommandante en veldkornette van 21 Junie 1837 deur die Goewerneur-in-Rade opgestel en geteken deur Retief as goewerneur, asook 'n brief van 21 Julie 1837 aan die goewer -

(14) Aanhalings uit Dagboek van J. Scholtz in die Zuid Afrikaan 1837.

(15) Dagboek E. Smit Voortrekkermense 2 p. 102.

(16) Vgl. name van lede van die Thaba Nchu Raad in R9/36 met name van lede ingesweer op Vetrivier 6 Junie 1837 in Voortrekkermense 1 p. 299. Bylae 2.

neur van die Kaap Kolonie vir onbelemmerde handel en "dat wy als een vrye en onafhankelyk Volk willen Erkend worde". Die brief is geteken deur "Piet Retief en Gerhardus Marthinus Maritz de Eerste als Gouverneur en de tweede als President Rechter van de Raad van Politie". (17)

Die regering het dus bestaan uit 'n goewerneur op 'n algemene volksvergadering gekies deur die algemene stem van "het volk", bygestaan deur 'n raad van sewe lede (Raad van Poliesie). Die voorsitter van die raad was ook die hoogste regterlike amptenaar en is bygestaan deur die ander lede as heemrade. Alhoewel die raad ook nomineel 'n wetgewende liggaam was, is alle belangrike sake voor 'n algemene vergadering gelê en beslis, wat dus die hoogste gesag was van die gemeenskap.

Hierdie eerste konstitusionele reëlings kon alleen tydelik wees; komplikasies het ontstaan as gevolg van die aankoms van ander Trekke, jaloesie van die leiers, en onenigheid omtrent die algemene trekrigting, want die Trekkers het hulle nog nie gevestig op 'n vaste woonplek nie. Potgieter het nie die leierskap van Retief, die gesag van die Raad van Poliesie of die geldigheid van die nege artikels, wat al die Trekkers wou bymekaar hou, erken nie, en op die vergadering van 6 Junie 1837 is 'n besluit geneem waarmee hy gladnie eens was nie, naamlik om na Natal te gaan om daar 'n onafhanklike staat te stig.

Kort hierna het Piet Uys en sy geselskap aangekom. Hulle was nie van plan om hulle aan die besluite van die volksvergadering te onderwerp nie. Hulle mikpunt was ook (17) Brief in Voortrekkermense 2 Preller p. 280.

Natal maar die regering deur Maritz en Retief geskep het Uys nie erken nie, (18) want op 'n vergadering deur Uys en sy volgelinge gehou op 14 Augustus 1837 stel hulle 'n reeks besluite op waaronder die volgende : Hulle gaan na Natal, Port Natal sal hulle hawe wees, hulle trek onder hulle eie hoofde en is vas besluit om hulle nie aan enige wette deur 'n paar persone vir al die Trekkers opgestel, te onderwerp nie, en wat hulle sou verneder van 'n staat van ballingskap tot een van slawerny. Na hulle aankoms in Natal sal hulle aan 'n groot volksvergadering deelneem en hulle vertrou dat daar 'n behoorlike volksregering op die grondslag van die Verenigde State van Amerika tot stand gebring sal word.(19). Alhoewel op 'n groot volksbyeenkoms getrag is om die verdeeldheid teen te gaan en die geskille tussen die leiers op te los, het dit nie geluk nie, want op 'n vraag van iemand hoe dit nou met die Trek sal gaan, antwoord Uys:"Een ieder gaat zyn weg: deze voor; anderen op zyde; genen zullen achteraan komen". (20).

Piet Retief het Natal binne getrek en op 4 Februarie 1838 is die Akte van Sessie geteken waardeur Port Natal en omliggende land, tussen die Umzimvubu en die Tugela riviere aan Retief en sy landgenote deur Dingaan afgestaan is. (21). Retief is egter kort daarop vermoor voordat hy sy staatstiging in Natal verwesenlik het. Intussen het Potgieter en

(18) Dagboek E. Smit in Voortrekkermense 2 Preller p. 125.

(19) Chase: Natal Papers Deel 1 p. 103.

(20) Dagboek E. Smit in Voortrekkermense 2 Preller p. 129.

(21) Preller: Piet Retief p. 255.

Uys die Matabele verslaan, Umzilikazi het oor die Limpopo gevlug en Potgieter het aanspraak gemaak op grond wat in besit van die Matabele was van die Vaal tot by Soutpansberg en die Kalamarie tot by Kenosterpoort. (22). Dit het Potgieter versterk in sy besluit om Noordwaarts te gaan.

Maritz het as voorsitter van die raad 'n soort van algemene leierskap oor die Trekkers wat oor die berge gekom het, uitgeoefen gedurende die afwesigheid van Retief, maar sy gesag is nie algemeen erken nie, en hy kon nie die mense bymekaar hou nie want hulle het in famielie en vriende groepe laers gevorm.

Potgieter en Uys het uit die hoëveld aangekom om die strafekspediesie te lei, en die stryd oor algemene leierskap het weer erg geword. In Maart 1838 is op 'n volksvergadering bepaal dat "de Heer Maritz blyft in zyn post en is nu ook Heer van de Weeskamer zowel als van de Boedelkamers", inrigtings wat deur die moorde dringend noodsaaklik geword het. Uys is "door de volkstem gekozen tot Generale Veldkommandant" en deur die "wetgevende lichaam" dit is die raad onder voorsitterskap van Maritz, is regulasies en instruksies opgestel vir die kommandante. (23) Die strafekspediesie het misluk, Uys is gedood en Potgieter het hom teruggetrek na die Noordelike binneland. (24)

(22) Pret. Arg. SS. 1 R 49/39. Bird Annals of Natal 2 p. 203
Walker: Hist. Atlas of S.A. p. 14.

(23) Dagboek E. Smit in Voortrekkermense 2 Preller p. 188.

(24) Ibid. p. 195.

Hoofstuk 3.

DIE REPUBLIEK NATAL.

A.W.J. Pretorius het onder die Trekkers verskyn en is tot Hoofkommandant benoem. Wat betref krygsake het hy met die kommandante en veldkornette die krygsraad gevorm wat die reëling van die kommando in hande gehad het. Uiteindelik het die oorwinning by Bloedrivier gevolg en dit het 'n meet geordende siviele regering moontlik gemaak deur die verwydering van die dreigende gevaar en die afloop van oorlogstoestande.

Met die moord van Retief het die goewerneurskap vir goed van die toneel verdwyn. Reorganisasie van die bestuur inrigting van die Trekkers was nodig en alreeds op 'n algemene byeenkoms van 25 Mei 1838 van die Trekkers "handelende over hun tegenwoordige staat" is bepaal dat 'n kommissie "instruksies voor al de burgeramptenaren" moes opstel. (1) Op die kommissie was onder andere J.N. Boshoff, 'n vrede-regter van Graaff-Reinet, geoefen in administratiewe werk. Hy was op besoek by die Trekkers. Die werk van die kommissie was al gou klaar en die produk daarvan was die sogenaamde "Regulationen en Instruktionen voor den Raad van Reprezentanten van het volk aan Port Natal en omliggende land". (2).

Dit het meer die vorm gehad van 'n duidelik uitge-

(1) Dagboek E. Smit Voortrekkermense 2 pp. 207, 208. Vgl. met Cloete: *The Great Boer Trek etc.* p. 129.

(2) Voortrekker Wetgewing Preller p. XII. Vgl. met Dagboek E. Smit Voortrekkermense 2 pp. 207, 208, 210, 212.

werkte grondwet en het die eerste tentatiewe pogings in hierdie rigting, toe die Boere nog anderkant die berge aan trek was, vervang en aangevul. Opmerklik is dat van die bekende staatsdriedeling wat destyds die grondslag was van byna iedere welgeordende staatsinrigting, hier net die eerste twee sake behandel word, naamlik, die wetgewende en regterlike magte, terwyl die uitvoerende gesag nog nie duidelik onderskei word van die Volksraad nie. Hierdie gebrek is, volgens getuienis van Cloete, nie aan Boshoff te wyte nie, want hy skryf hieroor as volg: "On that point I have reason to believe his own sensible and practical views were overruled or made to succumb to the stern republican feeling of the majority of the inhabitants, who appeared to have been so inflated with their own ideas as to their power of governing the country collectively that they almost unanimously resisted every proposition of becoming subject to any permanent chief or supreme head". (3)

Die Wetgewende Mag: Daar is voorsiening gemaak vir 'n Volksraad wat aanvanklik geheet het "Raad der Representanten van het volk", en dit het byna altyd sittings gehad op "Pieter Mauritz Burg". (4) Hierdie raad het bestaan uit 24 lede wat tussen 25 en 60 jaar oud moes wees. Die raad is deur die volk by meerderheid van stemme gekies vir 'n tydperk van een jaar en elke persoon oor die ouderdom van 21 jaar sou 'n stem in die verkiesing hê. Later is bepaal dat

(3) Cloete: The History of the Great Boer Trek etc. p. 129.

(4) Aangelê Okt. 1838. Sien Dagboek E. Smit Voortrekker - mense II p. 247.

die lede besitters moes wees van vaste eiendom en dat vreemde-
delinge verkiesbaar sou wees na drie jaar inwoning. Elke
lid van die raad moes 'n ampseed aflê. Twaalf persone het
'n kworum uitgemaak en besluite is geneem by meerderheid
van stemme. Ingeval daar nie 'n voldoende aantal lede teen-
woordig was nie, kon tydelike lede uit die aanwesige publiek
gekies word waardeur die vereiste kworum getal van twaalf
sou bereik word. Alhoewel dit bepaal is dat die Volksraad
sou bestaan uit 24 lede, word voorsiening gemaak vir uitbrei-
ding as volg: "Elke party die geduriglyk na dato dezès zich
onder onze Maatschappy mogte komen neder te zetten zal ge-
regtigd zyn 'n persoon van hen te kiezen als een lid dezès
Raads der Reprezentanten - hetwelk continueeren zal tot dat
de Raad het getal van twee en zeventig personen zal bereikt
hebben". (5) In werklikheid egter, het die getal op 24 ge-
bly.

In sy verslag aan Napier sê Kommissaris Cloete: "Imme-
diately after Retief's death (who appears to have been con-
stituted as a permanent governor) the people determined to
establish a government of a still more popular and democra-
tic nature than before.... twenty-four persons were
chosen to officiate during the year.... for the Volksraad.
Their office is entirely honorary and no chief or president
is acknowledged but at each sitting some one of the members
is merely called to the chair. Their regular sittings are
fixed quarterly". (6) Ofskoon die bedoeling was om gereëlde

(5) Regulasien en Instruksies. Art. 15. Preller Voortrekker
Wetgewing p. XII.

(6) Bird: Annals of Natal II p. 207.

sittings te hou, tog het die sittings nie gereëld plaasge -
vind nie maar was afwisselend na gelang van omstandighede.

Van die mag van die Volksraad skryf Cloete as volg:
"Their power seems quite unlimited for all political and
legislative functions. They assume the power of granting
lands, imposing duties, making treaties with neighbouring
tribes, making all appointments of landdrosts, fieldcornets,
&c, and no sentence of death can be carried into effect
without its sanction." (7)

Tot Julie 1842 het die Volksraad werklik alomvattende
magte besit. Dit het wette en instruksies gemak; in die
notule van 7 April 1845 is 'n verwysing na 'n 64ste ordon-
nansie, 'n bewys dus dat die Volksraad heelwat wette vasge-
stel het. Dit het behandel allerhande kwessies omtrent oor-
log en vrede, die aanstelling van amptenare, finansies, na-
turelle, sendinggenootskappe, onderwys en godsdiens, publie-
ke werke, die uitlê van dorpe, dorps- en waterregulasies,
verkoop van plase en vee, konsessies, pensioene, bekragti -
ging van hofvonnisse, verhoor van klagtes en het in hof -
appêlsake die hoogste ressort gevorm. Die Volksraad was
dus nomineel die draer van die hoogste wetgewende en uit -
voerende gesag en het ook magistrate (landdroste) en heem-
rade aangestel om reg te spreek en het hulle bevoegdhede
bepaal. Dit het 'n mag uitgeoefen oor alles en almal,
selfs tot sekere hoogte inbegrepe die neersittings aan
Mooirivier (Potchefstroom) en Vet- en Sandrivier (Winburg)⁽⁸⁾.

(7) Bird: Annals of Natal II p. 207.

(8) Pret. Arg. Nat. Not. 7 Sept. 1839. Art. 3.

Die prosedure van wetgewing was uiteraars eenvoudig. Resolusies is geneem by meerderheid van stemme by elke vergadering na aanleiding van memories of versoekskrifte, rap - porte of klagtes van amptenare, ontvangs van briewe of verskyning van persone voor die Volksraad.

Die publiek het partykeer probeer om invloed uit te oefen op die Volksraad wat sitting geneem het met oop deure. Cloete sê later hiervan: "At every meeting of the Volksraad (which is held with open doors) if any measure is to be adopted, a collection from the public, as it is called, takes place to carry the same; and with such a pressure from without, there is hardly anything proposed which is not immediately adopted by persons individually irresponsible, and who fall back immediately in the crowd which has called for such measures". (9) Vanaf September 1840 moes die kommandant sorgdra dat daar by alle sittings 'n Burgerwag, bestaande uit 'n veldkornet en drie man, aanwesig was "om alle ongereegeldheden welke ontstaan mag in of om de Raad zaal tegen te gaan". Dis egter nodig gevind om die mag te versterk en gevolglik is 'n brief aan die Kommandant - Generaal gerig waarin die volgende voorkom: "Van tyd tot tyd grote ongereegeldheeden en verwarringen in de gewone Volksvergaderingen zowel als by de Hof van Landdt. en Heemraden plaats vindende; zoo word Uw. Ede genoodigd by alle gewoone Volksvergaderingen en andere amtsbyeenkomsten een wagt van 10 man met een offisier te commanderen ten einde bescherming te verlenen in de uitoefening hunner openbare

(9) Bird: Annals of Natal II p. 208.

besigheden". (10)

Uitvoerende Mag: Die grootste leente aan hierdie grondwet was die gebrek aan 'n sterk uitvoerende orgaan apart van die wetgewende mag. Met die verdwyning van die Raad van Politiesie by die opstelling van 'n nuwe regeringstelsel het die uitvoerende liggaam heeltemal verdwyn. Die Volksraad het elke keer wanneer dit vergader het, 'n voorsitter gekies vir die vergadering, maar daar was geen Goewerneur of President nie en hierdeur het kontinuiteit verlore gegaan. Terwyl die Volksraad in sitting was het dit behalwe wetgewende ook uitvoerende funksies vervul, soos byvoorbeeld, briewe aan verskillende persone, verdrae met kafferhoofde, korrespondensie met die Britse regering en instruksies aan militêre bevelvoerders. (11) Tussen die sittings egter was daar geen permanente regering nie.

Op 25 Februarie 1842 het die Volksraad, vermoedelik deur ondervinding daartoe gelei "aangezien dat er dikwerf voorvallende omstandigheden hebben plaats gevonden buiten de bepaalde gewone vergaderingen van den Raad, waar in de publieke belangens het onvermydelyk maakte dat dadelyk voorzieninge worde gemaakt" besluit om 'n kommissie in die lewe te roep, die sogenaamde Raadskommissie. "Daar de toenemende bezigheden van den Raad in het algemeen en de tegenwoordige tyds omstandigheden in het biezonder vereischt, dat er een onafgebroken landsbestier of uitvoerend gesag sal blyven bestaan, om by elke gelegenheid wanneer daar toe noodzakelik -

(10) Pret. Arg. Nat. Not. 3 Sept. 1840 Art. 6. 29 Sept. 1840 Art. 25.

(11) Pret. Arg. Nat. Not. 3 Sept. 1840 Art. 7.

heid mogt bestaan, het gezag van deze Raad in ekstraordie -
naire gevallen uit te oefenen; Is besloten, dat een Commis-
sie uit deze Raad, bestaande uit ten minste 5 leden by-een
vergaderd zynde, geregtigd zal zyn bepaalingen te maken, or-
ders uit te vaardigen en voor de publieke dienst in alle op-
zigten zoodanig te voorsien in den naam en op het gezag van
deeze Raad, als door de Raad self zouw kunnen worden gedaan,
zullende echter hunne handelingen by de eerstvolgende gene -
rale zitting altoos tot nadere bekrachtiging of verandering
etc., aan de Raad moeten worden voorgelegd." (12) Die sit -
tings van hierdie raadskommissie moes gereeld plaasvind op
die tweede Maandag van elke maand. Dit het bestaan uit nie
minder as vyf lede van die Volksraad, wat in die dorp aan-
wesig was en het in spoedeisende gevalle vergader en 'n
voorlopige besluit getref wat onderhewig was aan die goed -
keuring van die volledige Volksraad. Dit was egter nog g'n
uitvoerende liggaam nie en het geen onafhanklike outoriteit
uitgeoefen nie, want al die besluite moes goddgekeur word
deur die volle Volksraad in sy eersvolgende sitting. Dit
was 'n liggaam wat die werk van die Volksraad moes vergemak-
lik, daar dit feitlik onmoontlik was vir die Volksraadslede
om meer dikwels bymekaar te kom.

'n Aparte uitvoerende mag het daar dus nie bestaan
nie, want die Natalse konstitusie was 'n reaksie teen die
sentralisasiepolitiek van Retief. Dringende uitvoerende en
administratiewe werk is verrig deur verskillende liggame en
persone. So het bevoorbeeld naas hierdie beskrewen konsti -

(12) Pret. Arg. Nat. Not. 25 Feb. 1842 Art. 3.

tusie die ou oorgeërfde militêre stelsel bly voortbestaan, en was dit in baie opsigte van meer betekenis as die nuwe konstitusionele reëlings. Andries Pretorius het sy amp as Hoofkommandant behou (tot 1840) en assulks, sowel as deur sy persoonlikheid het hy veel meer invloed gehad as die wisselende voorsitters van die Volksraad. Die pos van Kommandant-Generaal (voor Aug. 1840 was sy tittel Hoofkommandant en daarna Kommandant-Generaal) was baie belangrik. (13) Hy het party van die pligte van 'n uitvoerende mag waargeneem en aan hom is opgedra die uitvoering van allerlei belangrike take deur die Volksraad. Onder meer is aan hom opgedra die toesig oor kaffersake in die republiek. Dit was natuurlik deel van sy militêre pligte maar hy was ook verantwoordelik vir die siviele en politieke administrasie daarvan. So is aan hom opgedra die toesig oor markte en handel met die kaffers en hy was verantwoordelik vir die uitvoering van die segregasie-politiek waarop deur die Volksraad besluit is. (14) As Hoofkommandant kon hy Volksraadsvergaderinge bywoon maar hy het geen stem gehad nie.

Toe op 6 Maart 1840 'n memorie deur 127 persone geteken voor die Volksraad gelê is "om den Hoofd Commandant A.W.J. Pretorius tegelyk als lid van den Raad en als Hoofd Commandant te laten dienen daar ze een besluit van den Raad hebben gezien geen lid van den Raad een andere post bekleeden zal en hem beschouwd als een der voornaamste personen als een Hoofd Commandant te zyn", hierop besluit die Volks-

(13) Pret. Arg. Nat. Not. Vgl. 5 Junie 1840 Res. 2 met 5 Aug. 1840 Res. 2.

(14) Pret. Arg. Nat. Not. 3 Jan. 1842 Res. 3, 2 Aug. 1841 Res. 3.

raad "dat byde posten niet tezamen zal bekleed worden;" en onmiddellik daarop "dat bepaald is dat van nu voortaan geen Hoofd Commandant zal bestaan maar by elke geleegenheid een zal gekozen worden". (15) Die pos was dus opgehef en is in oorlogstye 'n Kommandant-Generaal deur die Volksraad gekies en aangestel. Die saak kon egter nie so maklik afgehandel word nie. Memories teen die besluit het die Volksraad bereik en in April 1840 word alweer van so'n amptenaar melding gemaak in die notule van die Volksraad. Dit is maklik te verstaan; by die gebrek aan 'n permanente staatshoof, die aanwesigheid van 'n groot inboorling bevolking en later dreigende oorlogsgevaar, was hy 'n onmisbare persoon. A.W.J. Pretorius het meesal die betrekking gevul en veral by oorlogsgevaar het die Volksraad altyd op hom teruggeval. So besluit die Volksraad op 21 Februarie 1842 "dat by meerderheid van stemmen als Commt. Gl. gekozen is den Wel Ed Heer A.W.J. Pretorius voor zo lange de dreigende gevaar van het Engelsch Gouvernement ons bedreigt; na dien tyd zal by elke geleegenheid van noodzakelykheid wanneer nodig bevonden word een Commando op te roepen, een Comt. Gl. aangesteld of gekozen worden", met die verstandhouding "dat die aanstelling zal zyn temporair, en ophouden zodra als de vrede zal zyn hersteld". (16)

Ander persone wat administratiewe werk verrig het was die aangestelde amptenare, kommandante, veldkornette, landdroste, 'n generale ontvanger, 'n registrateur van trans -

(15) Pret. Arg. Nat. Not. 6 Maart 1840 Res. 6 en 7.

(16) Pret. Arg. Nat. Not. 21 Feb. 1842 Res. 3, en 14 Maart 1842 Res. 3.

porte, 'n weesheer, 'n hawemeester, 'n hawekommandant, en ander laer amptenare deur die Volksraad aangestel.

Die pos van landdros was veral 'n uiters belangrike, want behalwe die beslegting van regskwessies moes hy publieke aangeleenthede reël en was dus 'n belangrike administratiewe amptenaar. So word bevoorbeeld op 9 Junie 1840 deur die Volksraad vasgestel "dat de Landdrost en twee Heemraden van ieder dorp of district het Gouvernement zal vertegenwoordigen en vooral in het bepalen der dorps lemieten om denzelve ten voordeligste voor publieke nut te doen inspecteren". (17) In dieselfde maand is landdroste van die buitelandse distrikte aangestel as "Agenten van de Weeskamer". (18). Enkele landdroste het bowendien nog spesiale opdragte van die Volksraad ontvang; die landdros van Port Natal het in Junie 1841 opdrag ontvang om kwarantaine maatreëls te tref vir inkomende skepe. (19) Die landdroste het ook instruksies van die Volksraad ontvang "om den Veldcornets aan te schryven om een lyst intezenden van alle manschappen dat onder aan sorteer." (20) Huwelike is ook voor landdros en heemrade voltrek. Die landdros was dus 'n belangrike amptenaar dikwels belas deur die Volksraad met die uitvoering van take waarvoor daar geen uitvoerende of administratiewe masjienerie bestaan het nie, en die nouste verband is gedurig bewaar tussen die Volksraad en die landdroste.

Belangrike liggame was die sogenaamde kommissies.

(17) Pret. Arg. Nat. Not. 9 Junie 1840 Res. 4.

(18) Pret. Arg. Nat. Not. 9 Junie 1840 Res. 11.

(19) Pret. Arg. Nat. Not. 16 Junie 1841 Res. 6.

(20) Pret. Arg. Nat. Not. 19 Junie 1841 Res. 4.

Hulle is deur die Volksraad aangestel om sekere sake te behartig; so was bevoorbeeld aangestel 'n "Comite uit den Raad tot tekenen der grondbrieven", 'n "Commissie naar Paan-da", 'n kommissie na Potchefstroom om vereniging tot stand te bring, 'n "Comite tot onderzoek van alle administratien" en 'n "Comite ... om een opdrag te vervaardigen onder welke bepalingen aan het Engelsche Gouvernement zal gevraagd worden om (ons) als een vry volk te verklaaren". (21)

Regterlike Mag: Die samestelling van die regspleging in die Republiek Natal is bepaal deur "Regulationen en Instructien voor den Regter of Magistraat" (22) en ander aanvullende resolusies van die Volksraad. Die mag aē van die Volksraad as hoogste regsplegende liggaam word in hierdie regulasies beklemtoon en daar word voorsiening gemaak vir uitbreiding as volg: "Er zullen een of meer magistraten zyn naar vereisch van omstandigheden en de uitgestrektheid der bevolking, door den Raad van Representanten van tyd tot tyd worden benoemd en aangesteld, en de limieten van hunne jurisdictie by die aanstelling bepaald". (23) Die uitgestrektheid van die bevolking en omstandighede het meet vereis en gevolglik is die Republiek in distrikte verdeel, naamlik, Pietermaritzburg, Weenen en Port Natal (Congella), elk met sy landdros, en selfs ook "aan de andere zyde Drakensberg". (24)

Die uitoefening van die regspleging in siviele sake het berus in drie howe, naamlik, die hof van magistraat,

(21) Pret. Arg. Nat. Not. 2 Aug. 1841, 22 Feb. 1842, 10 Aug. 1840.

(22) Preller: Voortrekkermense I p. 304 en Voortrekker Wetg. p. XIII.

(23) Preller: Voortrekker Wetgewing p. XIII. Art. 1.

(24) Pret. Arg. Nat. Not. 7 Sept. 1840 Res. 3.

magistraat en heemrade, en magistraat en twaalf jurielede. Die magistraat (landdros) sou jurisdiëksie hê in alle siviele sake sonder ap^pel waarin die saak in dispuut nie die waarde van 20 Rds. betref het nie, in sake waarin die waarde van 20 Rds. oortref is, het die magistraat met ses heemrade deur die Volksraad gekies, beslis. Teen die beslissing van hierdie hof kon appel aangeteken word na die hof van magistraat en "twaalf gezworenen uit het volk". (25) In hierdie hof van landdros en jurie moes twee-derdes van die twaalf jurielede ooreenkom om tot finale beslissing van die saak te geraak. Die eienaardige Britse instelling, die juriestelsel wat by die demokratiese ideale van die volk aan-klank gevind het en waarmee hulle in die Kaap Kolonie bekend geraak het, het dadelik opname gevind. Elke burger tussen die ouderdom van 21 en 60 jaar, en daartoe geskik gegag, kon deur die landdros opgeroep word om as gesworene te dien vir 'n tydperk van een jaar. Sitting sou om die drie maande gehou word, by weiering om te dien sou boete opgelê word.

Vir die verhoor van kriminele sake was daar ook drie howe. Die landdros alleen het jurisdiëksie gehad in elke saak waarin 'n geldboete van 10 Rds. gehef of gevangenis van nie langer as ag dae geëis word nie. In kriminele sake waarin die geldboete tot vyf ponde sterling, of gevangenis tot een maand betrokke was, het die landdros met sy heemrade besluit. Hierteen kon ap^pel aangeteken word op dieselfde

(25) Preller: Voortrekker Wetgewing p. XIV Artt. 2 en 3.

wyse as in siviele sake. In sake "waar de doodstraf of ban-
nissement uit het land bedreigt wordt" moes die saak onder-
soek word deur landdros en heemrade in die teenwoordigheid
van twaalf gesworene en wanneer die gesworene eenparig 'n
uitspraak van skuldig uitbring, moes die vonnis uitgespreek
word deur die hof van landdros en heemrade. Dit is vasgestel
dat "de Hollandsche regtspleging, zoo civiel als crimineel,
zal tot een basis moeten worden genomen in alle zaken waar-
voor by plaatselyke regulatien of wetten, geene voorziening
gemaakt is".

Die oppergesag van die Volksraad as regsplegende lig-
gaam is as volg vasgelê: "'S VolksRaad moet alle crimineele
vonnissen eerst fiateeren eer die kunnen worden uitgevoerd,
en in alle gevallen zal gem. Raad het regt hebben, boetens
of andere straffen vry te schelden, of te verminderen". (26)
Van hierdie mag het die Volksraad gebruik gemaak en in ver-
skeie gevalle het dit rewiesie gemaak van vonnisse deur die
hof van landdros en heemrade en deur die hof van landdros
en jurie uitgespreek. (27). Later is besluit "dat voortaan
allen zaken van Apél voor den Raad zal gebragt worden tot
een disiesie totdat er nadere voorzieninge in zal genomen
worden". (28) Op 14 Julie 1841 is verder deur die Volksraad
vasgestel dat waar by die verhoor van 'n appélsaak voor die
Volksraad nie 'n voldoende aantal volksraadslede teenwoor-
dig is nie "dat aan die Raad zal vrystaan om van de tegens-

(26) Preller: Voortrekker Wetgewing pp. XIII-XVI.

(27) Pret. Arg. Nat. Not. 7 Nov. 1839 Res. 2. 3 Jan. 1840
Res. 10. 4 Jan. 1840 Res. 1.

(28) Pret. Arg. Nat. Not. 13 April 1841 Res. 8.

woordige personen het ontbrekend getal intesworen om in zoda-
danig biezondere geval een hof van Apèl vol te maken". (29).

Krygsmag: Onder^{die} kommandant-generaal het die komman-
dante en veldkornette gestaan. Dit was die plig van die
Kommandant - om met behulp van die kommandante en veldkor-
nette - toesig te hou op publieke veiligheid en volgens
krygswet, in geval van onluste of oorlog, handelend op te
tree; wanneer die veldkornette dan die burgermag uitroep.
Kommandos het vir hulself 'n krygsraad gekies, bestaande
uit die Kommandant-Generaal en offisiere. Die Kommandant-
Generaal sowel as die kommandante en veldkornette het direk-
te opdragte van die Volksraad in verband met hulle bogemel-
de pligte en ook betreffende ander kwessies, ontvang.

Die Republiek was verdeel in twaalf veldkornetskappe,
wat ook kiesafdelings was. Die veldkornette (sowel as lede
vir die Volksraad) twee uit elke veldkornetskap) is gekies
op algemene vergaderings van die inwoners van die veldkor-
netskap. Op hierdie vergaderings is resolusies van die
Volksraad bekend gemaak en die publiek het ook van die ge-
leentheid gebruik gemaak om hulle invloed te laat geld deur
petiesies of memories op te trek oor sake van plaaslike be-
lang, en hulle aan die Volksraad gerig.

VERHOUDING VAN NATAL MET POTCHEFSTROOM EN WINBURG:

Tussen die Vet- en Oranjeriviere het na die verhuising
van die Trekkers na Natal nog Trekkers oorgebly, en A. H.
Potgieter met sy emigrante het hulle noord van die Vaalri -
vier gaan vestig in 1838 langs die Mooirivier op gronde

(29) Pret. Arg. Nat. Not. 14 Junie 1841 Res. 2.

waarop Potgieter aanspraak gemaak het na sy oorwinning oor die Matabele en hulle ontruiming van die gebied. (30)

Hier het vae voortekens van 'n "Volksraad" begin sigbaar word wat die wetgewende mag uitgemaak het van die distrikte Potchefstroom en Winburg. (31). 'n Volksraad wat bo elke mag of persoon in die land gestaan het blyk dit nie te gewees het nie (uit die geringe aantal dokumente wat daar bestaan), maar wel 'n "Raad" wat in sekere mate afhanklik was van ander magte of persone, want A.H. Potgieter en sy krygsraad het die werklike regering uitgemaak. (32) Dat daar so'n Raad bestaan het blyk uit die notule van die Natalse Volksraad van 3 September 1840 waarin die volgende voorkom: "van den Voorzitter Krieger uit de Raad van Hendk. Potgieter gelezen een brief, waarin zy hunne begeerte te kennen geef geneegen te zyn hun met onze Maatschappy te vereenigen wanneer er billyke schikkingen bestaan zal". (33) Verder ook 'n brief van 3 Augustus 1840 gerig deur geregsbode Helberg te Potchefstroom aan "Myn heeren Precedent in Raade". (34) In Winburg was daar 'n hof van landdros en heemrade wat onder die Raad van Potchefstroom gestaan het.

By A.W.J. Pretorius was die idee dat 'n verband tussen al die Trekkers moes behou word, sterk aanwesig. Hy het hom gevolglik sterk in die rigting beywer en deur besoeke aan en onderhandelinge met Potchefstroom en Winburg as lid van 'n kommissie, het hy daarin geslaag om 'n soort van uniale federasie tot stand te bring. Alhoewel die Volks -

(30) Pret. Arg. SS. 1. R 49/39.

(31) Theal: Vol. II p. 375. Leyds: Eerste Anneksasie p. 78.

(32) Preller: Voortrekkermense III. p. 29.

(33) Pret. Arg. Nat. Not. 3 Sept. 1840 Res. 5.

(34) Skenkingspapiere Fam. A.H. Potg. in Pret. Arg.

raad van Natal alreeds 'n sekere mate van gesag wou uitoe-
fen "aan de andere zyde van den Draakenberg" in die helfte
van 1839 (35), is die bestuurlike vereniging van Potchef-
stroom met die Republiek Natal eers finaal gereël in Okto-
ber 1840 toe afgevaardigdes van die Natalse Volksraad in
oorleg "met de gesamdlyke Raat alhier teenwoordig" (dit is
die Raad van Potchefstroom) besluit het om die maatskappye
Natal en Potchefstroom tot een geheel te verenig. (36) Op
die byeenkoms is besluit "dat de plaats genaamt Peter Mou-
riets Burg de hoofd stad sal syn van de vereenegde burgerry".
En verder "dat de Wel E. Heer A.W.J. Pretorius als hoof Be-
stierder over de geheele Volk Planting in het Distrekt van
Natalia - en de Wel E. Heer A.H. Potgieter bestierder van
het distrek Potschefstroom" sal wees, "zullende booven ge-
melde Heeren hunne Instruksie By de Volksraad moete ontvan-
ge". Hierdie ooreenkoms is bevestig deur die Natalse Volks-
raad op 2 Februarie 1841 toe A.H. Potgieter en C.J. Krieger
in die Natalse Volksraad ingesweer is en sitting geneem het
as lede gekies deur die ingesetene van Potchefstroom. Hier-
na is die Raad van Potchefstroom vervang deur die Adjunkraad
van Potchefstroom. Die Adjunkraad het uit twaalf lede be-
staan gekies deur en uit die inwoners van Potchefstroom en
dit het sitting gehad te Potchefstroom. Ag lede sou 'n kwo-
rum vorm. Alle sake betreffende die binnelandse aangeleent-
hede moes eers voor die Adjunkraad gebring word, wanneer die
Raad by meerderheid van stemme sou beslis. Die besluite van

(35) Pret. Arg. Nat. Not. 7 Sept. 1839 Res. 3.

(36) Pret. Arg. Soutter Kolleksie: Akte van Vereeniging.

die Adjunkraad sou provisioneel wees, hangende finale goedkeuring daarvan deur die Natalse Volksraad. Daar is besluit "dat de Raad vooreerst zich zal moeten reguleeren naar de instructie voor deze Raad bestaande en daarop insweeren terwyl 't volstrekt moet worden verstaan dat de gem. Adjunct Raad niet zal worden beschouwd als een separaat Lichaam maar wel als een gedeelte van deze raad zitting houdende in Commithe". (37) Die Adjunkraad moes sy notule en bylae na afloop van iedere sitting na die Natalse Volksraad stuur en minstens tweemaal in die jaar 'n kommissie van tenminste twee lede na die volle raad in Natal afvaardig om "hunne genoemene maatregelen voor te staan en zodanige verdere informatie te kunnen geeven als de raad alhier leiden moet om hunne verrigtingen goed te keuren, modiviseeren of af te wyzen". (38) Kommandant Potgieter sou hom vereers moes reguleer na die instruksies vir die Natalse kommandante, met ander woorde, hy was onderworpe aan die bevele van die Kommandant-Generaal in Natal. Die Adjunkraad moes instruksies opstel vir kommandante, veldkornette en amptenare ter goedkeuring van die Natalse Volksraad. Natal se Volksraadsbesluite is van toepassing verklaar op Potchefstroomse aangeleenthede insake landdroste en heemrade en ook met betrekking tot boedelsake, sendelinge, die aantekening van plase en voltrekking van huwelike.

Die Potchefstroomse Adjunkraad het ook 'n administratiewe mag uitgeoefen oor die emigrante van die distrik Winburg. In 1841 is volgens Natalse Volksraadsbesluite as lid van die Volksraad 'n persoon toegelaat wat daartoe verkies

(37) Pret. Arg. Nat. Not. 2 Feb. 1841. (38) Ibid.

was deur die inwoners van Vetrivier. Die Adjunkraad het ook besluit om plase uit te gee aan die Ket- en Sandriviere en die Natalse Volksraad het dit goedgekeur. (39)

'n Aantal amptenare in die Potchefstroom-Winburg Maatschappy was belas met administratiewe mag want in enkele besluite van die Natalse Volksraad word melding gemaak van die aanstelling van landdroste te Potchefstroom en Winburg, asook van heemrade, 'n kommandant en veldkornette.

Van 'n administratiewe oogpunt beskou kon hierdie los federasie nie 'n sukses gewees het nie; die aanspraak van die Natalse Volksraad op hoogste gesag in gevolg die bepaling dat dit besluite van die Adjunkraad kon afkeur en die afwesigheid van 'n sterk uitvoerende mag sou moeilikhede veroorsaak. Cloete noem dit "an ill-defined species of federal union which may be called in by the weaker power on the northern districts, but dependent only on the volition of that weaker state". Hy sê: "These two districts (Potchefstroom en Winburg) have formed among themselves a council called by them an Adjunct Raad which sends down members here (Pietermaritzburg) whenever they wish to join in any movement or act of the Volksraad; but otherwise they do not consider themselves as of necessity bound to follow up or join in any measures adopted by the Volksraad". (40)

Vanaf die helfte van 1841 begin die Potchefstroomse Adjunkraad tekens van afvalligheid aan die dag te lê, en is besluit deur die Natalse Volksraad " dat deze Raad zich met

(39). Pret. Arg. Nat. Not. 5 Okt. 1841 Res. 1, 9 Okt. 1841 Res. 13, 3-6 April 1843 Res. 19, 20.

(40) Bird: Annals of Natal II p. 204.

geene mogelykheid weerhouden kan hunne niterste verwondering te kennen te geven over de aanmerkingen van den Raad van P. S. Stroom, die deze Raad nog schynen te willen berispen"(41)

Die uitgestrektheid van die gebied en die natuurlike skeidsmuur tussen Natal en die hoëveld wat die binnelandse Trekkers afgesonder het van die Natallers, het 'n nou verband moeilik gemaak. Met die Britse anneksasie van Natal in Junie 1842 het kommandant A.H. Potgieter geweier om hulp te stuur toe 'n oproep gemaak is op die binnelandse kommandante. Op 1 Oktober 1842, dit is, na die anneksasie, het die Adjunkraad 'n geskrif aan die Natalse Volksraad gestuur "waarin de Adjt. Raad te kennen geeft hun ongenoegen dat zy onderworpen zyn aan de Raad van Pieter Mauritz Burg", (42) en hulle het 'n onafhanklike houding teenoor die Natalse Volksraad ingeneem. Die Natalse Volksraad het egter nog 'n poging aangewend aan die begin van 1843 om die federasie met Winburg aan die gang te hou deur die aanstelling van 'n "Committe of Provisieoneele Bestuur van veyligheid zitting houdende te Winburg". Daar is bepaal dat "Twaalf perzoonen zal worden gekoosen door het Publiek van agter de Berg en wanneer noodzakelykheid vereisch zal vyf Leeden het Regt hebben over onvermydelyke omstandigheeden te handelen". (43). Hierdie poging was egter 'n mislukking en die mag van Natal oor die emigrante in die binneland het verminder en uiteindelik heeltemal verval. Vanaf 7 Augustus 1843 word daar in

(41) Pret. Arg. Nat. Not. 11 Okt. 1841.

(42) Pret. Arg. Nat. Not. 3 Jan. 1843. Res. 4.

(43) Pret. Arg. Nat. Not. 19 Jan. 1843. Art. 1.

die verrigtinge van die Natalse Volksraad geen melding meer maak nie van die distrikte Potchefstroom en Winburg, want "nadat de leden ingesworen hebben, en voor er iets besloten was heeft de leden van agter de Berg zich onttrokken om geen stem te hebben". (44) Na die Britse anneksasie van Junie 1842 het die federasie van Natal met Potchefstroom en Winburg opgehou om te bestaan en is dit op 10 April 1844 formeel deur die "Burgersenaat" van Potchefstroom verwerp. (45)

Na die anneksasie het die Volksraad van Natal nog voortgeduur maar was byna geheel magteloos onder die voorwaardes van hulle oorgawe en het somar vanself verloop deur onvoldalligheid op 6 Oktober 1845. Die Republiek Natal en sy verhouding met die emigrante in die binneland het dus tot 'n end gekom. Die konstitusionele eksperiment van die Boere in Natal was van korte duur en die taak om 'n meer duurzame staatstigting deur te voer sou deur die binnelandse Trekkers vervat word.

Aan die status van die Republiek Natal as onafhanklike staat is dikwels getwyfel. Die emigrante in Natal is van Britse sy beskou as Britse onderdane, en 'n akte van die Imperiale regering, die sogenaamde "Cape of Good Hope Punishment Act for the prevention and punishment of offences committed by His Majesty's subjects within certain territories adjacent to the Colony of the Cape of Good Hope", het aan hierdie beskouing die skyn van werklikheid gegee deurdat dit

(44) Pret. Arg. Nat. Not. 7 Aug. 1843.

(45) Pret. Arg. SS. 1. R 120/47 Brief Burgersenaat Potch. aan haad P.M. Burg dd. 10 April 1844.

bepaal het "that the laws which are now or which shall hereafter be in force in the Colony of the Cape of Good Hope for the punishment of crimes therein committed shall be, and the same are hereby extended and declared applicable to all His Majesty's Subjects within any Territory adjacent to the said Colony and being Southward of the Twenty-fifth Degree of South Latitude". (46)

Die Republiek Natal was nooit deur enige moondheid erken as onafhanklike staat nie, en alhoewel die regering hul in die rigting beywer het en met Napier onderhandel het om die erkenning van die onafhanklikheid van Natal van die Britse regering te verkry, het hulle nie daarin geslaag nie. (47) Internasionale gebruik vereis dat 'n pasgevormde staat die erkenning van ander beskaafde state moet verkry om in die ry van volke as lid van die internasionale regsgemeenskap op te tree. In teorie mag daar dus geen sprake wees van 'n onafhanklike Republiek Natal nie; in werklikheid egter het daar so'n republiek bestaan wat 'n eie regering gehad het, belastings opgelê het, oorlog gevoer en op eie gesag verdrae gesluit het.

(46) Eybers: Select Constitutional Docs. No. 94 p. 146.

(47) Bird: Annals of Natal I p. 611.

.....

Hoofstuk 4.

DIE OHRIGSTADSE MAATSKAPPY.

Na die anneksasie van Natal deur die Britse regering het die konneksie van Natal met Potchefstroom en Winburg opgehou om te bestaan. 'n Sekere verband het egter bly bestaan tussen die emigrante in die Noordelike Transoranje te Winburg met die noord van die Vaalrivier. Die Adjunkraad van Potchefstroom is vervang deur 'n Volksraad wat sitting gehad het te Potchefstroom. In die sitting van die Natalse Volksraad van 3 en 4 Junie 1844 is 'n "brief of eene tekenen geven van den Burgerraad van Potchefstroom" waarin nulle formeel die federasie verwerp deur die Volksraad bespreek en is besluit om daarvan 'n afskrif aan die "Engelsch Gouvernement" te stuur. (1)

A.H. Potgieter en sy krygsraad was in baie opsigte die eintlike regering; as Hoofkommandant het hy altyd groot invloed uitgeoefen en die kommandante en veldkornette van die kommandostelsel het onder hom die werklike gesag gevoer. Op 9 April 1844, 'n dag voordat die konneksie met Natal formeel verwerp is, is die sogenaamde Drie-en-dertig Artikels "zynde Algemene Bepalingen en Wetten ... Uit last van den volle Raad" aangeneem. Uit hierdie eienaardige mengsel regulasies betreffende persoonlike gedrag en regterlike procedure is die volgende uit te maak: Die neersetting te Potchefstroom is as 'n "Republiek" betiteld, Voorsiening is

(1) Pret. Arg. Nat. Not. 3 en 4 Junie 1844 Res. 8.

gemaak vir 'n verbeterde regspraak en die Raad was die hoogste geregshof waarvan die sittings in die openbaar moes geskied. Daar is bepaal dat "In alle gevallen waarin deze wetten tekort mogten komen zal de Hollandsche wet tot basis verstreken, doch op eene gematigde stylvorm en overeenkomstig van het costume van Zuid Afrika en tot nut en welvaart van de Maatschappy". Elke jaar moes daar 'n nuwe verkiesing plaasvind "ten einde leden van den Volksraad te kiezen". Melding word gemaak van kommandante, onder-kommandante, veldkornette en 'n landdros. Die Volksraad was die hoogste gesag want daar is bepaal dat "Ieder kommandant, onder-kommandant, veldkornet of assistent veldkornet van de gewapende mag dezer maatschappy die na wettige oproepen van de Raad of burgerlyk gezag zal weigeren de macht die onder zyn bevel staat in het werk te stellen, zal gestraft worden met geldboeten". (2) Op dieselfde dag is ook 'n "Instructie voor Commandants en veldkornets vastgesteld in de vergadering van den Volksraad te Potchefstroom" en aangeneem.

Die Volksraad van Potchefstroom het bestaan tot 1845 en in daardie jaar het 'n verhuising plaasgevind van Potgieter en 'n aantal emigrante na die Noordooste. Potgieter het hom verwyder om die "Punishment Act" te ontwyk en om in verbinding met die see te kom met die oog op latere handelsbetrekkinge met die buiteland. Hier is die dorp Ohrigstad op 30 Julie 1845 gestig. Die grondgebied waarop die emigrante hulle gaan vestig het is verkry deur 'n vrye mon-

(2) Sien Eybers: Select Docs. vir Drie-en-Dertig Artiekels.

delinge afstand van grond van 'n sekere kafferhoof Sekwati aan Hoofkommandant A.H. Potgieter, 'n sogenaamde "Accoord met Capatyn Sekwatie". (3)

Die naam van die neersetting was "Maatschappy der Zuid Hollandsche Emigranten binnen de 26ste graad Z.B. agter de Portugeesche Havens". (4) Daar was vereers geen Volks - raad of konstitusie nie, A. H. Potgieter was algemeen erken as Hoofkommandant en dit was vereers genoeg.

Voor die verhuising vanaf Potchefstroom het Potgieter se aanhangers te Mooirivier 'n besluit geneem "dat wy den wel Eedelen Heer Potgieter dien tot hiertoe onze bestierder is geweest en onze zaken heeft bewerksteld, verkiesen ... als onze hoofd ^Ckommandant en bestierder om onze zaken verder te bewerkstellen tot onzen besten, en dat zyn eedelen ten allen tyden een stem in den Raad zal behouden. En dat wy van tyd teyd tot teyd zullen mannen kiezen als een raad volgens onze vorige wetten om alle zaken met zyn eedelen zamen te handhaven en zoo van teyd tot teyd ons zullen leeren om onze zaak te bevorderen". (5) Dieselfde jaar, voordat die gemelde Raad gekies is, het 'n aantal Natallers onder J. J. Burger, die gewese sekretaris van die Natalse Volksraad, by die emigrante aangesluit "niets anders willende als onder een Raad te staan". (6) Burger het dadelik te werk gegaan en regulasies en instruksies opgetrek "onder dezelfde in -

(3) Pret. Arg. EVR. 1. pp. 18, 76 en EVR. 104 VR 17/46.

(4) Pret. Arg. SS. 1. R 111 f/45.

(5) Pret. Arg. SS. 1. R 108/45.

(6) Engelbrecht: Geschiedenis Ned. Herv. Kerk. Bylae 2.

noud met een kleine wyziging alé die te Natal". (7) Lede is gekies vir 'n Volksraad en op 1 Augustus 1845 het die eerste vergadering van die Volksraad plaasgevind. By die sitting het Potgieter bekragtiging gevra vir die Mooirivierse besluit van Mei 1845 wat hy aan die Volksraad voorgelê het. Die Natallers het die bekragtiging hiervan sterk bekamp en alhoewel hulle nog in die minderheid was tog het hulle hulle sin gekry. Hulle het gemeen dat Potgieter se betrekking as hoof bestuurder alleen van krag was gedurende die verhuising en voordat daar 'n Volksraad bestaan het, met die gevolg dat die oppergesag van die Volksraad beklemtoon, en die outokratiese aspirasies van Potgieter afgekeur is deur 'n besluit "dat er geen hoger regering onder onze Maatschappy zal bestaan dan de Volksraad", en Potgieter is alleen as Hoofkommandant erken. (8)

Hiermee was die volgelinge van Potgieter nie tevrede nie en nog op dieselfde dag het hulle 'n byeenkoms gehou en 'n dokument opgestel waarin hulle meld dat Potgieter een van die hoofde is wat staande en standvastig gebly het en dat hy "zal en moet onafgebroken in die betrekking blyven dienen en zal uitmaken de hoogste gezag en bestier dezer volkplanting dog by afwezigheid van den Ed. Heer A.H. Potgieter zal de voltallige leden des raads de hoogste gezag blyven", dat hy selfs na die jare van aktiewe deelneming die tittel sal bly behou "tot aan zyn einde en daarvoor moeten erken worden"; verder ook nog "alle communicatien van

(7) Engelbrecht: Geschiedenis Ned. Herv. Kerk. Bylae II.

(8) Pret. Arg. EVR. 1 en 2. 1 Aug. 1845.

brieven uit Delgoa als anderzints a zal de Ed. Heer A.H. Potgieter moge openen en lezen welke aan geen ander Raadslid toegestaan word alleen te openen zonder byzyn van de presente leden... ook kan de Ed. Heer A. H. Potgieter alleen een Raad oproepen ten alle tyde indien zyn Ed. dat noodzakelyk oordeelt". (9) Hierdie besluit is aan die Volksraad gerig met 'n versoek om dit te bekragtig en te notuleer, en op die vergadering van 20 Augustus 1845 het dit tot bespreking gekom. Besluit is om dit by naamtekening te bekragtig. Daar alleen drie lede uit nege dit geteken het kan dit nie beskou word as aangeneem nie; een punt het die Volksraad egter met 'n wysiging aangeneem, naamlik, dat Potgieter korrespondensie "niet anders kunnen openen dan in byzyn van 2 presente leden". (10).

Die opvattinge omtrent die regeringstelsel van die Potgieter-party en die Volksraad-party kon nie in eoreenstemming gebring word nie. Die volgelinge van Potgieter het 'n soort van diktatorskap verlang met Potgieter aan die hoof. Burger sê hieroor dat die Natallers "beschaving en geregelde wetten" voorgestaan het, maar die Potgieter-mense "door gewoonte daar niet zo voor, als hebbende een geruimen tyd daar buiten geleefd, en dus ontwend". (11) Die Volksraad-party het 'n regering gewens volgens die bestaande konstitusie (deur Burger opgetrek) met die Volksraad as hoogste gesag.

Vir byna 'n jaar het die stryd tussen die partye die

(9) Pret. Arg. SS. 1. 109/45.

(10) Pret. Arg. EVR. 1 en 2. 20 Aug. 1845.

(11) Engelbrecht: Geschiedenis Ned. Herv. Kerk. Bylae II.

vorm aangeneem van hewige twiste in die Volksraad verwar deur inmenging van die publiek. So bevoorbeeld verskyn daar op 22 Januarie 1846 'n sekere Botha voor die Raad en verklaar dat hy "gem. Raad niet welt en zal erkennen, geen gezag erkennende dan den Hoofd Commdt. wanneer hy uit de Raad is" (12), want die bedoeling van die Potgieter-party was "hem zo goed als 't alleenbestuur van de Boere-maatschappij ... te geven". (13)

Aan die regsgeldigheid van Sekwati se vrye afstand van grond aan A. H. Potgieter is deur die Volksraad getwyfel. Hulle het hulle posiesie versterk deur op 25 Junie 1846 die grond waarop die Oorigstadse ingesetene gewoon het van Masoas, 'n seun van Sepoessa, vir die "Hollandsche Zuid Afrikaansche Natie" te koop. In die akte van afstand word vermeld dat die gronde deur Sepoessa verower was, en dat nulle omvat die gebied wat geleë is tussen die Olifantsrivier in die Noorde, die Lebomboberge in die Ooste, die Krokodilrivier in die Suide en die Elandsrivier in die Weste.⁽¹⁴⁾ Hierdie skriftelike afstand van grond deur bemiddeling van die Volksraad verkry as 'n teenaanspraak teen Sekwati se vrye geskenk aan Potgieter het die verhouding tussen Potgieter en die Volksraad vererger. In 1846 het dit tot 'n openlike skeuring gekom. Klagtes teen A. H. Potgieter het die Volksraad per memorie bereik. Daarin word hy beskuldig van outokratiese handeling en dat hy "n "eenhoofdig" be -

(12) Pret. Arg. EVR 2. 22 Jan. 1846.

(13) Preller: Voortrekkermense IV p. 86.

(14) Pret. Arg. SS. 1. R 117/46.

stuur wil stig. Hierop het die Potgieter gesindes besluit om te bedank en "stond alle de presente leden op en bedankte alles". (15) Vyf lede het egter nie bedank nie en Burger het 'n publieke byeenkoms gereël ter verkiesing van lede om die plekke te vul van die wat bedank het. Op die byeenkoms wat op 14 Augustus 1846 gehou is, het Burger 'n brief van Potgieter voorgelees waarin hy Burger verbied om die byeenkoms te hou uit mag aan hom verleen deur die besluit van sy volgelinge van 1 Augustus 1845, en dat hy klagtes teen hom sou weerspreek op 'n algemene vergadering op 20 September 1846. (16) Burger het die Volksraadsbesluit van 1 Augustus 1845 aangehaal "dat er geen hoger regering onder onze maatschappy zal bestaan dan de Volksraad" en op die byeenkoms is besluit dat hulle "geen Een hoofdig bestier zal en wel erkennen onder hun". Daar is oorgegaan tot die verkiesing van vier lede by diegene wat nie bedank het nie en is besluit dat die Raad vereers sou bestaan uit nege lede "omdat niet geheel regeringloos onder ons te laten". (17)

A. H. Potgieter het ook sy publieke byeenkoms gehou op 22 September 1846 en daar het sy volgelinge besluit "dat de Heer Andries Hendrik Potgieter in zyne betrekking als Hoofd Commandant en Bestierder der Hollandsch Afrikaansche Emigranten zal blyven", volgens die alreeds genome besluite van sy volgelinge op Mei en Augustus 1845. Hulle het hulle eie regering ingestel deur 'n besluit "dat in alle onderhandelingen en bedryvingen met de Publieke welvaart vryheid en

(15) Pret. Arg. EVR. 1 en 2. 26 Junie 1846.

(16) Pret. Arg. SS. 1. R 118 a/46.

(17) Pret. Arg. EVR. 2. 14 Aug. 1846.

veiligheid in verband staande den gezegden Hoofd Kommandant alvorens daartoe over te gaan de Publieke toestemming daartoe zal nodig hebben in zoverre omstandigheden en den aard der zaak zulks toelaat". Alle "disputen en kwestien met de omleggende Inlandsche stammen" kon hy alleen of met sy krygsraad afhandel en hy sou regspraak in gewigtige sake met gesworene deur homself benoem "naar de instellingen en de bepalingen vervat in 't Heilig Woord de Bybel, het geen altoos als de hoogste wet onder ons zal en moet worden erkend".

Kleinere sake sou deur die kommandante en veldkornette met gesworenes afghandel word, met appél na die Hoofkommandant⁽¹⁸⁾.

'n Brief aan Burger gerig deur Potgieter-gesindes bepaal "dat wy altoos den Hoofcommandant A. H. Potgieter voor de hoogste Gezagt erkent met toestemming van het Publiek en met verder afschaffing van de Raad op den 22 September 1846⁽¹⁹⁾". Twee regerings dus in een en dieselfde geweste vir twee partye. Aan een kant die Volksraad gekies deur die Volksraadparty, aan die ander kant Potgieter as hoofbestuurder handdelende met goedkeuring van die publiek. Die stryd het byna op bloedvergieting uitgeloop toe Burger deur die Potgieter mense gevange geneem is maar gelukkig is daar 'n soort van ooreenkoms getref in Februarie 1847. Daar is bepaal dat alle Potgieter papiere oorhandig sal word en dat 'n kommissie wat deur die publiek moes gekies word oor alle klagtes sou besluit. (20) Smellekamp, vir wie die Boere uit Europa terug verwag het, sou finaal oor die kwessie by wie die

(18) Pret. Arg. Soutter Kolleksie Pak. No. 1.Dok. 6.

(19) Pret. Arg. SS. 1. R 119b/47.

(20) Pret. Arg. EVk 104 VR 22/47. Preller:Voortrekkermense IV pp. 86-90.

oppergesag gelee was, beslis. Smellekamp het in Junie 1848 in Delagoabaai aangekóm maar daar ny nie persoonlik na Ohrigstad kon gaan nie, het die Boere op sy aanbeveling Buhrmann ontvang. Deur sy bemiddeling is besluit dat daar 'n Volksraad sou bestaan as hoogste gesag en van wie alle amptenare hulle instruksies sou ontvang, en aan wie hulle verslag moes gee, maar ook dat Potgieter in sy betrekking as Hoofkommandant bevestig sou ~~word~~ bly. (21) Potgieter en 'n aantal volgelinge het uiteindelik na Soutpansberg vertrek, onbetreureur Burger cum suis. Vanuit Soutpansberg het Potgieter as Hoofkommandant nog groot mag uitgeoefen. Intussen het die Volksraad staande gebly en nuwe lede is gekies om die plekke te vul van die lede van die Potgieter-party wat afgetree het

Die bestuursinrigting van die maatskappy van Ohrigstad het as basis gehad die "Regulationen en Instructien voor den Volksraad van het volk van Andries Orieg Stad en omliggende land" deur J. J. Burger opgestel kort na sy aankoms in die maatskappy. (22) Die regulasies waarin die werksaamhede en pligte van die Volksraad omskryf word, slaan byna heeltemal ooreen met die regulasies en instruksies vir die Natalse Volksraad, wat woordelike inhoud en volgorde betref.

Wetgewende Mag: Die Ohrigstadse Volksraad ook "Raad der Representanten" genoem, het ~~van~~ ^{tussen} Julie 1845 ^{en} tot Mei 1849 sittings gehou te Ohrigstad. Die Volksraad het bestaan uit 22 lede, wat tussen 25 en 60 jaar oud moes wees en daartoe verkies is vir twee jaar deur persone oor die ouderdom van

(21) Cachet: Worstelstryd pp. 307, 308.

(22) Pret. Arg. EVR 2 pp. 1-5. Vgl. met Preller: Voor -
Trekker Wetgewing p. XIII.

van 21 jaar. Die aantal lede kon hoogstens 72 bedra "naar mate de Burgers vermedert", en elk persoon as lid gekies moes minstens een jaar in die betrekking dien. Die helfte van die lede moes jaarliks aftree en die opvulling van setels moes binne drie maande geskied. By elke vergadering is 'n voorsitter gekies wat "de bezigheden van den dag zal moeten reguleren". Twaalf lede sou 'n kworum uitmaak en alle besluite moes deur drie-kwart van die stemme beslis word. Met die oog op die geringe aantal ingesetene kon agt lede 'n kworum vorm en as daar geen kworum was nie, soos partymaal gebeur het, kon die aanwesige lede een persoon uit die publiek aanwys om tydelik sitting te neem. (23) Aan die regulasie is ook nie stiptelik nagekom nie want die Raad het partymaal vergader sonder kworum. (24) Verdeeldheid het partymaal gelei tot heilige twiste en spesiale voorsiening is later gemaak vir die bewaring van rus en orde gedurende sittings. (25) Die besluite van die Volksraad is deur die sekretaris, 'n lid deur die Volksraad daartoe aangestel, aangeteken; daarvan moes hy afskrifte stuur aan die landdros wat daarna verplig was afskrifte te stuur aan die veldkornette vir bekendmaking aan die publiek. (26) Alle lede sowel as alle amptenare, moes die ampseed aflê.

Die Volksraad het die reg gehad om wette te vervaardig, amptenare aan te stel, te ontslaan of onder regulasies te stel. Dit kon vredestrakte bekragtig en die grense

(23) Pret. Arg. EVR 1. 20 April, 10 Desember 1846. 12 en 16 Maart 1847.

(24) Pret. Arg. EVR 1. 21 Junie 1847, 4 April 1848, 7 Feb. 1849.

(25) Pret. Arg. SS. 169a/49.

(26) Pret. Arg. SS. 1. R 112a/46 en SS. 1. 118c/46.

van die maatskappy bepaal. Gronde verkoop of uitgee, dorpe of stede uitle[^] en het nomineel jurisdiëksie gehad oor "alle inrigtingen en verordeninge met gemeenebest betreffende" (27). Die Volksraad het ook die reg gehad om strawwe of boete wat in kriminele hofsake opgel[^]e was, te verander of kwyt te skel. Dit was dus ook die hoogste app[^]elhof en die landdros kon deur die Volksraad opgeroep word om vergaderinge by te woon "ten einde dezelve met regterlyk advies als anderzints te assisteren". Behalwe hierdie werksaamhede het die Volksraad besluite geneem waarin voorsiening gemaak is aangaande erfbelastinge, die teengaan van slawehandel en die in diens neem van jong kaffers of "apprentiesen". Die opmaak van ekspediesies of kommandos om kafferonluste te keer en die nodige veiligheidsmaatreëls vir die inwoners van die maatskappy is ook deur die Raad behandel. Dit het besluite geneem aangaande die samestelling van 'n krygsraad, die afvaardiging van kommissies na Delagoabaai, Potchefstroom en Vaalrivier, die maak van 'n pad na Delagoabaai, beperkings vir handelaars en hulle lisensies, jagekspediesies, hof- en boedelkwessies, die aanstelling van kommissies in verband met die uitgee en verdeling van plase, en geskille daaromtrent. Besluite is ook geneem vir die voorsiening van die posvervoer deur middel van "Postkaffers". Die werksaamhede van die Volksraad was dus uitgebreë en allesomvattend, en dit spreek dus vanself dat in die kort tyd tot hulle beskikking daar maar min van wetmakende arbeid tereg gekom het.

(27). Pret. Arg. EVR 2 pp. 1-5.

'n Interessante bepaling is die volgende: "Geen raadsbesluit over landswetten zsal vasgesteld worden by hunne zittingen maar zal moeten aan het publiek bekind gemaak worden door den veldcornets van zyn wyk die gehouden zal zyn zoo de tegenwerp by memories aan te nemen en de goedkeuring by naam tekeningen en by de volgende zitting des raada in te leveren ten einde te bevestigen of te veranderen". (28) Geen wet deur die Volksraad geformuleer sou dus van krag wees nie tensy deur 'n referendum goedgekeur nie.

Uitvoerende mag: Net soos in die Republiek Natal is hier geen voorsiening gemaak vir 'n sterk uitvoerende mag nie. Die Volksraad self het gedurende sittings uitvoerende werk verrig soos o.a. die reeling vir 'n kommissie na Inhambane, en briewe aan verskillende persone of liggame, bevoorbeeld 'n brief aan "De Hollandsche Handel en Redery Maatschappy" te Vlaandere. (29). Maar tussen die Volksraads sittings was daar geen regering nie; en dit spreek dus vanself dat die Volksraad nie in die tyd tot sy beskikking, as volkome wetgewende en uitvoerende (asook nog regterlike) liggaam kon dien nie.

Daar is bepaal dat "vyf leden zal een provisionele raad uitmaken en hunne verrigtingen ter aprobatie van de volle raad liggen", en dringende sake is na hulle verwys.³⁰⁾ Die afwesigheid van 'n blywende uitvoerende liggaam, veral in die vroeë dae van die maatskappy met die onsekere toestand van kaffersake was 'n ernstige leemte. Die vergaderings van die provisionele raad het dikwels plaasgevind

(28) Pret. Arg. EVR 2 pp. 1-5. Art. 17 van Reg. en Instr.

(29) Engelbrecht: Gesch. I. Bylae VII.

(30) Pret. Arg. EVR 2 pp. 1-5 Art. 20.

maar dit was 'n ondoeltreffende maatreël, Die liggaam het nie die verantwoordelikeheidsgevoel van 'n deeglik-opgestelde uitvoerende liggaam gehad nie, en daar was geen waarborg dat die persone wat die vergadering gehou het die vertroue van nulle landgenote of die nodige bekwaamheid besit het om oor buitengewone sake te handel nie, want dis bepaal dat enige "vyf leden kunnen een vergadering beroepen". (31)

Die amptenare wat administratiewe pligte gehad het was die Hoofkommandant, een kommandant, 'n onderkommandant en verskillende veldkornette. Daar was ook nog een landdros en een registrateur (boekhouer) vir die aantekening van plase, en een wateropsigter vir die dorp Ohrigstad. Soos in die Republiek Natal die geval gewees het, was die landdros 'n belangrike amptenaar. Hy het spesiale opdragte van die Volksraad ontvang. Hy moes o.a. sorg vir die oproeping van Volksraadlede, vir sittings van provisionele rade, Hy moes sorg vir die reëling van die "apprentiesen" en moes boek hou daarvan. Kommissies waarop die landdros ook partykeer sitting gehad het, is deur die Volksraad aangestel om verskillende sake te behartig, gewoonlik in verband met die uitgee en verdeling van plase.

Die Regterlike Mag: Die regterlike mag het berus in die hande van die landdros en vyf heemrade, behalwe waar die Volksraad in sommige gevalle, ooreenkomstig die regulasies en instruksies, die reg gehad het om strawwe of boete in kriminele hofsake opgelê te verander of kwyt te skel, of waar die Volksraad self direk opgetree het in sake van oor-

(31) Pret. Arg. EVR 2. pp. 1-5 Art. 11.

trede en straf opgelê het. (32). By die ander werksaamhede het die Volksraad dus ook nog die hoër regspleging in hande gehad. Daar was twee howe. Die landdroshof vir klein oortredings, en die hof van landdros en heemrade vir die vervolging van ernstige oortredings. Daar was net een landdros in die maatskappy van Ohrigstad, wat moes dien as die hoof regterlike amptenaar en raadgewer van die Volksraad in regterlike sake. By gebrek aan fondse is as salaris aan die landdros toegeken "alle inkomsten van landdrost kantoor als trouwgelde, proseskosten alle boetens dat niet in zaken van appél komt te vallen". Dit was 'n reëling wat die onpartydigheid van sy regspraak ernstig kon ondermyn. Blykbaar net oegemelde gelde nie veel bedra nie, want later is ook hierby gevoeg "½ der licentie gelden van de negotie wagens gedurende de tyd die hy als landdrost geageerd had"⁽³³⁾.

Krygsmag: Die maatskappy was verdeel in verskillende wyke, elk met 'n veldkornet gekies deur die burgers en hy moes dien as die plaaslike verteenwoordiger van die regering. Die magteloosheid van die vroeë Volksrade kan gedeeltelik toegeskrywe word aan die feit dat hy 'n gekose amptenaar was. Veldkornette moes wees ter goede naam en faam staande burgers en hulle pligte was veelsydig. As "ondergeschikt magistraat" moes die veldkornet probeer om "alle geschillen onder de bewoonders zyner wyk waaruit processen of vyandschappen kunnen ontstaan, te bemiddelen en de partyen tot

(32). Pret. Arg. EVR 1. 23 Feb. 18 Maart, 1 Sept. 1846; 12 Maart, 14 Mei, 15 Des. 1847.

(33) Pret. Arg. EVR 1 en 2. 2 Jan. 1846, 7 Maart 1849.

schikkinge te bewegen". Hierby was hy verantwoordelik vir administrasiewerk soos die bekendmaking van Volksraadsbesluite, stemopneming, registrasie van geboortes en sterfgevälle. By die gebrek aan 'n gereëelde poliesiemag moes hy ook optree in daardie kapasiteit. By moordsake moes hy 'n lykskouing hou, in verband met alle misdade 'n voorlopige ondersoek instel. Hy mag egter niemand, behalwe vabonde en vreemdelinge, sonder opdrag van die landdros gevange neem nie. (34) By krygsnoodsaak moes die veldkornette die burgers uitroep. 'n Aantal veldkornette het onder bevel van 'n kommandant gestaan en aan die hoof van die organisasie was die hoofkommandant. Die aanwesigheid van 'n groot kaffer bevolking, die onsekerheid van kaffersake, asook die gebrek aan 'n uitvoerende liggaam, het aan die posisie van krygsowerste groot aansien verleen en die Hoofkommandant 'n sterk aanhang verseker. Dit spreek dus vanself dat Hoofkommandant A. H. Potgieter, vir wie politieke instellings 'n minder belangrike rol gespeel het waar hulle sy persoonlike gesag bedreig het, 'n eiesinnige en onafhanklike houding kon inneem. (35)

- (34) Instruktie voor de Veldkornetten in de Maatschappy der Zuid-Hollandsche Emigranten binnen de 26ste graad z/b agter de Portugese havens. 1845. Oorgeneem uit Instruksie vir Veldkornette in die buitelandse distrikte van die Kaap Kolonie.
- (35) Preller: Voortrekkermense III. p. 55 par. 2. Herinneringe van H. J. Potgieter.

.....

Hoofstuk 5.

TOTSTANDKOMING van die VERENIGDE BAND en dieOORVAALSE BESTUURSINRICHTING tot 1852.

Noord van die Vaalrivier was verspreide groepe Trekkers wat nie deel geneem het in die verhuising na Ohrigstad nie, en suid daarvan was ook heelwat Trekkers rondom Winburg. Met die verhuising na Ohrigstad was die bedoeling nie om alle konneksie met Potchefstroom en Winburg te verbreek nie, maar dat die geweste sou beskou word as "Adjunkt Drostdyen onder het bestier van Landdrost en Heemraden benevens Kommandanten Veldkornets en mindere beampten". (1) Sulke amptenare het dan ook bly bestaan en landdroste en heemrade het ongereeëld by mekaar gekom. Vanuit Ohrigstad is met die agtergeblewenes, "de menschen van voren" onderhandel omtrent die uitstuur van kommandos en 'n kommissie na Delagoabaai, maar die verstandhouding tussen die maatskappy te Ohrigstad en die agtergeblewenes was van die flouste. Hulle het geen verteenwoordiging op die Ohrigstadse Volksraad gehad nie en die geweste deur hulle bewoon het buite die gebiedsomskrywing van die Ohrigstadse maatskappy geval. Op die publieke byeenkoms deur Potgieter op 22 September 1846 te Ohrigstad genou, waar sy volgelinge hulle eie instellings gemaak het, is besluite geneem en reëlings getref wat van krag moes wees te Potchefstroom en Winburg. Potgieter self het 'n besoek gebring aan Potchefstroom na sy publieke ooreenkoms te Ohrigstad en daar het hy bestuursreëlings gemaak "met advies en consent van het publiek" in September 1846. (2)

(1) Pret. Arg. Soutter Kol. pak No. 2 Dok 6

(2) *Ibid.*
t.l.

In en om Potchefstroom het Potgieter toe nog as Hoofkommandant taamlik invloed gehad. Die bevolking is egter vermeerder deur die aankoms van verhuisende Natallers wat ander konstitusionele opvattinge gehuldig het as Potgieter, met die gevolg dat sy gesag in die Suidweste nie meer so vanselfsprekend was nie. Veral was dit die geval na sy verhuising na Soutpansberg en die aankoms van A. W. J. Pretorius. Laasgenoemde het die jurisdiksie van Potgieter heeltemal genegeer want hy het verklaar: "ik en de mynen wil onder een onpertydigen Volksraad staan maar nooyd onder Potgieter". (3).

A. W. J. Pretorius het geen algemeen gesagvoerende liggaam of persoon onder die Trekkers gevind nie en hy het hom geywer om 'n vereniging van die emigrante te bewerk en 'n taamlik verteenwoordigende regeringstelsel te skep. Pretorius self is deur sy aanhangers as Kommandant-Generaal erken, en hy, met die kommandante en veldkornette het gesag gevoer, terwyl op Potchefstroom en Winburg landdroste en heemrade gefunksioneer het. 'n Kommissie, afgevaardig deur die Ohrigstadse Volksraad na "de gewesten van Mooyrevier, Vaal Kevier en verder ... om het Publiek aldaar inteligten aangaande onze Staats aangelegendheden" (4), het geving dat Pretorius alreeds publieke byeenkomste gehou het met die doel om vereniging van die Trekkers te bewerk, want die gevoelens is "dat er geen tweede Maatschappy zal bestaan en toegelaaten worden". (5)

(3) Pret. Arg. SS. 1. R 119g/47.

(4) Pret. Arg. EVR 1. 3 Feb. 1848. Art. 3.

(5) Pret. Arg. EVR 104 VR48/48.

Voor die vereniging van die Trekkers onder een persoon of liggaam aan wie alle amptenare verantwoordelik kon gehou word, het Sir Harry Smith die hele gebied tussen die Vaal- en Oranjeriviere en die Drakensberge deur sy proklamasie van Februarie 1848 geannekseer. Party Winburgers het oor die Vaalrivier getrek en die agterblywendes het 'n versoek om hulp aan Pretorius gerig. Pretorius, wat die verband tussen die Trekkers noord en suid van die Vaalrivier wou bewaar, het genoor gegee en 'n poging aangewend om die vryheid van die Winburgers terug te kry, wat egter misluk het (Boomplaas 1848). Die Potgieter-party met nomale ondersteun nie hoewel Potgieter 'n soort van protes aan die engelse goewerneur gestuur het. (6) Die verband tussen die Boere noord van die Vaal en die in die Noordelike Transoranje is dus verbreek en die taak om 'n deeglike staatsinrigting te skep sou noord van die Vaalrivier hervat word.

Die verlies van 'n groot deel van die gebied deur die Trekkers bewoon het Pretorius aangespoor om 'n ernstige poging aan te wend om 'n meer verteenwoordigende regeringsvorm in die lewe te roep wat algemeen erken sou word. Konstitusionele eenheid was egter uit die aard van omstandighede, die uitgestrektheid van die gebied en die geaardheid van die Trekkers, moeilik om te verwesenlik, en alhoewel maatreëls getref is vir 'n meer verteenwoordigende regering sou 'n groot stryd nog moes afgespeel word tussen Pretorius met Potgieter en die oostelike emigrante. Na 1848 het Pretorius se aanhang noord van die Vaal toegeneem as gevolg

(6) Dok. in Pret. Arg. SS 1.

van verder immigrasie uit die geannekseerde gebied. Hy is in die suidwestelike dele taamlik algemeen as leier erken met Potchefstroom as middelpunt van sy party. Potgieter se invloed is na die botsing in die Ohrigstadse maatskappy meer beperk tot Soutpansberg, maar selfs in Ohrigstad en in die geweste van Potchefstroom het hy aanhangers gehad. (7)

Verskillende voorbereidende vergaderings en byeenkomste is gehou met die doel om die hele gebied onder een meer verteenwoordigende Volksraad te bring en is besluit om afgevaardigdes te stuur na 'n publieke byeenkoms te Derdepoort, 'n sentraal-geleë plek, om die kwessie verder te oorweeg. (8).

Selfs op 'n algemene byeenkoms te Olifantsrivier is besluite geneem, geteken deur sowat 90 persone waaronder ook A. H. Potgieter en heelwat van sy volgelingen, "dat er eene Volksraad als hoogste gezag zal bestaan en dat er nimmer toegelaten zal worden dat er één of meerder Persoonen boven deezē als hoogst gezaghebbende zal mogen aangesteld worden ... en zal er meede geen Hoofdcommandant meer moogen aangesteld worden nadat de Heer A. H. Potgieter door ouderdom of ziekte of eenigen anderen oorzaak van deezē post ontslagen is". Verder ook om afgevaardigdes te stuur na Ohrigstad om die bestaande partye te verenig en lede te kies om na Derdepoort te gaan. (9) 'n Duidelike bewys dat daar behoefte gevoel is vir 'n meer verteenwoordigende bestuur.

Die publieke byeenkoms is gehou te Derdepoort op 23

- (7) Pret. Arg. Soutter Kol. Pakkie 2 Dok. 6. Algemeene Besluiten genomen in een Publieke Byeenkomst gehouden te Potchefstroom.
- (8) Pret. Arg. Soutter Kol. Pak. 1. Dok. 9.
- (9) Pret. Arg. SS 1. R 173/49.

23 Mei 1849 en daar het ses Volksraadslede van Ohrigstad en veertien ander "van alle ander wyken" gekies deur die aanwesige publiek, besluit dat daar "een vereenigde Band van het geheel maadschappy aan deze zyde de ~~Vaalk~~ Vaalrivier" voortaan sou bestaan. (10) Onder die laaste veertien lede was Pretorius wat op die byeenkoms as voorsitter opgetree het. Die "geheele maadschappy aan deze zyde de Vaalrivier" het egter nie Soutpansberg ingesluit nie, want ~~nr~~ A. H. Potgieter en sy volgelinge was nie teenwoordig nie en is ook nie op die vergadering verteenwoordig nie. 'n Laaste poging is aangewend om Potgieter ook onder die reëlings in te bring en hy is aangeskryf om die volgende Raadsitting by te woon teneinde die bestaande geskille op te los. Hy het egter die skrywe geignoreer, en daarmee sy onafhanklikheid tekenne gegee. Potgieter het nou dus nie aan die Olifantsrivierse besluit gehou nie en vanaf daardie tyd 'n gehele volt face gemaak.

Op die byeenkoms van Derdepoort is bepaal dat daar een hetgewende liggaam sou wees vir die gehele gebied noord van die Vaal. Dit was die eerste poging vir die erkenning van 'n algemene gesag oor al die Trekkers noord van die Vaal en die verenigde band kan beskou word as die geboorte van die latere Suid Afrikaanse Republiek. Voorlopig was die Ohrigstadse regulasies en instruksies skynbaar aangeneem en is besluit dat die Drie-en-Dertig Artiekels wat deur die Volksraad van Potchefstroom op 9 April 1844 opgestel was, aan te neem as 'n wet wat sou geldig wees vanaf die datum van vereniging. Ook is bepaal dat die Volksraad viermaandeliks

(10) Pret.Arg. EVR 3 pp. 3-6. SS. 1. R 178/49.

moes sitting neem op verskillende plekke. Voorsiening is gemaak vir die byeenroeping van Kommissierade van vyf persone, liggame wat in spoedeisende gevalle bymekaar geroep kon word deur die landdros of een van die lede, en wat besluite kon neem, onder nader goedkeuring van die Volksraad. Daarna is agtereenvolgens maar op ongereelde tye vanaf September 1849, op verskillende plekke vergaderinge deur die Volksraad en Kommissieraad belê. Die verenigde band het skynbaar in 1850 bestaan uit die geweste Mooirivier, Magaliesberg, Mariqua (later Marico) en Lydenburg. (11) Hierdie stappe was 'n verbetering maar nog nie 'n oplossing van die konstitusionele vraagstuk nie, want daar was nog geen uitvoerende liggaam nie.

In September 1849 het die Volksraad op Krugerspost vergader en daar is bepaal dat die aantal lede van die Volksraad 24 sou wees, twaalf van Ohrigstad en twaalf van die orige dele van die land. Die volgende besluit is ook geneem dat voortaan "geen hoofcommandant of generaal zal bestaan" en "dat den Landdrost aan elk en ieder veldkornet bekend zal stellen en dat elk veldkornet verpligt en gehouden zal zyn te zorgen en zyn wyk geen byeenkomst worden gehouden per memorie aan den Raad tot het kiesing van Commandant. generaal of hoof Commandant" en dat die veldkornet of aanvoerder van so'n byeenkoms onderhewig sal wees aan 'n boete van 150 Rds. (12) Dit was 'n gewigtige stap en mens

(11) Pret. Arg. EVR 3 pp. 113, 129, 130, 133, 134.

(12) Pret. Arg. EVR 3 pp. 7-28. Artt. 29, 38.

kan alleen die belangrikheid daarvan beseef as in die oog ge-
nou word dat by die gebrek aan 'n sterk uitvoerende lig-
gaam of permanente staatshoof, die Kommandant-Generaal die
enigste persoon was wat die pligte van so'n liggaam enigsins
kon waarneem. Oorspronklik die militêre leier van 'n Trek
het die Hoofkommandant ook van begin af bestuurspligte ver-
vul. As leier van 'n Trek was hy die hoof aan wie die bur-
gers hulle moes onderwerp daar die Trek 'n onbekende streek
ingegaan het en deur allerhande gevare kon bedreig word.
Die Hoofkommandant was krygsowerste en is bygestaan deur sy
krygsoffisiere in die uitvoering van sy militêre pligte;
maar hy was ook die aangewese persoon om uitvoering te gee
aan die besluite van die algemene vergadering van die per-
sone van die trekparty. Selfs na die Trekkers bymekaar ge-
kom het en dit verder gebring het in die rigting van 'n ge-
ordende siviele bestuur het die kombinasie van militêre lei-
er en regeerder bly bestaan. Die Hoofkommandant het as
tussenpersoon opgetree met inboorlinghoofde, so bevoorbeeld,
ruil Potgieter grond van Makwana en Retief sluit verdrae van
vriendskap en alliansie met inboorlinghoofde (13), en in die
persoon van Retief word die poste van Goewerneur en Opperbe-
velhebber van die verenigde laers verenig. In di Natal het
die Volksraad die amp van Hoofkommandant in vrede tyd afge-
skaf maar desnieteenstaande is so'n persoon periodiek aan -
gestel, nie alleen as krygsowerste nie maar om uitvoerende
pligte te vervul daar 'n aparte uitvoerende liggaam ontbreek

(13) Cloete: The Hist. of the Great Boer Trek etc. p. 94.

het. Die stryd egter tussen die Volksraad en Hoofkommandant A. H. Potgieter in die Ohrigstadse maatskappy, waar Potgieter as permanente staatshoof wou optree, het daartoe gelei dat die Volksraad die Hoofkommandant beskou het as 'n gevaarlike mededinger vir hoogste gesag. Daardie pligte van die Hoofkommandant en sy verhouding tot die Volksraad nie grondwetlik vasgelê is nie, was die gevaar van 'n botsing moontlik. Dit neem egter nie weg nie, dat die suspesieuse geaardheid van die Volksraad dit byna onmoontlik gemaak het vir hulle om in te sien dat in 'n welgeordende staat daar plek (en noodsaaklikheid) moes wees vir beide 'n wetgewende en uitvoerende mag sonder botsing van gesag.

Baie persone en veral die volgelingen van Pretorius het die besluit van die Volksraad as noodlottig beskou, soos 'n memorie van 268 persone aan die Volksraad in 'n sitting van 22 Januarie 1850 te Potchefstroom getuig, "vragende den Ed. Heer A. H. J. Pretorius in zyn oude autorityten als Commandant Generaal". Die Volksraad besluit toe dat die saak moes uitgestel word tot die volgende sitting om eers "alle gevoelens daartoe in te winnen" en dat "elk ingezetene zal in de gelegenheid gesteld worden om opentlyk hun gevoelens te kenne te geven voor of tegen een Commandant Generaal door middel van memories of tyken lysten". (14)

In die stemming egter is die kwessie van die wenslikheid of andersins van 'n Kommandant-Generaal verwar met wie

(14) Pret. Arg. EVR 3. 23 Jan. 1850 Art. 22.

die hoogste gesag sou besit, die Volksraad of Kommandant-Generaal, en die gevolg was dat 'n drie-kwart meerderheid teen die Kommandant-Generaal gestem het. (15) Die Volksraad besluit toe dat "zodanig een persoon nimmer mogen aangesteld worden of het moet op een kommissie of komando nootzakelyk bevonden worden en dan ook nie langer als hetzelve duurd en zal zulk een Hoofd dadelyk na afloop van hetzelve weder in zynen vorigen staat gesteld worden". Die Kommandant-Generaal sou dus alleen die posiesie beklee wanneer 'n militêre ekspediesie moes uitgestuur word, maar na afloop daarvan terugval na die status van gewone burger.

Hiermee was die kwessie egter nog nie afgehandel nie, want in Oktober 1850 besluit die Volksraad te Potchefstroom "op sterke aandrang van het publiek hier tegenwoordig" dat "een ieder zyn naanteekeningen zal moeten inleferen van zoodanige perzoonen Die genegen mogte zyn om een Commandant-Generaal te kiezen onder den Ed. volks Raad" en dat A.W.J. Pretorius tydelik die pos sou aanvaar. (16). Uiteindelik het die Volksraad self 'n poging aangewend om die saak op te los, en op aanbeveling van die Krygsraad en goedkeuring van die publiek het hulle besluit om die pligte van Kommandant-Generaal te verdeel en vier Kommandant-Generaals aan te stel in plaas van een "dog wel te verstaan alle onder het gesag en instrukties van den Eedelen Volksraad". Hierdie

(15) Hoewel die Volksraad vra vir 'n stemming vir of teen 'n Komdt. Genl. handel die memories oor die vraag waar die hoogste gesag sal wees, by die Volksraad of die Kommandant-Generaal.

(16) Pret. Arg. EVR 4 p. 70.

besluit was bedoel om die gevoelens van die verspreide groepe te bevredig, om die uitvoering van die militêre pligte van elke streek te verseker, en ook om die mag van die Kommandant-Generaal onskadelik te maak deur dit te verdeel. Op 15 Januarie 1851 het Volksraad die volgende persone as Kommandant-Generaals aangestel; W. F. Joubert vir die distrik Lydenburg, A.M. Potgieter vir Soutpansberg, A.W.J. Pretorius vir Magaliesberg, Mooirivier en 'n gedeelte van Marico en J.A. Enslin vir restebrende gedeelte van Marico.(17) Die besluit het die onmoontlike posiesie noord van die Vaalweerspieël en vererger en het gelei tot verwarring. Die oortoriteite in die Kolonie het moeilikheid ondervind om te bepaal by die wie die werklike regeringsgesag gelee was - Potgieter of Pretorius.

Die gesag van die Volksraad het oor almal teoreties voortbestaan en die Drie-en-Dertig Artikels moes dien as 'n algemene wet vir die land. Wesenlik was daar egter noord van die Vaal 'n aantal aparte neersettings. Konstitusioneel beskou was die emigrante in 'n baie primitiewe stadium; hulle was onder 'n aantal erkende leiers gegroepeer en het nog nie die noodsaaklikheid ingesien van 'n meer ontwikkelde staatkundige organisasie nie. Pretorius het hom beywer om van hierdie individualistiese en onderling-verdeelde gemeenskap van emigrante 'n konstitusionele eenheid te maak. Na binne het hy dit nie reggekry nie, maar dit het hom geluk

(17) Pret. Arg. Soutter Kolleksie Pak. 3 Dok 1.

om dit na buite toe te bewerkstellig.

In 1851 het die Britse Regering twee kommissarisse, Owen en Hogge, na die Boewereiniteitsgebied gestuur. Engelse regeringskringe, nou teen onvoordelige ryksuitbreiding, het Sir Harry Smith se anneksasiepolitiek afgekeur. 'n Kosa oorlog in die Kolonie en dreierende gevaar van Moshesh se kant het as gevolg gehad 'n politiek van geen inmenging anderkant die Koloniale grense. Pretorius het van die psigologiese moment gebruik gemaak. Op 'n vergadering van die publiek, die krygsraad en die landdros van Rustenburg, wat op Magaliesberg gehou is op 8 September 1851, is die besluit van die Volksraad aangaande die bepaling van die grens as die 26ste graad Suiderbreedte herroep en die Volksraad verbied om transaksies aan te gaan met ander moondhede. Die teenwoordige publiek het die krygsraad gelas om werksaam te wees in alle sake tot welsyn van land en volk. (18) Pretorius, tesame met 'n kommissie is deur die krygsraad afgevaardig om met die Britse kommissarisse te onderhandel. Om hierdie aanmatiging van uitvoerende gesag enigszins die skyn van wettigheid te gee, het die kommissie opdrag ontvang van 'n sogenaamde Provisionele Volksraad te Potchefstroom; "door de dringendste omstandigheden vergaderde en vereenigde met de aanbegonne werkzaamheden van den E. Krygsraad en publiek om tot goede verstandhouding te geraken met het Brits Gouvernement, autoriseer en keure goed de genoemde volmagtigde Heeren die benoemd was met den E. Heer A.W.J.Pretorius Kdt.

(18) Pret. Arg. Soutter Kolleksie Pak. 3 Dok 3.

Kdt. Genl." en met die oog op die ontevredenheid wat oor hierdie stappe sou volg is verder bepaal "dat voorts de afgevaardigden met hunne terugkomst behoorlyk verslag zal doen van hunne verrigtingen voor een volle raad die tot dien einde zal opgeroepen worden". Hulle besluit ook dat die Vaalrivier die limietskeiding sal wies in plaas van die 26ste graad S.B. (19)

Pretorius het met Hogge en Owen in onderhandeling getree en op 17 Januarie 1852 is die Sandrivier Konvensie gesluit. Volgens hierdie "Minutes of a meeting" is ooreengekom dat "The Assistant Commissioners guarantee in the fullest manner, on the part of the British Government, to the emigrant farmers beyond the Vaalriver, the right to manage their own affairs and to govern themselves according to their laws without any interference on the part of the British Government". (20) By die onderhandelinge het Pretorius versoek "dat het oude distrikt Winburg in de regeling begrepen zou worden" maar die Britse kommissarisse het geweier om daarin toe te stem. (21)

Daar kan geen twyfel bestaan nie dat Pretorius sy magte buite gegaan het in sy optrede en onderhandelinge met die Britse kommissarisse sonder opdrag van 'n volledige Volksraad; hy was een van vier Kommandant-Generaals onder die Volksraad wat die hoogste gesag in die land was.

(19) Pret. Arg. EVR 3 p. 187. Sien ook Cachet: Worstelstryd p. 311 en Stuart: Hollandsche Afrikanen etc. p. 200.

(20) Eybers: Select Documents etc. No. 177 p. 357.

(21) Leyds: Eerste Annexatie etc. p. 96.

Die gebied noord van die Vaal is dus erken as 'n vrye staatswese, maar 'n geordende staatswese moes nog daar in die lewe geroep word want op konstitusionele gebied was die Transvaal feitlik sonder vorm. Die onafhanklikheid van die streek is van buite erken maar juis al die bewoners daarvan het nog geen algemeen erkende gesag gehad nie. Soutpansberg het geen deel van die verenigde band uitgemaak nie en dit het eers in 1852 na die totstandkoming van die Sandrivier Konvensie tot die verenigde band toegetree.

Die Volksraad en die Potgieter-mense het so ontevrede gevoel oor die manier waarop die onafhanklikheid verkry was en dat die onderhandelinge buite hulle omgegaan het, dat nulle byna onwillig was om dit te aanvaar. 'N Volksvergadering het op Rustenburg plaasgevind en die onderlinge bitterheid is eers by die ontmoeting van die partye verhoor, maar Potgieter en Pretorius het versoen geraak en die Konvensie is op 6 Maart 1852 deur die Volksraad bekragtig. Potgieter het die Volksraad erken as hoogste gesag, 'n belangrike stap in die bevordering van konstitusionele eenheid, nadat die huwelike voltrek en plase uitgegee onder sy bestuur as wettig erken is. (22).

Die tyd van verdeeldheid was egter nog nie verby nie. Die party geskille was te sterk en die omstandighede het individualisme en dwarstrekkerie bevorder. Daar was destyds oor die Vaal 'n blanke bevolking van 'n paar duisend siele wat groepsgewyse oor 'n uitgestrekte streek versprei was

(22) Pret. Arg. EVR 3 p. 201. Stuatt: Hollandsche Afrikanen etc. p. 202.

in en rondom 'n paar dorpies met groot tussenruimtes. Persoonlike, politieke en godsdienstige geskille het gewoonlik ooreengeslaan met geografiese verdelings. Dit het die saak van konstitusionele sentralisasie moeilik gemaak. Eenheid sou alleen uit gemeenskaplike belange en gevare ontstaan maar die was nog nie in hoe mate aanwesig nie. Onder sulke omstandighede was die sentrale bestuur van die swakste en die plaaslike bestuur uiters gebrekkig.

Die Wetgewende Mag: Die Volksraad, 'n voortsetting van die Oorigstadse Raad, was nomineel die hoogste wetgewende en uitvoerende gesag in die land. Enkele wysigings is ingebring wat betref die ledetal van, en verteenwoordiging in die Volksraad. Op die vergadering van September 1849 te Krugerspost is besluit dat die Volksraad sou bestaan uit 24 lede, twaalf lede uit Lydenburg en twaalf van ander dele van die gebied. Met die toetreding van Soutpansberg tot die verenigde band en die toename van bevolking en invloed in die Suidweste, was hierdie verteenwoordiging gebrekkig en was 'n nuwe delimitasie seessensieel. (23) Twaalf lede sou 'n kworum vorm en besluite of resolusies is deur 'n drie-kwart meerderheid geneem. Die Volksraad moes driemaal per jaar op verskillende plekke byeenkom, maar vyf lede kon tussen die bepaalde sittings die Volksraad byeenroep as omstandighede vereis. By elke sitting is 'n voorsitter gekies uit die aanwesige lede wat dan die besigheid van die dag reël.

Die prosedure van wetgewing was toevallig. By die af-

(23) Engelbrecht: Geschiedenis Ned. Herv. Kerk. [Bylae XXXVI.

wesigheid van 'n bepaalde reglement van orde vir die Volksraad (24), het wetgewing gevolg op memories uit die volk aan die Volksraad of besluite van die publiek wat altyd in groot getalle aanwesig was by Volksraadsittings. Onvoorbe-reide wetgewing dus, van 'n insidentele aard, want daar was geen permanente staatshoof of President wat 'n vooruit opge-stelde en goedgeurde politiek voor die Volksraad kon lê nie. Die Volksraad het gedurende die sittings ook uitvoe-rende pligte vervul en as regterlike liggaam opgetree en dus het memories, briewe aan verskillende persone, rapporte van amptenare, aanvrae vir grond en bekragtiging van hof -vonnisse by die wetgewende werk van die Volksraad gekom. Hieruit volg dit vanself dat die Volksraad maar min "wetge-wende" werk in die regte sin van die woord kon verrig. Wet-te was daar maar min; die Drie-en-Dertig Artikels opgestel te Potchefstroom op 9 April 1844, toe omstandighede heelte-mal verskillend was, en aangeneem op 23 Mei 1849 as algemene wet van die land, waarvan elke amptenaar 'n kopie moes ont-vang en die regulasies daarin bevat, stiptelik uitvoer (25), was op slot van sake 'n aantal reëls wat voorsiening wil maak vir beter regspleging maar wat van min praktiese waarde was. Slegs een artikel daarin bepaal dat daar elke jaar 'n verkiesing vir die Volksraad moes wees. Raadsbesluite "over landswetten" kon deur die publiek afgekeur word deur-middel van memories as hulle nie daarmee akkoord gaan nie.

(24) Eers in Sept. 1864 is 'n bepaalde Reglement van Orde vir die Volksraad aangeneem. Pret. Arg. EVR 6 Not. 10/23, 12 Sept. 1864.

(25) Pret. Arg. EVR 3 pp. 3-6 Art. 4.

Die bepaling dat die Volksraad op verskillende plekke moes byeenkom was bedoel om die bywoning van lede te vergemaklik, maar dit het die ondoeltreffendheid van die liggaam nog vererger. Weens die uitgestrektheid van die land het dit dikwels gebeur dat verteenwoordigers van die hele gebied nie opgedaag het nie en dat alleen die naaste lede teenwoordig was. Dikwels het dit dus gebeur dat die Volksraad nie voltallig was nie en dan is gewoonlik gebruik gemaak van die reëling dat die Raad uit die teenwoordige publiek aangevul kan word. Gevolglik kon dit gebeur dat die Volksraad selfs in twee agtereenvolgende sittings groten deels uit ander lede bestaan wat weer kon lei tot onverantwoordelikheid. Die toestand van sake het ook meegebring dat die Volksraad die kleur aangeneem het van die streek waar dit vergader het, en resolusies kon neem waarin plaaslike belange algemene landsbelange oorskadu. Kontinuiteit van doel en optrede het hierdeur aanmerklik verlore gegaan.

Volksvergaderinge is op verskillende tye gehou en was 'n oorblyfsel van die vergadering van al die persone van die trekparty. Cachet maak hiervan gewag as volg: "Volksvergaderingen zyn in de geschiedenis der boeren van geen geringe beteekenis en zyn wel te onderscheiden van volksoploopen uit revolutionaire beginselen geboren. Gedurende deze vergaderingen was de regering feitelyk buiten functie en namen de leden der regering plaats onder het Volk, er werden voormannen gekozen de bestaande kwestien werden besproken; en alles werd by 'n meerderheid van stemmen beslist Zodra de byeenkomst...afgelopen was, hernam de Regeering

net bestuur in handen, doch gebonden door besluiten van het Volk" (26) Weens die uitgestrektheid van die gebied was hierdie byeenkomste nie altyd verteenwoordigend nie en kon besluite geneem word wat nie algemeen erken is nie. Baie maal het die byeenkomste in 'n land waar sterk partygeskille was, die vorm aangeneem van partyvergaderinge. Die regering het ook nie altyd buiten funksie getree nie, met die gevolg dat daar besluite geneem is deur twee liggame, die Volksraad en die Volksvergadering, wat nie altyd ooreen geslaan het nie. So is b.v. op die publieke byeenkoms te Derdepoort besluit dat daar voortaan 'n verenigde band sou bestaan noord van die Vaalrivier, 'n besluit waarmee die Potgieterense nie akkoord gegaan het nie. Die publieke byeenkoms op Rustenburg het die besluit van die Volksraad dat die 26ste graad S.B. die grens sou wees, herroep. Die volksvergaderinge was seker nie volksoploep uit rewolusionêre beginsels gebore nie, maar die stelsel kon lei tot verwar- ring.

Uitvoerende Mag: Net soos in Natal en Orligstad die geval gewees het, is ook hier die uitvoerende en wetgewende magte nie onderskei nie. Die Volksraad was die hoogste uitvoerende sowel as wetgewende gesag, en terwyl dit in sitting was het dit uitvoerende werk verrig, maar die Volksraad het maar driemaal per jaar vergader vir kort periodes, tesame gereken, tussen een en twee maande in die jaar. Die Volksraad moes dus in twee maande wetgewende, regterlike en uit-

(26) Cachet: *Worstelstryd der Transvalers* p. 307.

voerende arbeid, d.i. feitlik allesomvattende staatswerk, verrig en dit spreek dus vanself dat die tyd te beperk was om veel meer as 'n geringe deel van die staatswerk van so'n uitgebreide gebied te verrig. Vir die orige gedeelte van die jaar was daar geen regering nie van Volksraads sy. Die ou bepaling dat kommissierade van vyf lede in spoedeisende gevalle kon byeenkom om dringende sake af te handel was ook nie van veel praktiese waarde nie, want daar was geen noef wat aan hulle leiding kon gee of 'n konsekwente politiek voorle²⁷ nie. (28) Enige vyf lede kon so'n kommissieraad uitmaak en daar kon dus geen sprake wees van 'n duursame landsbestuur nie. Een getuie verklaar "als de zitting is afgelopen bestaat er noch president, noch Volksraad, noch Commissie van dien raad. Enfin, dat is een ellendige samenstelling". (28)

By hierdie afwesigheid van 'n sterk sentrale bestuur kom nog dat die plaaslike administrasie uiters gebrekkig was. Met die uitsondering van 'n landdros in elke distrik, bygestaan deur die veldkornette, was daar geen sprake van 'n georganiseerde administrasie nie. 'n Doeltreffende poliesiemag het nie bestaan nie; die veldkornette moes rus en orde bewaar in die verskillende wyke, maar hulle was gekose amptenare, van wie min onafhanklike optrede kon verwag word. Die gewone staatsinkomste wat onontbeerlik is om die staatsmasjienerie aan die gang te hou het ontbreek. Die emigrante was veeboere en jagters wat meesal deur die ruilhandel

(27) Pret. Arg. EVR 3 pp. 3-6 art. 13.

(28) Brief Ds. v.d. Hoff aan Prof. Lauts Potch. 17 Aug.

1844 1854 Engelbrecht: Gesch. 1. Bylae XXXVIII.

hulle benodighede verkry het en moes grotendeels sonder geld klaarkom. (29)

Van veel meer belang as die peripatetiese Volksraad of die Kommissierade in die rigting van 'n uitvoerende mag was die Kommandant-Generaals. Van hulle en van die besture waarvan hulle die hoofde was, naamlik die krygsrade, het die Trekkers beskerming en verdediging verwag in geval van onluste. Hulle het van begin af meer duursaamheid gehad as die Volksraad, en elke Kommandant-Generaal het in sy distrikgroot mag en invloed gehad. Die Volksraad het ook in oorlogstyd die noodsaaklikheid van 'n Kommandant-Generaal ingesien, maar het gemeen dat hy in vrede tyd hom mag wederregtelik toeëien wat aan die Volksraad toekom. Vandaar die herhaaldelike beklemtoring van die feit dat die Volksraad die hoogste gesag in die land was, en die poging van die Volksraad om die Kommandant-Generaalskap af te skaf.

Die mag van die Kommandant-Generaal en sy krygsraad insake uitvoerende mag word duidelik getoon deur die optrede van Pretorius in die verkryging van die onafhanklikheid van die Transvaal van die Britse kommissarisse, toe hy met 'n kommissie afgevaardigdes^{is} deur 'n krygsraad om met Hogge en Owen te onderhandel, noewel dit teen die wense van die Volksraad was. (30) Op 'n ander geleentheid besluit die publiek tesame met die krygsraad om 'n besluit van die Volksraad te herroep, dit te verbied transaksies met vreemde moondhede aan te gaan, die werksaamhede daarvan te suspen-

(29) Stuart: Hollandsche Afrikanen p. 216.

(30) Ibid. p. 300.

deur; omdat die krygsraad in alle sake tot welsyn van land en volk moes werksaam wees. (31)

Ons het hier te doen met een liggaam, die Volksraad, wat in naam die hoogste uitvoerende gesag is, maar wat weens die omstandighede en onbeholpenheid dit nie deeglik kan uitoefen nie; met 'n ander instelling wat grondwetlik geen uitvoerende gesag besit nie maar in werklikheid dit uitoefen. Die Kommandant-Generaal en sy krygsraad oefen uitvoerende mag uit in sy distrik en in minstens een geval vir die hele gebied noord van die Vaal. Dit spreek vanself dat so'n stelsel sou lei tot verwarring en botsing van gesag; tussen die Kommandant-Generaal en die Volksraad, en tussen die Kommandant-Generaals onderling; Bekend is die opposiesie wat Pretorius se handelwyse in verband met die Sandrivier ooreenkoms van die Volksraad en van Kommandant-Generaal A. H. Potgieter uitgelok het. Die volgelinge van Pretorius het sy optrede goedgekeur maar die aanhangers van Potgieter het gemeen dat hy inbreuk gemaak het op die jurisdiksie van nulle Kommandant-Generaal. Die hele stelsel toon aan die volslae futiliteit van enige poging om 'n staat in te rig sonder deeglike voorsiening te maak vir 'n sterk algemeen-erkende uitvoerende mag. Dit was essensieel dat daar een persoon, of liggaam van 'n paar persone, moes wees wat in die laaste instansie 'n besliste en hoogste gesag kon uitoefen en wat nie met wetgewende arbeid beslommer was nie. Eenheid van doel in gevalle waar spoedige of kragdadige

(31) Pret. Arg. Soutter Kol. Fak. 3 Dok. 3. Besluit geneem op Magaliesberg 8 Sept. 1851.

optrede nodig was, en wat in 'n uitvoerende liggaam essensieel is, kon nie verkry word in 'n beraadslagende liggaam soos die Volksraad nie, waarvan die lede afsonderlik gekies was deur die volk.

Regterlike Mag: Behalwe wetgewende en uitvoerende mag, het die Volksraad ook nog die hoër regspleging in hande gehad. Dit was dus "een wondersoort van liggaam; het is alles: justietieraad, hoog en laag geregts-hof, hof van appel met een woord een amalgama". (32) Die Volksraad het sake verhoor en oordeel gevel waar die doodstraf moes toegepas word, en het verder opgetree as hoogste hof in sake van appel uit houe van landdros en heemrade. Dat 'n onpartydige en apartstaande hoër hof nodig was wat bowe politieke en persoonlike twiste kon staan, word bewys deur die aanvrae vir 'n "competente geregts-hof" om die geskille tussen persone op te los. Sulke geregshoue het bestaan uit onpartydige persone wat nie in die saak betrokke was nie.

In elke distrik van die gebied was daar 'n landdros, 'n besoldigde amptenaar, wat siviele en kriminele sake moes verhoor en vonnis vel volgens sy oortuiging en die wetboek van van der Linde. Regsgeleerde persone was daar nie. (33) Die landdros kon alleen optree, of as hyself of die betrokke partye dit verlang, dan met behulp van ses heemrade. Die landdroste is bygestaan in die uitvoering van nulle regterlike pligte deur veldkornette gekies deur die burgers in

(32) Brief Ds. van der Hoff aan Prof. Lauts 7 Des. 1853.
Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk. 1. Bylae XXXVI.

(33) Stuart: Hollandsche Afrikanen etc. pp. 215, 256. Pret. Arg. EVR No. 235. VR 420/55. par. 12.

elke wyk. Die veldkornet moes probeer om geskille tussen die inwoners uit die weg te ruim en sodeende hofsake te voorkom.

Krygsmag: Die hele gebied was, wat krygsdoeleindes betref, in vier hoofdistrikte verdeel. Elke distrik was verdeel in wyke met 'n veldkornet oor elk. Die kommandant was meer oor 'n aantal veldkornette geplaas, en aan die hoof van die organisasie het die Kommandant-Generaal gestaan. Die Kommandant-Generaal met sy kommandante en veldkornette het die krygsraad gevorm. (34) Die kommandante het hulle bevele van die Kommandant-Generaal ontvang, dit oorgedra op die veldkornette, wat dan weer op hulle beurt die bevele aan die Burgers bring. Die organisasie van die krygsmag was dus op 'n deegliker basis as die administratiewe organisasie; 'n nouer verband het bestaan in elke distrik tussen die Kommandant-Generaals en hulle krygsrade as tussen die Volksraad en die plaaslike amptenare met die gevolg dat die Kommandant-Generaal en sy krygsraad groot mag uitgeoefen het en dit gelei het tot 'n dualisme tussen die krygsrade en die Volksraad, wat uitvoerende mag betref. (35)

(34) Pret. Arg. Soutter Kol. Pak. 3 Dok 3 Art. 8.

(35) Sien p. 71 hierbo. Ook Pret. Arg. EVR 235 VR 420/55 par. 4,5,6,7.

.....

Hoofstuk 6.

KONSTITUSIONELE REËLINGS 1852-1857.

Na die sluiting van die Sandrivier traktaat met die Britse ootroriteite waardeur die Trekkers noord van die Vaal internasionale erkenning ontvang het, word in die Volksraadbesluite bewyse geving^d dat daar 'n behoefte gevoel is vir die verbetering van die bestaande regulasies en die daarstelling van 'n grondwet. Op 'n kommissieraadsitting te Rustenburg op 20 November 1852 is besluit om die volgende byeenkoms op 'n sentraal-geleë plek te hou en "zoo word de gehele Publiek zowel van Soutpansberg alsook van Lydenburg en elders opgeroepen door de Com. Raad en de Edele Com. Gen. A.W.J. Pretorius om als een vryen Republiek die gemaakte wetten aan te nemen en vas te stellen en de te kort komende by te voegeën en de zelve voor het gehele publiek te leggen ter hunne af of goedkeuring". (1) Dit was 'n poging van die Pretorius-party in die regte rigting. In 'n Volksraadsitting te Lydenburg in September 1853 is die naam van die "Zuid Afrikaansche Republiek" aan die gebied gegee (2), wat reer in Desember van dieselfde jaar verander is tot "De Zuid Afrikaansche Republiek benoorden de Vaalrivier". (3).

Tot dusver het die "Regulationen en Instructien voor den Volksraad en het volk aan Andries Orieg Stad en omliggende land", met enkele wysigings en byvoegings gedien as basis van die inrigting van die staatsaangeleenthede van die gebied noord van die Vaal. Die gebied het nou 'n naam ge-

- (1) Pret. Arg. EVR 3 p. 287. (2) Pret. Arg. EVR 3 p. 412.
(3) Pret. Arg. EVR 4 p. 360. In werklikheid egter het die verkorte naam die mees gebruiklike gebly.

kry en in September 1853 word 'n sogenaamde "Grondwet voor de Volksraad van de Zuid Afrikaansche Republiek" deur die Volksraad te Lydenburg aangeneem. (4) Dit was hoofsaaklik die werk van Buhrmann en moes dien as antwoord op die poging van die Pretorius-party. Die naam is teleurstellend en soos daaruit te verwagte is word alleen melding gemaak van die Volksraad en word die mag daarvan omskryf en beklemtoon, maar nie die flouste skyn van 'n apartstaande uitvoerende mag is daarin sigbaar nie. Dit bevat bepalinge van 'n te algemene aard om enigsins die benaming "grondwet" te regverdig, en slaan vrywel met die reeds aangehaalde regulasies en instruksies ooreen, wat neelwaarskynlik as handleiding gebruik was by die opstelling daarvan. (5)

Al die gebreke waaraan die alreeds genome maatreëls mank gegaan het word weer met eentonige reëlmatigheid hier aangetref. Dit lyk asof die Trekkers, vereers altans, nie tot die insig kan kom nie dat vir die inrigting van 'n welgeordende staat meer nodig is as die opstelling van regulasies vir die Volksraad en die beklemtoning van die mag en gesag daarvan; en dat die absolute negasie van 'n uitvoerende liggaam noodlottige gevolge moet hê. Hulle kan nie loskom van die eenmaal opgestelde en byna geykte vorm waarin die wetgewende mag beskou word as die enigste staatsliggaam wat in al die node en behoeftes moes voorsien, en die hoogste heil van die land bewerkstellig.

(4) Pret. Arg. L 4 en EVR 106 VR 341/53.

(5) Vgl. EVR 2 pp. 1-5 met EVR 106 VR 341/53.

Daar word bepaal dat by elke vergadering van die Volksraad 'n voorsitter sal gekies word "om die zitting te regelen, de orde te bewaren en zoveel mogelyk te zorgen dat gene verbreking of verzuim van Landswetten of besluiten plaats vind". Niks meer nie. Wat betref die mag van die Volksraad is bepaal "De Volksraad heeft alleen het recht om wetten Lastgevingen en verordeningen voor dezen Republiek, en allen Algemeenen Ambtenaren te maken, alsook tot het aanstellen of afschaffen van allen openbaren Ambtenaren, het sluiten of bekrachtigen van allen vreden Tractaaten, of het verbreken van dezelve, lastgeving tot het voeren van oorlogen, of het beletten van dezelve, het bepalen en vaststellen van 's Lands Grenzen, als ook die der Distrikten, Steden en Dorpen, Aanlegging van Steden en Dorpen, Uitgeving of verkoop van algemeenen gronden, in 'én woord, om allen inrigtingen en verordeningen dezen Republiek betreffende te maken, of in het werk te stellen". (6). Die werksaamhede van die Volksraad was dus legio, maar vir die konstitusionele uitoefening van hierdie allesomvattende mag, waarvoor 'n uitvoerende liggaam onontbeerlik was, word egter geen voorsiening gemaak nie. By 'n tekort aan Volksraadslede kon die nodige aantal verkry word deur "van het tegenwoordig zynde publiek ... by te nemen". Die gebrekkige stelsel van kommissierade word as volg bestendig: "by onverwacht of noodzakelyke omstandigheden of zaken kan een voorlopigen Volksraad zitting opgeroepen worden, dezelve

(6) Pret. Arg. EVR 106 VR 341/53 Art. 8.

zal minstens moeten bestaan uit 5 Leden welken in dusdani -
gen omstandigheden verplicht en geregtigd zullen zyn, om
dan zoveel mogelyk, in den voorhanden zynde zaken, beslui-
ten te maken, of te nemen, maar zullen verplicht zyn om
nunen besluiten of werk met den Eerstvolgende zitting der
Volksraad voortebrengen, welke hetzelve alsdan, zal moeten
goedkeuren, veranderen of vernietigen". Alle Volksraadslede
moes die ampseed aflê en hulle name onder genome besluite
teken - 'n poging om meer verantwoordelijkheid te verkry.
Die Landdroste en Kommandant-Generaals kon die Volksraads -
vergaderinge bywoon "ten einde dezelve met geregterlyke
raadgevingen en inlichtingen of andersinds behulpzaam te
zyn". Wat betref die hoer regspleging is bepaal "de Volks-
raad heeft de magt en het recht om straffen en boetens door
de bevoegde Gerechtshoven of anderzinds opgelegd, by hunnen
vonnissen, te verminderen of geheel vryteschelden".

Nie alleen die publiek maar ook die amptenare moes
finaal beslis oor alle wette want daar is bepaal dat "Geen
wetten of besluiten door den Volksraad in hun zitting ge -
maakt of genomen, zullen vastgesteld worden, voordat de -
zelve aan het algemeen bekend gemaakt zyn, met uitzondering
echter van dezulken, die geen uitstel lyden kunnen, en zul-
len zulke wetten of besluiten, wanneer er met de daarop
volgende vergadering der Volksraad geen wettigen tegenwer-
pingen of bezwaren, door de Onder Ambtenaren, of Burgers
tegen dezelve ingebracht worden, alsdan als goedgekeurd en
vastgesteld gehouden worden". (7)

(7) Pret. Arg. EVR 106 VR 341/53.

Tot dusver was alles feitlik maar net 'n duplikasie van bestaande reëlings; twee nuwe bepalings word egter by gebring wat betref godsdienst en onderwys, as volg: "De Volksraad is verplicht, om de Nederduitsche Gereformeerde Godsdienst...ten allen tyden te beskermen, uittebreiden, en te bewaken...De Volksraad is ook verplicht om een Opzicht te houden over de Schoolen".

Wat die Republiek egter dringend noodsaaklik nodig gehad het was 'n doeltreffende uitvoerende liggaam maar die suspesieuse geaardheid van die Wetgewende mag en hulle onwilligheid om enige gesag te laat vaar het dit 'n moeilike taak gemaak om dit te verkry. Daar was geen aparte uitvoerende gesag nie, en die verhouding van die Volksraad met die Kommandant-Generaals en hulle krygrade was heeltemal onbepaal.

By die gebrek aan 'n blywende sentrale regeeringsvorm kon die Volksraad nie veel doen om die verdeeldheid te verminder nie. Die noodsaaklikheid van konstitusionele hervorming is beklemtoon deur die kerklike geskille wat nou erg begin woed het aangaande die verhouding van die Transvaalse kerk met die kerk van die Kaap Kolonie. (8)

In 1853 het albei die Kommandant-Generaals A.H. Potgieter en A.W.J. Pretorius van die toneel verdwyn; die stryd tussen die partye het nie geëindig met hulle dood nie maar het voortgeduur onder M.W. Pretorius en P. Potgieter wat die mantels van hulle vaders opgeneem het, en deur die

(8) Stuart: Hollandsche Afrikanen pp. 214, 216. Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk l. p. 74.

Volksraad as Kommandant-Generaals benoem is. P. Potgieter het in 1854 in 'n ekspediesie teen Makapan gesneuwel maar Stephanus Schoeman is in sy plek benoem en het erfgenaam geword van die Potgieter stryd met Pretorius.

Die grootste faktor in die rigting van 'n eenheidstaat was die houding van die Pretorius-party. M.w. Pretorius het gestrewe daarna en na die dood van P. Potgieter is sy posisie meer en meer versterk. Die Vrystaat het alreeds in 1854 'n deeglike konstitusie gehad en dit het vir Pretorius aangespoor om vir konstitusionele verbetering in die Suid Afrikaanse Republiek te werk. Vanaf 1853 is veral uit Potchefstroom pogings aangewend om die regeringsvorm te verbeter en meer doeltreffend te maak, soos voorstelle van die Volksraad en publiek uit die geweste getuig. (9) Die Lydenburgers wat die grootste invloed in die Volksraad gehad het meens groter verteenwoordiging, het die planne stelselmatig teëgewerk. In 1853 het die Volksraad in 'n sitting te Potchefstroom besluit om 'n meer verteenwoordigende regeringstelsel in die lewe te roep deur die verkiesing van ses lede vir elk van die vier distrikte as volg: "dat in ieder Colonie dezer Republiek zal bestaan Zes leden en niet meer waarvan 3 van elke Colonie zal de Raadsvergaderingen moeten bywonen zoo dat de Ed. Raad voltallig word van 12 perzoonen waarvan de 3 anderen Leden dan by de volgende zitting verplicht zyn te verschynen tot vervulling van de 3 eerste

(9) Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk. 1 Bylae XXXVI. Pret. Arg. EVR 4 Potch. 21 Nov. 1853 Artt. 3, 4, 5.

Leden". (10) Die lede sou as kommissierade die plaaslike bestuur uitmaak en drie lede moes beurtelings die Volksraadsittings bywoon. Die voorstelle is deur die publiek per memories goedgekeur, maar toe die Volksraad in Rustenburg vergader op 7 Junie 1854 met vyftien lede en twee van Lydenburg moes aftree, se Buhrmann: "dat de twee leden die heden hunne zitplaats verlaten heeft door hun eigen goeddunken hetzelve heeft gedaan om de rust en vrede te bevorderen...onder deze voorwaarde, dat deze Heeren niet ontslaan is van hun ambt"⁽¹¹⁾.

Die voorstelle kon die posiesie verbeter, maar wat essensieel was, was die opstelling van 'n degelike grondwet vir die Republiek waarin voorsiening sou gemaak word vir die instelling van die nodige staatsmagte en die bepaling van hul verhouding teenoor mekaar. Raadgewings in hierdie rigting van goedgesinde persone buite die Republiek (Adv. C.J. Brand van Kaapstad) het die Volksraad bereik, aangaande "den noodzakelykheid eener vaste staatsregelen het goedmaken en omschryven van Wetten". (12) Korrespondensie met die Kaapse outoriteite in verband met 'n weersydse uitwisseling van afskrifte van bestaande wette en proklamasies het die noodsaaklikheid beklemtoon. J. Stuart het van die geleentheid gebruik gemaak. Hy was 'n Hollander wat vanaf sy aankoms in die Republiek hom met die Pretorius-party vereenselwig het. Tesame met Ds. van der Hoff het hy vir M.W. Pretorius die

(10) Pret. Arg. Soutter Kol. Pak. 2 Dok. 8. Potch. Nov. 1853 Art. 126. EVR 4 p. 335 Artt. 3,4,5 en p. 361 Art. 126.

(11) Pret. Arg. EVR 4 pp. 374-376 Art. 14.

(12) Pret. Arg. EVR 235 VR 420/55. SS. R 811/55.

groot wenslikheid onder die aandag gebring om aan die Republiek 'n grondwet te gee. Stuart het in sy rol as raadgewer van Pretorius heftige teenkating van Smellekamp en Buhrmann ondervind. (13) In September 1855 het hy voor die Volksraad verskyn "als voorstander van een deel des publieks uitgebreide aanmerkingen aanhalende en bedenkingen opperende over het tegenwoordig regeringstelsel". (14) Gevolglik besluit die Volksraad op 11 September 1855 te Pienaarsrivier om 'n kommissie te benoem, waarop o.a. J. Stuart en Paul Kruger, om 'n "ontwerp van wetten" saam te stel. Op die Volksraadsitting was Lydenburg en Soutpansberg nie verteenwoordig nie en is deur die aanwesige publiek lede gekies om hulle plekke te vul. (15) Daar is besluit dat die Volksraad die eerste Maandag van November te Mooirivier sou vergader en dat die distrikte Lydenburg en Soutpansberg kennis sou ontvang van die sitting; ook om die hele publiek en alle amptenare op te roep om die voorstelle van die kommissie goed te keur.

Die kommissie het op 1 Oktober 1855 te Potchefstroom vergader onder die voorsitterskap van Stuart. Hulle kon put uit eie ondervinding, hulle kennis van die Vrystaatse grondwet, en het as leidraad gebruik 'n Franse vertaling van die grondwet van die Verenigde State van Noord Amerika. Die kommissie het die beginsels en riglyne aangegee en

(13) Almanak Ned. Herv. Kerk 1923 p. 169 et seq.

(14) Pret. Arg. EVR 4 p. 490 et seq.

(15) Pret. Arg. L 7. Sien Lydenburgse redes vir afskeiding.

Stuart het die artikels vervaardig. (16). Lydenburg en Soutpansberg het die maatreëls verwerp (17), maar desnieteenstaande het die kommissie 'n grondwet opgestel wat die basis gevorm het van die latere Rustenburgse Grondwet.

Op 1 November 1855 is die grondwet deur die kommissie aan die Volksraad te Potchefstroom voorgele wat dit op 9 en 15 November tentatief goedgekeur het, met die bepaling egter dat die publiek die reg sou hê om gedurende die daaropvolgende jaar besware daarteen in te bring of wysigings daarin voor te stel. Die grondwet het berus op die prinsiep van die verdeling van staatsmagte en het, kort saamgevat, bepalinge bevat vir die daarstelling van 'n wetgewende mag of Volksraad, 'n uitvoerende mag "Staatsraad" genoem, en 'n regterlike mag. Die Volksraad sou die hoogste gesag wees en die soewereine mag sou by die volk berus, dog geen voorsiening is gemaak vir die konstitusionele uitoefening van hierdie mag nie. Voorsiening is gemaak vir 'n President, 'n Uitvoerende Raad en 'n Hoër Hof apart van die wetgewende mag. (18)

In gevolg die bepalinge van hierdie grondwet het dadelik 'n verkiesing deur die aanwesige publiek plaasgevind vir die provisionele aanstelling van 'n Staatspresident en vise-president, en is M.W. Pretorius en F. Joubert van Lydenburg voorlopig as sodanig gekies; tegelykertyd is 'n verdere eleksie in uitsig gestel vir 'n Staats-President, vise

(16) Een Hollander: Toen en Thans p. 127. Almanak Ned. Herv. Kerk 1923 p. 169. Stuart: Holl. Afrik. pp. 200, 251, 263.

(17) Pret. Arg. EVR 4 p. 500 Artt. 3, 4.

(18) Pret. Arg. EVR 5 en SS. R 930/55.

president, Kommandant-Generaal, en 36 Volksraadslede. As gevolg van proteste uit Soutpansberg is die konstitusie vir 'n jaar gesuspendeer en het die genoemde twee gekose persone nie in hulle hoedanigheid van provisionele Staats-president en vise-president opgetree nie. (19)

Intussen het S. Schoeman vir Pretorius in Potchefstroom 'n besoek en het hulle ooreengekom dat stappe moes geneem word "om den vervallen regerings staat weder op de been te brengen want waar geene behoorlyke wetten bestaan zulk een land en volk niet anders dan tot verwoesting - wanorde - tweedragt en spot zyner naburen en wat dies meer zy moet geraken"; dat hulle sekere voorstelle van wette aan die Volksraad wat in Mei 1856 moes vergader, sou voorle[^] om die bestaande verdeeldheid te heel en "ten einde er wetten met het minste tydverlies mogelyk onder ons in werking gesteld worden, opdat wy niet langer by onze naburige^{en} en vreemde natiën beschouwd mogen worden as een volk zonder naam en zonder wet". (20) Schoeman het egter hie met die stappe wat geneem was ingestem nie, soos later sal blyk,

Die Volksraad moes in Mei 1856 in die pas-aangelegde dorp Pretoria vergader, maar daar nie 'n genoegsame aantal lede opgedaag het nie, het die aanwesige lede besluit om die Raad as 'n kommissieraad te beskou en die voorstelle van Pretorius en Schoeman uit te voer, naamlik, "het aan-nemen en vastellen eener wet... en het veranderen van den

(19) Pret. Arg. SS. R 930/55. Volksraadbesluite 5-11 Nov. 1855.

(20) Pret. Arg. Soutter Kol. Pak. 2 Dok. 10.

bestaande regeeringsvorm" en hulle het oorgegaan "tot het daarstellen van eenen naam en regeeringsvorm voor dezen staat". Hulle het 'n gewysigde en verkorte grondwet opgestel wat voorsiening gemaak het vir 'n uitvoerende mag, 'n wetgewende mag van twaalf lede en 'n regterlike mag. (21). Opmerklik is dat in hierdie grondwet nie melding gemaak word van 'n President nie, maar wel van 'n "Staatsgeneraal" as hoogste uitvoerende amptenaar. Die "Staatsgeneraal in Raden" sou ook dien as hoogste appélhof. Pretoria is tot regeringsetel van die Suid Afrikaanse Republiek benoem.

Daar is besluit dat die Kommandant-Generaals en landdroste hierdie grondwetsvoorstelle moes bekend maak en die inwoners aanskryf om kieslyste in te stuur vir 'n Staatsgeneraal en Volksraadslede vir Oktober 1856, as daar nie wettige teenwerpings bestaan nie. Teenwerpings moes deur veldkornette en landdroste aan 'n aangestelde kommissie van drie persone bekend gemaak word. Ook hierdie grondwet het misluk.

M. W. Pretorius het intussen in die geweste van Potchefstroom, Rustenburg en Pretoria rondgereis om grondwetsvoorstelle te verduidelik en ondersteuning in te win. Vanaf 16 Desember 1856 het 'n spesiale Volksraad "'n Gecommitteerde Raad der vertegenwoordigers van het Volk dezer Zuid Afrikaansche Republiek" en die publiek die kwessie verder in oorweging geneem. Op 7 Januarie 1857 is daar 'n grondwet voorgestel en aangeneem wat vrywel ooreenslaan met die

(21) Pret. Arg. EVR 5 27 Mei 1856, EVR 235 VR 454/56 en VR 455/56.

oorspronklike konsep van Stuart en wat ook voorsiening maak vir die instelling van die drie gemelde staatsmagte. Dit het bepaal dat die burgers 'n Volksraad sou kies van 24 persone, almal lede van die staatskerk. Helfte van die lede moes jaarliks aftree. Alle besluite van die Volksraad aangaande landswette moes drie maande vooruit aan die publiek bekend gemaak word en daaroor sou dan beslis word deur 'n drie-kwart meerderheid na bespreking van lede alleen. Die Volksraad moes alle siviele amptenare aanstel op aanbeveling van die uitvoerende raad, en verder alle verdrae goed- of afkeur; in onvoorsiene omstandighede moes die krygsraad volgens eie diskressie handel. 'n President, 'n persoon van minstens vyf jaar inwoning in die Republiek, moes vyfjaarliks gekies word en sou bygestaan word deur 'n Staatsekretaris, twee "Staatsraden" en 'n Kommandant-Generaal deur die burgers gekies. Hierdie persone sou die uitvoerende raad uitmaak. Wat betref die regspleging sou appèlle uit plaaslike (distriks) howe verhoor word deur 'n hoër hof bestaande uit drie landdroste, en in kriminele sake deur 'n jurie van twaalf persone. Pretoria sou die setel wees van die regering en Potchefstroom die "hoofd-plaats" (22)

Op 5 Januarie 1857 is M.W. Pretorius gekies en beëdig as President, asook twee "staatsraden" en een staatsekretaris. Vanaf 6 Januarie 1857 dus, het daar 'n Uitvoerende Raad bestaan. Een van die eerste stappe van Pretorius was om ken-

(22) Pret. Arg. SS. R 1268/57 en SS. 1266/57.

nis te gee aan Koning Willem III van Nederland van die stigting van die Suid Afrikaanse Republiek en die benoeming van Prof. Lauts as diplomatieke agent. (23)

Die konstitusie was egter nog nie van die aard "om de Uitvoerende magt die vryheid van handelen te laten welke zy behoeft om zich behoorlyk te doen eerbiedigen, om binnen en buiten 's lands de kwaadwilligen ontzag in te boezemen". (24); want terwyl hierdie poging vir die daarstelling van 'n deeglike regeringsvorm vir die Suid Afrikaanse Republiek in die suidwestelike Transvaal aangewend is, was juis in die oostelike en noordoostelike dele van die Republiek 'n beweging vir afskeiding aan die gang, selfs byna agge-loop.

Schoeman van Soutpansberg, wat volgens die besluite van Potchefstroom as Kommandant-Generaal van die Zuid Afrikaanse Republiek moes optree, was nie bereid om die gesag van Pretorius te erken nie; hy het 'n onafhanklike houding ingeneem, die aangebode amp en die grondwet verwerp en daardeur die onafhanklikheid van Soutpansberg tekenne gegee. (25) Met die verskuiwing van die invloed-sfeer van die ooste na die weste het die Lydenburgers ook meer en meer afvallig geword. Smellekamp en Bunrman het die tuisvuur van politieke faksies aangestook. Dit was vir laasgenoemde 'n onvergeeflike misdaad dat Stuart se naam aan die

- (23) Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk 1. Bylae XLIX.
Brief van Pretorius aan Koning Will. III 10 Jan. 1857.
(24) Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk. 1 Bylae LIV. en
Almanak Herv. Kerk 1923 p. 169.
(25) Van Oordt: Paul Kruger etc. p. 90.

grondwet verbonde was. (26) Die Lydenburgers was gekant teen die politiek van Pretorius wat omhels het een groot republiek met 'n sterk sentrale regeringsvorm en onafhanklikheid van die Transvaalse kerk teenoor die Kaapse Sinode. Vanwee staatkundige en kerklike geskille dus, is deur die Volksraadslede van die distrik Lydenburg, na raadpleging van die volk van die distrik op 16 Desember 1856 besluit om af te skei van die Suid Afrikaanse Republiek en 'n onafhanklike republiek te stig; "een gekompliseerd histories verschynsel, waarvan de staatkundige kant de mayver was tussen Lydenburg en Potchefstroom, en de kerkelike kant de vraag of men al of niet tot de Kaapse Synode zou benoren"⁽²⁷⁾. Die afskeiding is deur 'n volle Volksraad van Lydenburg op 11 Maart 1857 bekrachtig en is bepaal dat die staat die naam sou dra van "de Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika". (28) Lydenburg en Soutpansberg het op 15 September 1857 'n verdrag gesluit om "elkanderen over en weder alle hulp en bystand te bieden om de zaak tegens de Heer M.W. Pretorius en zyn party tegen te werken en (des noods) met geweld van wapenen tegen te gaan, en de werking der zogenaamde Nieuwe Constitutie door Gze. Heer M. W. Pretorius en ZE. party opgerigt te vernietigen". (29)

In die suidooste tussen die Suid Afrikaanse Republiek Natal en Oranje Vrystaat het al sedert 1848 persone hulle gevestig aan die Buffelsrivier (Utrecht). Hulle is deur die

(26) Almanak Ned. Herv. Kerk 1923 p. 169 et seq.

(27) Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk 1 p. 83.

(28) Pret. Arg. L 1 Artt. 4, 6, 9, 10, 14-19. Briewe in L7.

(29) Pret. Arg. Soutter Kol. Pak. 1 Dok.16.

Suid Afrikaanse Republiek beskou as 'n moontlike bron van moeilikheid, maar desnieteenstaande het hulle daar bly woon en selfs in 1852 van die kafferkaptein Panda grond verkry. (30) Hulle het probeer om in nadere betrekking met die Suid Afrikaanse Republiek te kom maar het gesleur en hulle het uiteindelik met die Republiek Lydenburg, met wie hulle gesimpatiseer het, verenig. (31).

Die feit dat Lydenburg en Soutpansberg die grondwet verwerp het, het Pretorius nie verhinder om in April 1857 die Vrystaat te besoek nie om 'n vereniging tussen die Suid Afrikaanse Republiek en die Vrystaat te soek; juis op 'n tydstip toe sy gesag as President noord van die Vaal nie algemeen erken is nie. Toe hy vind dat die meerderheid van die Vrystaters hulle nie wou vaskoppel aan die onsekerhede van die Oorvaalse aangeleenthede nie, het hy 'n kommando uit die Transvaal laat kom om deur verowering sy politiek van vereniging deur te voer. 'n Vrystaatse kommando is opgeroep maar deur bemiddeling van Paul Kruger het die twee kommandos by die Renosterrivier nie slaags geraak nie. Pretorius het sy aanspraak op Winburg laat vaar en daar is ooreengekom dat die twee Republieke mekaar se onafhanklikheid sou respekteer. (32)

Pretorius het na die Transvaal teruggekeer en daar beter vordering gemaak want die geskille wat bestaan het tussen die distrik Soutpansberg en die regering van die

(30) Pret. Arg. EVR 235 VR 387/53 en EVR 260 R 582/53.

(31) Pret. Arg. L 14 en U 1.

(32) Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk 1 Bylae CXLIX.
Van Oordt: Paul Kruger.

Suid Afrikaanse Republiek is tersy gele in 'n gekombineerde krygsraadsitting van die krygrade van Pretorius en Schoeman te Rustenburg op 2 Februarie 1858. (33) Daar is besluit dat ses persone van albei kante sou gekies word en dat die twaalf tesame 'n komitee sou vorm en met medewerking van Pretorius en Schoeman 'n grondwet opstel. Op hierdie komitee of kommissie het ook C. Potgieter en Buhrmann van Lydenburg sitting gehad, nie as verteenwoordigers van Lydenburg nie, maar alleen as adviserende lede. Die kommissie het die grondwet van Stuart vry letterlik gekopieer; alleen enkele artikels is gewysig en soms is die volgorde verander, maar die groot beginsels het onveranderd gebly. Hierdie grondwet is deur 'n volle Volksraad te Rustenburg op 16 tot 19 Februarie 1858 goedgekeur. Pretorius het as President sy ampseed afgele, en Schoeman as Kommandant-Generaal, voor die Volksraad. (34)

Hierdie grondwet was, met enkele wysigings en bylae, die konstitusionele basis van die Suid Afrikaanse Republiek totdat dit in 1877 sy onafhanklikheid verloor het. Die saak van konstitusionele eenheid is bevorder deur die toetreding van Utrecht tot die Suid Afrikaanse Republiek in Augustus 1859. Die sitting van Potgieter en Buhrmann op die kommissie het die weg geëffn vir Lydenburg om terug te kom. Buhrmann het onder die indruk gebly dat hy die grondwet van 1858 help maak het (35); Stuart se naam is wegge -

(33) Pret. Arg. EVR 102 VR 2156/58 Art. 1. Paul Kruger's Amptelike Briewe p. 21 et seq.

(34) Pret. Arg. EVR 102. Staats Courant 26 Feb. 1858.

(35) Brief van Buhrmann in De Volkstem 15 April 1889.

neem en daarmee Buhrmann se ergernis. Na lang onderhande-
linge het Lydenburg in April 1860 tot die Suid Afrikaanse
Republiek toegetree. (36)

(36) Pret. Arg. L 15. EVR 107 VR 461/59. Staats Courant
26 Februarie 1858.

.....

Hoofstuk 7.

DIE SUID AFRIKAANSE REPUBLIEK 1858 - 1877.

Die Staat sou die naam dra van die Suid Afrikaanse Republiek. Hierdie wye benaming was 'n oorblyfsel van die Pretorius ideaal en in die Republiek het die gedagte van 'n groot omvattende Suid Afrikaanse Republiek bly voortleef.

Die Suid Afrikaanse Republiek was konstitusioneel ingerig volgens die staatsdriedeling van Montesquieu, wat in meeste beskaafde lande gevolg is. Die drie vernaamste staatstake, wetgewing, uitvoering en regspraak is van mekaar geskei om misbruik van mag te voorkom.

Die Wetgewende Mag: Wetgewing is deur die volk toe- vertrou "in handen van een Volksraad, het hoogste gezag des lands, bestaande uit vertegenwoordigers of lasthebbers des volks, door de stemgeregtigde burgers gekozen; doch alleen voor zooverre, dat aan het volk drie maanden tyds zal gelaten zyn, om over eene voorgestelde wet zyn oordeel aan den Volksraad desverkiezende te kunnen inleveren; behalve de wetten die geen uitstel kunnen lyden". (1) Die Volksraad het bestaan uit minstens twaalf lede (in Jan. 1873 vasgestel op 28). Hulle moes blanke persone wees tussen die ouderdom van 30 en 60 jaar, drie jaar stemgeregtigde burgers wat in die Republiek woon en vaste eiendom daarin besit, en lidmate van die Nederduits Hervormde Kerk. Dit was die staatskerk en geen Roomse Kerk sou toegelaat word nie.

(1) Oorspronklike Grondwet in Pret. Arg. EVR 102. Gepubliseer in Eybers: Select Const. Docs. p. 363.

Wysiging in die godsdiensoepaling is later nodig geag. Nadat 'n versoekskrif vanuit Potchefstroom aan die regering gerig is om te vra vir vryheid van godsdiensoepaling vir Rooms Katolieke het President Pretorius, aandagtig aan 'n handelstraktaat met die Portugeesse, besluit om die saak sterk by die Volksraad aan te beveel en is op 1 Junie 1870 deur die Wetgewende Mag besluit: "volkome vryheid van godsdiensoepaling in dezen staat toe te staan en die bepalinge in Art. 21 der Grondwet buiten werking te stellen". Die toeneming van ander Protestantse kerkgenootskappe het ook later aanleiding gegee tot afskaffing van die staatskerk. As sodanig was in die Grondwet (Art. 20) aangewys die Nederduits Hervormde Kerk. Omdat daar onder President Burgers daarom - trent enige twyfel skyn te gewees het, is die saak vir goed afgehandel by Volksraadsbesluit in September 1876. Vryheid van godsdiensoepaling was egter nog nie volkome nie, want die grondwet het nog die bepaling bevat dat die volk geen ander verteenwoordigers in die Volksraad sou aanstel nie dan diegene wat lidmate van die Hervormde kerk was. (2)

Geen persone van 'n openlike slegte gedag of wat 'n ontorende vonnis te laste gehad het, sou verkiesbaar wees nie vir die Volksraad. Tot op 'n sekere hoogte moes lede nie in famieliebetrekking staan tot ander lede van die Raad nie. Die lede is deur meerderheid van stemme gekies en elke burger, wat die ouderdom van 21 jaar bereik het,

(2) Botha: Staatkundige Ontwikling van die S.A. Rep. p. 23.

sou stemgeregtig wees. Volksraadslede is gekies vir 'n tydperk van twee jaar, later verander tot drie jaar in Junie 1873. (3) Die verkiesing van lede vir die Volksraad sou geheel vry wees en uit ieder distrik moes 'n gelyke aantal lede gekies word. Later, toe die aantal distrikte vermeerder en dorpe in grootte toegeneem het, is voorsiening gemaak vir spesiale verteenwoordiging van die dorpe Potchefstroom, Rustenburg en Lydenburg. (4) Die kiesers van een distrik kon hul stem uitbring vir 'n persoon in 'n ander distrik woonagtig. Verkiesings het eenmaal per jaar geskied en aan die einde van elke sittingsjaar moes die helfte van die lede deur loting afgaan en nulle plekke is opgevul deur verkiesings in die distrikte waarvan die lede uitgeval het. Die stelsel van verantwoordelike bestuur soos dit in die Britse kolonies in swang was, is dus nie in die Suid Afrikaanse Republiek ingevoer nie. Die gekose persoonne was verplig om diens te doen as Volksraadslede, en indien hulle enige beswaar het teen hulle verkiesing moes hulle onmiddellik die Uitvoerende Raad in kennis stel. By weiering sonder voldoende rede sou boete opgelê word. Bywoning van sittings was ook verpligtend en verskoning daarvan sou alleen toegelaat word in gevalle van ongesteldheid. Lede sou alleen verblyf koste ontvang en verder sou hulle gedurende hulle diens tyd vry wees "van 's lands dienst en kosten die de krygsmagt van hen zoude kunnen afvorderen"(5).

(3) Locale Wetten der Z. A. Rep. 1 p. 103.

(4) Ibid. p. 525.

(5) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 44.

Alle lede moes die ampseed afile. Die aanwesige lede moes 'n voorsitter vir die Volksraad kies na die opening van die sitting en vir die tyd van hulle sittingsjaar. Alle besluite sou geskied deur drie-kwart van die aantal stemme. Die vergaderings was oop aan die publiek dog sonder die reg van spreke behalwe wanneer deur die voorsitter aan hulle 'n vraag gestel word. Die Uitvoerende Raad moes sorg dra vir die voorsiening van 'n sekretaris vir die Volksraad. Die werksaamhede van die Volksraad is bepaal tot wetgewing en die sitting sou duur totdat alle sake afgehandel is "die behandeld moeten worden". (6)

Wat buitelandse betrekkings betref is bepaal dat geen traktaat of bondgenootskap met vreemde moondhede mag aangebied, aangeneem of gesluit word nie, behalwe na bespreking in en goedkeuring deur die Volksraad. In dringende gevaar of oorlogstyd sou die beoordeling oor die noodsaaklikheid of andersins van sodanige traktaat of bondgenootskap aan die Kommandant-Generaal in oorleg met die krygsraad oorgelaat word, as daar geen tyd is om met die Uitvoerende Raad die kwessie te oorweeg nie.

Die werksaamhede van die Volksraad en hulle volgorde is korteliks bepaal. Die voorsitter van die Volksraad het die sitting geopen en die President van die Uitvoerende Raad doen verslag van sy verrigtings gedurende die afgelope jaar, van die toestand van die Republiek en alles wat haar belang in die algemeen betref. 'n Kommissie van drie per-

(6) Pret. Arg. EVR. 102 Grondwet Art. 43.

sonne deur die Volksraad benoem ondersoek die verslag en bring 'n skriftelike rapport uit daaroor aan die Volksraad wat daarop antwoord. Die Volksraad beraadslaag en oorweeg die voorstelle van wet aan hul voorgelê[^] deur die President; hulle besluit daaroor, asook die tyd wanneer sulke wette in werking moet tree, want daar is bepaal dat aan die volk drie maande tyd moet gelaat word om hulle oordeel oor 'n voorgestelde wet aan die Volksraad in te lewer. Verder moes die Volksraad afskrifte van iedere aangenome wet aan die President stuur ter uitvoering. Die Volksraad het alle amptenare benoem op voordrag van die President. Al die vernaamste amptenare moes hulle ampse in die Volksraad afile. As die President, Kommandant-Generaal of een van die lede van die Uitvoerende Raad deur 'n Hoë Gereghof onwaardig verklaar is, moes hulle deur die Volksraad van hulle pos ontslaan word.

'n Definitiewe prosedure van wetgewing vir die Volksraad het vereers nog ontbreek, dit wil se, sekere reëls wat die wetgewende liggaam opstel met die doel om 'n deeglike en ordelike verrigting van werksaamhede te verkry. Om aan die een kant te verhinder dat die liggaam onbedagte of onsonne besluite neem, maar ook aan die ander kant vrugtelose langdradigheid van bespreking te vermy. Die vernaamste punte van so'n prosedure is eerstens, die stelsel van lesings, dit is, die reëling dat elke wetsvoorstel nie onmiddellik to stemming gebring word nie, maar op drie verskillende lesings. Hierdeur word getrag om onbesonne besluite uit te skakel. Twedens, die stelsel van komitees, die doel waarvan is om die verrigting van werksaamhede te

vergemaklik en die kragte van die wetgewende liggaam te vermenigvuldig deur opdragte van werk te gee aan verskillende komitees. Derdens, die reëling om die besprekings deur 'n mosie te beëindig of tenminste te beperk, om daardeur nuttelose uitgerektheid van bespreking te voorkom. Die Franse Wetgewende vergadering van 1789 het aan die gebrek van so'n prosedure mank gegaan. Wat betref die Volksraad van die Suid Afrikaanse Republiek blyk dit dat die eerste punt in sekere mate verkry is deur die bepaling dat alle wetsvoorstelle drie maande vooruit/^{moes} bekend gemaak word om daardeur 'n oorwegingstydperk te verskaf. Wat betref die tweede en derde punte egter, blyk dit dat hulle vereers byna heeltemal ontbreek. Een persoon wat 'n objektiewe kyk op sake gehad het, getuig as volg: "Na acht dagen de Volksraad te hebben bygewoond, die veel onzin pratende de zaken op 't sleeptouw hield, om het publiek te vermoeien, verliet ik Pretoria".(7) Alhoewel 'n reglement van orde in September 1863 aangeneem is, is meermale daarvan afgewyk. (8) Deur ondervinding gelei het die Volksraad later sekere werksaamhede opgedra aan kommissies.

Die grondwet van 1858 het voorsiening gemaak vir net een kamer van volksverteenvoordiging wat moes dien as wetgewende liggaam; 'n stelsel wat by die gebrek aan die reviserende mag van 'n tweede kamer, bloot staan aan onbesonnenheid of onverantwoordelikheid. Gebreke wat by 'n bi-kamerale stelsel, wat versigtigheid en oorweging in die hand werk, groteliks uitgeskakel word.

(7) Beskrywing van V.F. sitting deur "Stemgerechtigde Nul" in Het Volksblad 19 Okt. 1860. (Dr. Poortman van Potch.)
(8) Pret. Arg. EVR 6 12 Sept. 1863 Art.10/25.

'n Oorblyfsel van die algemene vergadering van al die persone van die Trekparty is te vinde in die bepaling dat aan die volk drie maande tyd sal gelaat word om oor 'n voorgestelde wet te besluit. 'n Poging dus om direkte wetgewing in te stel, dit wil se[^], die opstelling van wette deur die volk self. Dat die volk self of tenminste die kiesers 'n deel moet he in die wetgewing skyn in 'n sekere sin die beliggaming te wees van die hoogste ideaal van demokratiese selfregering. Hierteenoor kan egter aangevoer word dat vir die opstelling van wette oefening en ondervinding vereis word, en dat die belange van die volk veiliger is in die hande van die lede van 'n deeglik-opgestelde wetgewende mag as wanneer hulle onderwerp word aan die wisselvallig hede van 'n algemene stemming.

Die Uitvoerende Mag: In die grondwet is bepaal "Het Volk draagt de voorstelling en uitvoering der wetten op aan een Uitvoerenden Raad welke tevens de voordragt van alle landsambtenaren aan den Volksraad doet". (9) Die Uitvoerende Raad het aanvanklik bestaan uit vyf persone, die President, Kommandant-Generaal, twee stemgeregtigde burgers deur die Volksraad gekies en 'n goewernementsekretaris. Die President van die Uitvoerende Raad is deur meerderheid van stemme deur die stemgeregtigde burgers gekies vir 'n tydperk van vyf jaar. Hy moes minstens vyfjarige stemgeregtigde burger van die land wees en lidmaat van die Nederduits Hervormde Gemeente. Voor aanvaarding van sy amp moes die

(9) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 13.

President sy ampseed voor die Volksraad afle[^] om getrou te wees aan die volk en hom te gedra ooreenkomstig die grondwet. Hy was "de eerste of hoogste ambtenaar van den Staat, alle landsambtenaren zyn hem ondergeschikt; dezulke egter die met de uitoefening der Regtsmagt bedeed zyn, zyn in die uitoefening geheel en al vry en onafhankelyk". (10) Gedurende sy ampstyd kon die President geen ander betrekking waarneem, kerkelike bediening vervul of handel drywe nie, en hy mag ook nie sonder die toestemming van die Volksraad die land verlaat nie.

Aan die President is opgedra die voorstelling van wette aan die Volksraad, hetsy eie voorstelle, hetsy ander van die volk by hom ingekom. Hy moes hierdie voorstelle drie maande voor hul indiening by die Volksraad deurmiddel van die staatskoerant algemeen bekend maak, asook ander nodige stukke. Hy moes ook sorg vir die bekendmaking van wette binne twee maande na hy kennis ontvang het van die Volksraad dat hulle aangeneem is. Die verdediging van elke wetsvoorstel voor die Volksraad moes geskied deur die President, of in persoon of deur een van die lede van die Uitvoerende Raad, daartoe deur die President aangewys. In geval van 'n vyandelike inval van buite of dringende gevaar kon die President met toestemming van die Uitvoerende Raad, die oorlogswet uitvaardig. Die President moes jaarliks die voorstel van 'n begrotingswet van algemene uitgawes en onkoste vir kerk en staat aan die Volksraad instuur, en daarin aanwys

(10) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 62.

hoe om die tekort te dek of die oorskot te bestee. Tydens die sitting van die Volksraad moes hy verslag gee van sy verrigtings gedurende die afgelope jaar, van die toestand van die Republiek en alles wat die belange van die Republiek in die algemeen betref. Hy moes jaarliks, na die ondersoek van die kieslyste vir die lede van die Volksraad, wat aan die Uitvoerende Raad gestuur is, die Volksraad byeenroep en ook op ander tye wanneer noodsaaklikheid dit vereis. Tenminste eenmaal in die jaar moes hy die stede en dorpe van die Republiek waar landskantore was, besoek, die toestande van die kantore en die gedrag van landsamptenare nagaan en gedurende so'n reis die inwoners die geleentheid gee om gedurende sy verblyf hulle belange aan hom voor te lê. Die President moes alle landsamptenare by die Volksraad aanbeveel en het verder die reg gehad om landsamptenare te skors en voorlopige aanstellings in die staatsdiens te maak onderworpe aan latere bekragtiging deur die Volksraad. Verder was die President belas met die reëling van die publieke diens, die poswese en publieke werke.

Die President met die Uitvoerende Raad het die reg gehad om strawwe te verminder of kwyt te skel op voordrag van die hof wat die vonnis gevel het, of op versoek van die veroordeeldes nadat hulle (Pres. in Raad) eers daaromtrent die advies van die hof ingewin het. Die President en lede van die Uitvoerende Raad het die reg gehad om deel te neem aan beraadslagings in die Volksraad dog hulle het daar geen stem gehad nie. Alle beslissings van die Uitvoerende Raad is by meerderheid van stemme geneem en by staking van stem -

me het die President 'n beslissende stem gehad; maar by die bekragtiging van doodsvonnisse of oorlogsverklarings moes die Uitvoerende Raad eenparig besluit. Die Uitvoerende Raad moes tweemaandeliks byeen kom en verder wanneer die President dit nodig ag. Alle besluite van die Uitvoerende Raad en alle amptelike korrespondensie moes deur beide die President en die Goewernementsekretaris onderteken wees.

Die betrekking van goewernementsekretaris - na 31 Mei 1873 Staatsekretaris genoem (11) - was dus een van groot verantwoordelikheid, want hy moes daarvoor sorg "dat de inhoud van het besluit of den brief niet stryd met de bestaande wetten". (12) Die sekretaris saam met die President was die mees verantwoordelike lede van die landsbestuur. Hy is deur die Volksraad gekies en was regstreeks aan die Volksraad verantwoording verskuldig. Die Volksraad het dus aanvanklik die lede van die Uitvoerende Raad gekies met uitsondering van die President en Kommandant-Generaal, wat deur die stemgeregtigde burgers van die land gekies is, eersge - noemde vir vyf jaar en laasgenoemde vir 'n onbepaalde ⁽¹³⁾ tyd. Al die lede van die Uitvoerende Raad moes hulle ampsede voor die Volksraad aflê.

Enige stemgeregtigde burger kon beskuldigings van ampsoortreding of ampsmisdade teen die President of lede van die Uitvoerende Raad inbring en aan die voorsitter van die Volksraad inlewer, wanneer die Volksraad die saak in

(11) Locale Wetten der Z.A. Rep. 1 p. 519.

(12) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 88.

(13) Ibid. Artt. 89, 100.

hande stel van die Staatsprokureur vir ondersoek, en as die klagte blyk gegrond te wees word dit na die Hoë geregs-
hof gestuur wat in die hoogste ressort uitspraak gee.

Uit die bostaande is dit klaarblyklik dat die werk-
saamhede van die President legio was. Die staatswerk is nog
nie verdeel in selfstandige departemente met 'n verantwoor-
delike ministerie aan die hoof daarvan nie en gevolglik
moes die President, wat aan die hoof van al die landsampte-
nare gestaan het, die pligte van so'n liggaam vervul, ter-
wyl die werksaamhede van die vader lede van die Uitvoerende
Raad grotendeels van 'n adviserende geaardheid was.

Opmerklik is dat by die magsverdeling in die grondwet
daar geen melding gemaak word van die President as President
van die staat nie; hieroor word die volgende aangetref: "Het
volk geeft de wetgeving in handen van een Volksraad....draagt
t de voorstelling en uitvoering der wetten op aan een Uitvoe-
renden Raad....stelt de regterlyke magt in handen van Land-
drosten en gezworenen". (14) Gewoonlik word daar van hom ge-
praat as "De President van den Uitvoerenden Raad" en eers in
Oktober 1866 is die titel verander tot Staatspresident. (15)
Wegter hierdie weglating skuil die oordrewe vrees van die
noordelike emigrante vir konstitusionele outokrasie. Vol-
gens die grondwet van 1858 is die President slegs voorsitter
van die Uitvoerende Raad wat as liggaam met die uitvoerende
gesag bekleed is. (16) In werklikheid besit hy tog buitenge-
wone bevoegdhede en 'n hoë status onder die reëling van 1858.

(14) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Artt. 12, 13, 15.

(15) Volksraadsbesluit 22 Okt. 1866.

(16) Eers in die Grondwet van 1889 word definitief bepaal
dat die Uitvoerende mag by die Staats-
president berus.

Deur die stemgeregtigde burgers vir 'n ampstyd van vyf jaar gekies was hy die uitverkose volksleier wat selfs teenoor die Volksraad 'n sterk houding kon inneem. Buitendien is hy ook "de eerste of hoogste amptenaar van den staat" aan wie al die ander amptenare, uitgesonderd die regters, ondergeskik is. Hy maak aantellings in die staatsdiens, onderworpe aan latere bekragtiging deur die Volksraad, berei wetsontwerpe en belastingsvoorstelle voor, en tree in die algemeen as verantwoordelike staatshoof op. Die ernstige leemte waaraan die vorige konstitusionele eksperimente mank gegaan het is dus hier aangevul. Die President kon deur beslistheid en wilskrag 'n kragdadige invloed op die Uitvoerende Raad en die Volksraad uitoefen. Sy posisie was dus heeltemal verskillend van die van die goewerneurs in die Kaapkolonie. Daar het die goewerneur in sy openingsrede eenvoudig die politiek van die eerste minister en sy kollegas vertolk; in die Suid Afrikaanse Republiek kon die President sy eie politiek aan die Volksraad voorlê. Dit spreek dus vanself dat by lang afwesigheid van die President 'n waarnemende President deur die Volksraad aangestel en wat nie algemeen deur die volk gekies is nie, moeilikhede sou ondervind.

Die samestelling van die Uitvoerende Raad is herhaalde kere verander na vereis van omstandighede of as gevolg van ondervinding. Die Uitvoerende Raad is in die lewe geroep op 5 Januarie 1857 toe die Volksraad te Potchefstroom op aanbeveling van 'n kommissie 'n grondwet aangeneem het waarin voorsiening gemaak is vir die wetgewende, uitvoerende en regterlike mag. Die Volksraad het op dieselfde dag oorge-

gaan tot die verkiesing van vier lede vir die Uitvoerende Raad, naamlik, 'n President, twee stemgeregtigde burgers, en 'n sekretaris. (17) Na die Rustenburgse grondwet in Februarie 1858 deur die Volksraad goedgekeur was, is ooreenkomstig hierdie grondwet deur die Volksraad vyf lede van 'n nuwe Uitvoerende Raad gekies, bestaande uit: die President, Kommandant-Generaal, twee stemgeregtigde burgers en die sekretaris. (18) Op 4 April 1860 is die ooreenkoms aangaande die weeraansluiting van die Republiek Lydenburg by die Suid-Afrikaanse Republiek deur die Volksraad goedgekeur en is daar bepaal "dat Lydenburg het volle recht heeft om twee lede voor de Uitvoerenden Raad te kiezen". (19) As gevolg hiervan is twee burgers afkomstig uit Lydenburg as lede van die Uitvoerende Raad gekies. Die ledetal van die Uitvoerende Raad het dus geklim tot sewe, en die grondwet is dienooreenkomstig gewysig. (20) Op 30 Mei 1873, onder die Presidenskap van Burgers, toe heelwat opposisie ontvang is van die Kommandant-Generaal, is bepaal dat die Staatsprokureur ex officio lid van die Uitvoerende Raad sou wees in plaas van die Kommandant-Generaal, wie se pos in vredestryd afgeskaf is, en is die grondwet weer gewysig. (21) 'n Verder verandering is teweeggebring in Oktober 1874 deur die Volksraad en die samestelling is verander tot vyf lede, naamlik, Staatspresident, Staatsekretaris en drie stemgeregtigde bur-

(17) Pret. Arg. SS. R 1268/57 Bylae Artt. 249-251.

(18) Staats Courant Z.A. Rep. Notule 26 Feb. 1858.

(19) Eybers: Select Const. Docs. p. 427 Art. 15.

(20) Staats Courant Z.A. Rep. 26 April 1860. Not. 3-10 April 1860 Art. 20.

(21) Pret. Arg. EVR 11. 30 Mei 1873 Art. 54. Locale Wetten 1 p. 519.

gers. (22) Kort voor die anneksasie is volgens President Burgers se grondwet die saamstelling weer verander. (23)

Die vernaamste vereistes van 'n Uitvoerende liggaam is eenheid van doel en spoedige beslissing van sake in geval van 'n krisis. Hierdie vereistes kan alleen verkry word as die liggaam bestaan uit 'n betreklike klein aantal persone wat verenig is deur 'n gemeenskaplike politiek en gemeenskaplike verantwoordelikheid. Die Uitvoerende Raad van die Suid Afrikaanse Republiek was wat ledetal betref in 'n gunstige posiesie om die vereistes te verkry, maar 'n gemeenskaplike politiek, en gemeenskaplike verantwoordelikheid het ontbreek. Dit was te wyte aan die samestelling van die liggaam. Die Kommandant-Generaal, net soos die President deur die stemgeregtigde burgers gekies, het dikwels opgetree as teenstander van die President en leier van die opposisie party. Kruger, eers as Kommandant-Generaal en later as adisionele lid van die Uitvoerende Raad deur die Volksraad benoem, was een van President Burgers se hewigste teenstanders. Die lede deur die Volksraad gekies was ook dikwels ernstige teenstanders van die staatshoof. Hierdeur kon eenheid van doel en optrede ernstig belemmer word. Die verdeeldheid en magteloosheid van die Uitvoerende Raad in 1887 getuig hiervan. Van daardie poging van President Burgers om 'n verantwoordelike ministerraad te verkry deur 'n nuwe grondwet deur die Volksraad te drywe en daardeur tot 'n beslissing te geraak. (24)

(22) *Locale Wetten der Z.A. Rep.* p. 597.

(23) Sien Burgers se grondwetreelings hieronder.

(24) Ibid.

Die administrasie van die land is op 'n beter basis geplaas as die geval was in die vorige konstitusionele eksperimente, maar dit is nog nie heeltemal geskei van die regterlike organisasie en die krygsmag nie. Aangaande die administratiewe mag of landsamptenare is die volgende reëling gemaak: "De administratiewe magt, of het inlandsche bestuur, ontleent haar gezag van den Uitvoerenden Raad, en staat onder de bevelen van den President en de leden van den Uitvoerenden Raad....zy is in handen van Landdrosten en Heemraden, met byvoeging van Klerken, Marktmeesters, Schutmeesters, Taxateurs en Inspecteurs, en wordt bygestaan door Commandanten en Veldkornetten". (25) Die grondgebied van die Republiek is vir administratiewe doeleindes verdeel in distrikte waartoe behoort afdelings en stede of dorpe. In elke distrik was die administratiewe mag in hande van 'n landdros, ses heemrade, en verder 'n klerk, mark- en skutmeesters, takateurs en inspekteurs. Die landdroste en heemrade was belangrike amptenare want hulle het behalwe die regspleging ook die plaaslike administrasie in hande gehad. Veral was die pligte van die landdros veelsydig, want hy was belas met "het toezigt over stad of dorp benevens over alle ondergeschikte beampten, opdat alle zaken in geregelde orde geschieden". (26) Die landdros en heemrade het dus, onder meer, die plek ingeneem van die latere munisipale- en afdelingsrade. Die kommandante en veldkornette van die verskillende afdelings het, wat die bestuur betref, ten dienste gestaan

(25) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Artt. 171, 172 et seq.

(26) Ibid. Art. 187.

Van die genoemde landsamptenare. Die veldkornette, gekose amptenare, moes alle publikasies in die staatskoerant aan die inwoners van hulle distrikte bekend maak deur byeenkomste vir die doel te hou.

Die Regterlike Mag: In die grondwet is bepaal "Het Volk stelt de regterlyke magt in handen van landdrosten en gezworenen, en laat die aan hun oordeel en geweten over om volgens landswetten te handelen", en verder "De regterlyke magt word uitgeoefend door Landdrosten, Heemraden, en Gezworenen, met toevoeging van Klerken en Geregtsboden, en zoo nodig met den bystand der Veldcornets". (27) Die landdroste is deur die Uitvoerende Raad aan die publiek voorgedra, wat dan binne 'n bepaalde tyd hul goed- of afkeuring daarvoor aan die Uitvoerende Raad skriftelik moes inlewer. Die landdroste moes twee jaar stemgeregtigde burgers wees, geen ontorende vonnis te laste hê nie, minstens dertig jaar oud en vaste goedere binne die Republiek besit. Hulle moes voor aanvaarding van hulle pligte borge stel ten bedrae van 5333 Rds. "ter verzekering van alle geldelyke administrasies die aan hen zullen worden toevertrouwd". (28) Die heemrade is deur die hof van landdros en Heemrade gekies onder kennisgewing daarvan aan die Uitvoerende Raad en onder nadere goedkeuring van die publiek. Daarna is hulle aangestel vir twee jaar en was by aftreding herkiesbaar. Hulle kwalifikasies was dieselfde as vir landdroste, eiendoms kwalifikasie nitgesonderd. Die gesworenes of jurielede moes stemgeregtigde burgers wees

(27) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Artt. 15 en 127 et seq.

(28) Ibid. Art. 130.

geen onderende vonnis te laste hê nie en minstens 30 jaar oud wees. Die landdroste en heemrade het lyste opgemaak van bekwame persone in die distrik wat as jurielede kon dien en hulle is beurtelings opgeroep om sitting te neem. Diens as landdros, heemraad of jurielid was verpligtend en weiering was met boete strafbaar tensy voldoende rede teen die uitgebragte keuse kon aangegee word. Die amptenare het salarisse of toelae ontvang, driemaandeliks uitbetaalbaar.

In elke distrik was daar twee geregshowe, die van landdros, en die van landdros en heemrade. Bove hierdie howe het 'n Hoë geregshof gestaan, saamgestel uit twee of drie landdroste en twaalf jurielede, wat moes dien as hoogste regsbank in die land waarvoor selfs die President of enige lid van die Uitvoerende Raad kon vervolg word; dit sou ook die hoogste appèlhof wees waarvan die beslissings finaal was. Hierdie hof sou ook 'n rondgaande hof wees wat minstens twee maal in die jaar die distrikte in die Republiek waar kriminele sake was, moes besoek.

In alle burgerlike sake sou uitspraak gedoen en vonnis gevel word deur die landdroshof omtrent eise waarvan die bedrag nie 500 Rds. oortref nie, maar as die vorderange meer was, dan deur die hof van landdros en heemrade. Teen alle vonnisse in die eerste instansie gevel kon appèl aangeteken word; van vonnisse deur die hof van landdros uitgespreek na die hof van landdros en heemrade en hierteen na die Hoë geregshof, mits die appèl binne agt dae na die uitspraak aan die landdros bekendgemaak word.

In kriminele sake kon die genoemde howe uitspraak gee

as volg: die hof van landdros in sake van oortreding, rus-
verstoring ens. waaromtrent geen hoër strawwe bepaal is as
drie maande gevangenskap met of sonder geldelike boete tot
100 Rds. Die hof van landdros en heemrade insake van wange-
drag waaromtrent die strawwe nie hoër loop as drie jaar
tronkstraf met, sonder dwangarbeid en geldelike boete tot
500 Rds. Die Hoë geregshof sou uitspraak gee in sake van
misdaad waarin hoër strawwe as die voormelde betrokke was.
Alle vonnisse sowel in siviele as in kriminele sake is in
openbaar uitgespreek en ten uitvoer gelê in naam van die
volk van die Suid Afrikaanse Republiek.

In die grondwet van 1858 is die wetgewende en regter-
like magte heeltemal van mekaar geskei. In die vorige kon-
stitusionele eksperimente het die Volksraad gedien, party -
maal as hoogste geregshof, en partymaal as hoogste appêlhof.
Die eerste vereiste in die regspraak is onpartydigheid en
dis lig te begrype dat die Volksraad met sy partyskappe in
hierdie opsig kort geskiet het. Die reëling egter dat die
Uitvoerende Raad die landdroste aanstel onder goedkeuring
deur die publiek binne 'n bepaalde tydperk, kon die land-
droste blootstel aan die invloed van politieke of persoon -
like motiewe in hulle gedrag op die regsbank, en die onpar-
tydigheid van hulle uitsprake beskadig. Twee of drie land-
droste het die Hoë geregshof gevorm en die gevaar was dus
ook hier teenwoordig. Voorsiening is nie gemaak nie vir 'n
permanente geregshof waarvan die regters bowe politieke en
persoonlike belange kon staan, en hul betrekkings beklee
'quandiu se bene gesserint". Dit was 'n ernstige leemte wat

veral in die twiste gedurende die burgeroorlog gevoel is. Toe was 'n permanente geregshof essensieel wat uitspraak sou kon gee en waarvan die vonnisse sou gerespekteer en uitgevoer word; 'n onpartydige regsbank deur wie die oproer - makers in die burgerstryd kon gevonniss word veral toe geen Vrystaatse of Natalse regter in die Transvaalse saak wou presideer nie. (29) Eers in 1877 het die grondwet wat burgers aan die Volksraad voorgelê het voorsiening gemaak vir 'n permanente geregshof.

In 1870 is vrederegters in die verskillende distrikte aangestel "ter betere handhaving der wet". (30) Daar was twee klasse. Die eerste het mag gehad om beëdigde verklarings af te neem, misdadigers op sodanige verklarings te arresteer en voorlopige ondersoek in te stel. Hulle moes die gearresteerdes oorhandig aan die publieke aanklaer om deur die geregsnoff vernoor te word. Die tweede klas was resident vrederegters, aangestel op dorpe waar geen landdrosste was nie en hul was gemagtig om kleinere siviele en kriminele sake te verhoor en vonnisse te vel. Teen hierdie vonnisse kon appêl aangeteken word voor die landdros van die distrik. Eienaardig is dit dat die volk nie goedkeuring moes gee by die aanstelling van hierdie amptenare nie; hulle is direk deur die President aangestel maar moes net soos die ander amptenare 'n eed van getrouheid aan die volk aflê.

(29) Dat 'n permanente H^oe geregshof dringend noodsaaklik was en dat die uitsprake van die H^oe geregshof nie gerespekteer was nie, word bewys deur die volgende: 'n Byeenkoms van burgers deur Schoeman opgeroep veroordeel die vonnisse van 'n geregshof. SS. R 4329/61. Sien ook SS. R 4267/61 vir "Incompetente" geregshof. Ook SS. 28 R 580/63 en Staats Courant 27 Okt, 1863.

(30) Eybers: Select Const. Docs. No. 189 p. 431.

In die uitoefening van reg moes kleur in ag geneem word, want "De gerechtshoven zullen by de bepaling der straffen in het oog houden, dat daar dezelve straf voor den een ligter of zwaarder kan zyn dan voor den ander, het de bedoeling van de wetgever is, om een ieder wegens gelyke schending van wet ook even zwaar te bestraffen, en dat mits dien de straffen dienovereenkomstig bepaald moeten worden". (31)

Dit was die standpunt van die noordelike Trekkers wat die blanke beskawing teen die inboorlinggevaar wou beskerm en die versekering wou hê dat die oppergesag van blanke oor kleurling ook in die regspraak beklemtoon sou word.

As basis van die regspraak in die Suid Afrikaanse Republiek is geneem die Hollandse reg (die wetboek van van der Linden, die wetboek van Simon van Leeuwen en die Inleiding van Hugo de Groot), maar "overeenkomstig van het Costuum van Zuid Afrika" en "voor zoover zulks niet strydt met den Grondwet, andere wetten of besluiten". (32)

Die oppergesag van die Volksraad as wetmakende liggaam is as volg vasgelê: "Ieder Hof zal alle Volksraadsbesluiten als wet eerbiedigen, geene aanmerking of beoordeling er over kunnen maken, en wat deur den Volksraad is beslist of goedgekeurd zal niet meer aan de kennisneming van eenig Geregts-hof mogen onderworpen worden". (33)

Krygsmag: Daar is bepaal, "Het volkt vertrouwt de hand-

(31) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 164.

(32) Bylagen tot de Grondwet No. 1 19 Sept. 1859. Locale Wetten der Z.A. Rep. 1 p. 115 en Eybers: Select D.410

(33) Bylagen tot de Grondwet No. 2 19 Sept. 1859. Locale Wetten der Z.A. Rep. 1 p. 115. en Eybers: Select Constitutional Documents p. 418.

aaving der orde aan de Krygsraad toe". (34) Die militêre instellings van die Trekperiode is behou maar die hele organisasie daarvan is op 'n beter basis geplaas. In die vroeëre konstitusionele eksperimente by die gebrek aan 'n uitvoerende mag, het die Kommandant-Generaal en sy krygsraad gedeeltelik die funksies van so'n liggaam vervul; nou egter is die krygsraad en die Uitvoerende Raad van mekaar geskei. Die Kommandant-Generaal het wel sitting in die Uitvoerende Raad gekry, maar die mag en funksie van die Krygsraad en Krygsmag is deur wetlike bepalings vasgelê.

Die krygsmag het bestaan uit "Al de weerbare mannen van deze Republiek, en zoo nodig uit al die der kleurlingen binnen 's lands, wier opperhoofden aan haar onderworpen ⁽³⁵⁾ zyn". Die weerbare manne van die blanke was alle manspersone tussen die ouderdom van 16 en 60 jare, en van die kleurlinge "allen die in staat zyn om in den kryg van dienst te wezen". Tot indeling van die krygsmag is die grondgebied van die Republiek verdeel in veldkornetskappe en distrikte, en dit was elke inwoner se plig om aan die outotiditeite van die veldkornetskap of distrik waarin hy woon te gehoorsaam. Die manskappe het gestaan onder die volgende offisiere, volgens rang van laagste tot hoogste: Assistent-Veldkornette, Veldkornette, Kommandante en een Kommandant-Generaal. Almal is deur meerderheid van stemme gekies; die assistent-veldkornette deur die stemgeregtigde burgers van die wyke, die kom-

(34) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 14.

(35) Ibid. Artt. 96 en 97.

mandante deur die stemgeregtigde burgers van die distrikte en die Kommandant-Generaal deur al die stemgeregtigde burgers van die Republiek. Al die offisiere is dan aangestel vir 'n onbepaalde tyd en was by aftreding herkiesbaar. Om botsing van gesag te voorkom is die pligte van die verskillende offisiere bepaal. Aan die assistent-veldkornette en veldkornette is toevertrou die handhawing van orde; aan die kommandante die kommandos in geval van binnelandse opstande van die kleurlinge, en aan die Kommandant-Generaal die kommandos tot demping van onluste onder die blanke bevolking, die verdediging van die land en die beoorloging van buitenlandse vyande, in welk geval die Kommandant-Generaal die opperbevel oor die hele leër sou hê.

Die stelsel van verkiesing van offisiere soos in die Suid Afrikaanse Republiek in swang was, is nogal demokraties maar het die gevaar meegebring dat die Kommandant-Generaal 'n teenstander van die President, en dat sommige offisiere teenstanders van die Kommandant-Generaal kon wees. Daar kon 'n sekere mate van wrok bly bestaan by die kandidate vir die verskillende betrekkinge wat by die verkiesings uitgeval het. Want verkiesings bring mee dat daar 'n suksesvolle meerderheid bestaan maar ook 'n ontevrede minderheid, en hierdeur kon die eenheid van gevoel en handeling in tyd van gevaar ernstig belemmer word. Die afhanklikheid van die offisiere teenoor die burgers by herkiesings sou die nodige tug in die krygsmag verswak het; voeg hierby dat die veldkornette ook nog bestuurspligte moes vervul dan blyk dit dat hierdie stelsel ook kon lei tot verswakking in die administratiewe

mag. (36)

Die assistent-veldkornette en veldkornette was belangrike amptenare waarvan onder andere die pligte was "naauwkeurig te letten op de rust en goede orde in de respectievelike afdelingen, en zullen niet gedoogen dat dezelve door iemand der bewoners gestoord worde". (37) Onder die handhaving van orde is verstaan "de nakoming der wetten, de ten uitvoerlegging der vonnissen na ontvangen order; de inachtneming der maatregelen van algemeen en plaatselyk belang; voorts het opzicht over de kleurlingen en het tegengaan van landlooperij en vagebonden in de veldcornetschappen". (38).

Die assistent-veldkornette en veldkornette het dus die pligte uitgevoer wat later deur die poliesiemag uitgevoer is, en assulks was hulle onderhorig aan die landdroste sowel as die kommandante. Verder nog moes hulle die landdroste bystaan in die regterlike administrasie want "de k commandanten en veldcornetten voldoen aan de bevelen der landdrosten, voor zooverre zy volgens de bepaling der wetten, omtrent de regterlyke administratiewe magt daarmede in aanmerking ⁽³⁹⁾ komen".

Die veldkornet moes driemaandeliks verslag doen aan die landdros van toestande in sy wyk, en "betreffende krygzaken", behalwe aan die landdros ook aan die kommandant. Die kommandante moes die driemaandelikse verslae van die veldkornette tesame met hulle eie verslae en aanmerkings aan die

(36) Botha: Staatskundige Ontwikling van die S.A. Rep. p. 18

(37) Instructie voor de veldkornetten 17 Sept. 1858 in Kybers: Select Const. Docs. p. 410.

(38) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Artt. 105 en 123.

(39) Ibid. Art. 123.

Kommandant-Generaal stuur, wat weer op sy beurt desgelyks aandel met die verslae van die kommandante by die toesending van sy verslag aan die President van die Uitvoerende Raad.

Ingeval daar nie voldoen word aan 'n gedane oproeping of aan die bevele van die bevoegde mag nie, sou die nalatiges, vanaf die burgers tot by die Kommandant-Generaal met boete gestraf word. In werklikheid egter het die burgers partymaal op groot skaal geweier om aan die oproepe te voldoen, soos die swak opkoms van die burgers getuig by die oproeping van kommandos tot demping van die onluste in Soutpansberg.(40)

Die Kommandant-Generaal kon voortaan^{heen} kragtens sy posisie 'n baie onafhanklike houding inneem en 'n poging is aangewend om sy mag in te kort deur 'n bepaling dat "de Kommandant-Generaal niet voldoende aan de bevelen van den President van den Uitvoerenden Raad", met 50-2000 Rds. boete kon gestraf word, en verder mee gehandel word na die aard van die saak. (41) Verder sou krygsoffisiere wat sonder voldoende rede bedank of weier 'n betrekking te aanvaar, onderneewig wees aan boete.

Die krygsraad wat voorheen partymaal deur die Kommandant Generaal byeen geroep is om magtiging aan hom te verleen vir uitvoerende take, kon in vervolg alleen op sekere tye byeengeroep word. Gedurende die Trek, toe die krygsowerste ook regeerder was, was die vervulling van uitvoerende pligte deur die krygsraad miskien wenslik en selfs ge-

(40) Van Oordt: Paul Kruger etc. p. 127.

(41) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 109.

noodsaak deur die aard van die Trek waar oorlogstoestande geheers het en waar spoedige optrede nodig was. Met die geleidelike ontwikkeling van die siviele bestuur en die afwesigheid van 'n groot en gedurig-dreigende gevaar, het dit in die weg gestaan van die opstelling van 'n deeglike siviele regering. Vanaf 1858 is die mag van die krygsraad beperk tot beslissing van militêre sake en sy samekoms tot oorlogstye, as volg: "In tyd van oorlog of wanneer een Commando in net veld is, zal de krygsraad byeen geroepen worden door den Kommandant-Generaal, wanneer hy zulks noodig acht of als er beschuldigingen zyn ingekomen tegen officieren of manschappen, ter zake van overtredingen, wangedrag of misdaden begaan of gepleegd. De Krygsraad zal bestaan uit al de officieren en ambtenaren die aanwezig zyn". (42) Die Kommandant-Generaal was voorsitter, almal het stemme gehad en besluite is geneem by meerderheid van stemme. By staking van stemme het die Kommandant-Generaal 'n beslissende stem gehad.

Alhoewel die mag van die krygsraad ingekort was, was die rol van die krygsraad nog nie uitgespeel nie, en veral gedurende die burgerstryd (1860-1864) het dit weer op die voorgrond getree. In 1861 bevoorbeeld, het die Volksraad geen sittings gehad nie en is daar krygsraads-en volkskommissievergaderinge gehou. (43)

Die Kommandant-Generaal was 'n baie belangrike persoon. Hy het sitting gehad in die Uitvoerende Raad as lid daarvan (tot 1873); hy is nes die President deur die burgers

(42) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 112.

(43) Sien Staats Courant der Z.A. Rep. 1861.

van die Republiek gekies en hy behou sy amp ook in vredes-tyd. Hy het dus die bevoegdheid gehad om groot invloed op die regering uit te oefen en het dan ook in werklikheid byna as 'n gelykwaardige naas die President gestaan; by tye was hy die aanvoerder van die opposisie party teen die President. Kommandant-Generaal Paul Kruger het partymaal die wereld vir President Burgers baie lastig gemaak en in 1873 is sy pos afgeskaf in vredestryd en is hy vervang op die Uitvoerende Raad deur die Staatsprokureur. (44)

Burgerskap en Stemreg: Volgens die grondwet van 1858 het alle meerderjarige burgers die stemreg geniet. Burgerskap kon verkry word deur geboorte, inwoning, naturalisasie of die verrigting van kommando- of krygsdiens. Die voorwaardes vir die verkryging van burgerskap was dus aanvanklik baie eenvoudig gewees en dit was maklik vir 'n vreemdeling om burgerskap in die Suid Afrikaanse Republiek te verwerf. Hy moes meerderjarig wees, een jaar in die staat gewoon het en 'n eed van getrouheid aan die Republiek aflê met of sonder betaling van naturalisasiegeld. (45) Die voorwaardes was voor 1877 baie liberaal gewees want daar was nog geen uitlanderkwessie nie. Die kleurlyn is egter skerp getrek en "niemand die niet tot de blanke bevolking van die Z.A. Republiek word gerekend, zal als stemgeregtigde burger aangetekend worden" want "het Volk wil geene gelykstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan". (46)

Een van die mees treffende kenmerke van die konstitu-

(44) Locale Wetten der Z.A. Rep. 1 p. 520.

(45) Ibid. p. 645.

(46) Ibid. en Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 9.

sie van die Suid Afrikaanse Republiek is die beginsel van volksoewereiniteit, die teorie dat die volk die bron van alle outoriteit is. So word in die inleidende grondwetlike bepalings gevind: "Het Volk eischt de meest mogelyke maatschappelyke vryheid en verwacht die van het behoud van zyn godsdienstig geloof, van de nakoming zyner verbindtenissen; van zyner ondergeschiktheid aan wet orde en regt, en de handhaving van dezelve. Het Volk laat de uitbreiding van het Evangelium toe onder de heidenen onder bepaalde voorzorgen tegen gebrek of misleiding....Het Volk wil geene gelykstelling van gekleurden met blanke ingezetene toestaan... Het Volk wil geen slavenhandel noch slaverny in deze Republiek dulden". (47) Altyd is dit in die laaste instansie die wil van die volk wat in die staat tot uiting moet kom; selfs is bepaal dat die drie groot staatsmagte alhoewel toevertrou aan afsonderlike staatsorgane, uiteindelik by die volk berus, want : "Het Volk geeft den wetgeving in handen van eenen Volksraad....Het Volk draagt de voorstelling en uitvoering der wetten op aan eenen Uitvoerenden Raad... Het Volk stelt de regterlyke magt in handen van Landdrosten en gezworenen...." Dit is die sterk individualisme van die frekker wat hier tot uiting kom, wat die versekering wil he dat die soewereine mag in sy hande is en wat hom nie maklik onderwerp aan wette waarmee hy nie akkoord gaan nie, want wanneer 'n wet gemaak word kan dit gewoonlik nie toegepas word nie voordat die volk dit goedgekeur het, want dis bepaal "dat aan het Volk drie maanden tyds zal gelaten zyn om

(47) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Artt. 8-16 e.a.

over eene voorgestelde wet zyn oordeel aan den Volksraad desverkiezende te kunnen inleveren". Wanneer 'n persoon vir 'n misdad gearresteer word is dit gedoen in naam van die volk en alle vonnisse is uitgespreek in naam van die volk. Proklamasies eindig met die woorde "God behoede land en Volk" alle ampsebevele bevat die woorde "Ik beloof en zweer plegtig trouw aan het volk".

'n Tweede opvallende kenmerk van die konstitusie van 1858 is die buigzaamheid daarvan. Van hierdie fleksibilitateit skryf Eybers as volg: "Being the fountain of all authority the people did not bind themselves down to any rigid measures. It was well for them that they did not for they would gain in time by education and experience. Some of the clauses could be interpreted in more ways than one, while situations could quite easily be imagined that were not covered by the provisions, and very often no adequate arrangement was made for carrying out the rules laid down or for punishing any breach of those rules. As a result the custom grew up of modifying the provisions in any respect deemed necessary by a resolution of the Volksraad passed by a majority of votes taken at an ordinary session of that body". (48) Gewoonlik bevat 'n grondwet 'n bepaling oor die manier waarop dit kan verander word en die verandering van die aantal stemme in die wetgewende liggaam of van die hele bevolking wat vereis word om 'n verandering of wysiging tot stand te bring. Die grondwet van die Suid

(48) Eybers: Select Const. Docs. p. LXIX par. 2.

Afrikaanse Republiek het geen sulke bepalinge bevat nie en dit is herhaalde male, wanneer dit nodig geag is, as 'n gewone wet gewysig. (49) Volgens die grondwet self was die wetgewende mag die hoogste gesag in die land. Die opstellers van die grondwet kon nie vir die maatskappy in die toekoms bind nie want hulle kon nie alle omstandighede en beoefte voorsien nie, en dit was die enigste oplossing. Dit neem egter nie weg nie dat die gevaar van haastige verandering as gevolg van paniek nie uitgeskakel was nie.

'n Derde punt van belang is die absolute oppergesag van die wetgewende liggaam of Volksraad, "De Volksraad zal het hoogste gezag des lands zyn en de Wetgevende Magt". Dit is verder in 1859 definitief vasgelê toe bepaal is dat elke oof die resolusies van die Volksraad as wet moes beskou en dat geen hof die geldigheid van enige wet in twyfel kon bring nie. (50) Hierdie reëling is ook een van die mees opvallende kenmerke van die Britse konstitusie, waar geen hof 'n wet van die parlement in twyfel trek nie of beskou as teenstrydig met die konstitusie nie.

-----oOo-----

Utrecht het in 1859 by die Suid Afrikaanse Republiek aangesluit en na lang onderhandelinge met die Republiek Lydenburg in April 1860 gevolg. Die ooreenkoms "tot vaststelling der vereniging van beide Staten" toon duidelik hoe

(49) Locale Wetten 1 p. 140 en 427. Pret. Arg. EVR 11 30 Mei 1873 Art. 54.

(50) Bylagen tot de Grondwet No. 2 19 Sept. 1859 in Locale Wetten der Z.A. Rep. 1 p. 133.

noeilik dit was om plaaslike vooroordele en die gevoelens van persoonlike onafhanklikheid en individualisme uit die weg te ruim. Voorsiening is gemaak vir die verteenwoordiging van Lydenburg in die Volksraad en in die Uitvoerende Raad, en op 4 April 1860 het die verenigde Volksraad van die hele Transvaal in Pretoria sitting geneem. Die hele gebied noord van die Vaal was dus in 1860 onder een regeeringsvorm met Pretoria as regeringsetel.

In April 1859 het Boshoff die presidentskap van die Oranje Vrystaat neergelê en aan die end van die jaar is A. W. Pretorius ook as President van die Oranje Vrystaat gekies. Hy het hom die keuse laat welgeval want hy het gemeen dat hy daardeur die ideaal van 'n verenigde Boererepubliek in Suid Afrika sou kon bewerkstellig. Grey het alreeds hier teen gewaarsku en daarop gewys dat die vereniging van die Republieke die geldigheid van die Konvensies waarop hulle onafhanklikheid berus het, in gevaar sou bring; en selfs in Potchefstroom en elders was daar persone van dieselfde opinie . (52)

Pretorius het in Januarie 1860 ses maande verlof gekry "buiten 's lands zich te begeven" (53), en is op 8 Februarie 1860 as President van die Vrystaat ingesweer. Hy wou die vereniging van die Republieke dadelik deurdruk en 'n volkstemming in die Vrystaat het besluit ten gunste van vereniging. In April 1860 het die verenigde Volksraad in die Suid Afrikaanse Republiek byeen gekom. Schoeman en die Lydenbur-

(52) Pret. Arg. SS. R 3486/60.

(53) Staats Courant der Z.A. Rep. 17 Feb. 1860.

gers was teen Pretorius se aanvaarding van die Vrystaatse Presidentskap en daar is besluit dat hy geen outoriteit in die Suid Afrikaanse Republiek kon uitoefen gedurende sy afwesigheid nie. (54) Pretorius het in September 1860 voor die Volksraad verskyn om verantwoording te doen want sy verloftyd was alreeds op 2 Augustus 1860 afgeloop. Die Volksraad het die vereniging met die Oranje Vrystaat afgekeur, en die Vrystaatse afgevaardigdes moes tevrede wees met die besluit "dat eene vriendschappelyke en broederlyke betrekking tusschen het gouvernement der Z.A. Republiek en dat van den Oranje Vrystaat wenschelyk is". (55) Pretorius het sy "eer-["]vol ontslag ontvang (56), want in die grondwet is bepaal dat die President gedurende sy ampstyd geen ander betrekking of amp kon vul nie. (57) J. H. Grobler het as waarnemende President opgetree.

Die ontevredenheid met die waarnemende Presidente in die Suid Afrikaanse Republiek benoem het gelei tot newige partygeskille, vererger deur die optrede van Kommandant-Generaal Schoeman "wat 'n pouslike mag oor die mense wou uitoefen". (58). Dit het uiteindelik gelei tot 'n presidentsverkieping en burgeroorlog.

Die Suid Afrikaanse Republiek het in 1860, op papier altans, 'n deeglik-uitgewerkte grondwet besit wat voorsiening gemaak het vir die nodige staatsmagte en wat gunstig

(54) Staats Courant 20 April 1860 Artt. 48 en 49.

(55) Pret. Arg. EVR 6 Sept. 1860 Art. 72.

(56) Pret. Arg. EVR 6 Sept. 1860 Art. 65.

(57) Pret. Arg. EVR 102 Grondwet Art. 62. Van Oordt: Paul Kruger p. 99. Sien interessante beskrywing van die sitting deur "Stemgerechtigde Nul" (Dr. Poortman) in Het Volksblad 19 Oktober 1860.

(58) Preller:Voortrekkermense IV p. 116.

vergelyk het met die konstitusies van ander beskaafde lande. Jok was die hele streek van die Vaal tot by die Limpopo no- mineel onder een regeeringsvorm. Die jare tussen 1860 en 1864 was egter 'n tydperk van sulke inwendige beroeringe en verwarrende twiste dat die goeie gevolge wat moes ontstaan uit die opstelling van 'n deeglike konstitusie grotendeels agterweë" gebly het, en enige beskouing van die Suid Afrik- kaanse Republiek as welgeordende staat ernstig in twyfel bring.

Inwendige solidariteit het daar in die Suid Afrikaan- se Republiek nie bestaan nie. Lojaliteit aan die pas-opge- stelde konstitusie het ontbreek. Die instellings wat tot stand gebring is, het nog nie die inherente waardigheid be- sit nie wat alleen deur 'n eeue-oue bestaan of 'n lang tyd- perk van historiese ontwikkeling onafskeidelik met sulke in- stellings saamgaan en algemene erkenning verseker. Die Uit- voerende liggaam het ook nog nie deur 'n lang bestaan 'n on- betwisbare gesag geniet of die vryheid van handele gehad nie 'welke zy behoef om zich behoorlyk te doen eerbiedigen om binne en buite 's lands de kwaadwilligen ontzag an te boe- zemen". (59) Groot afstande, onderlinge onkunde, plaaslike vooroordele en gebrekkige verkeersweë" het almal sukses tee- gewerk. Van die plaaslike gekose veldkornette , die enigste poliesiemag van die Republiek, kon geen kragdadige optrede verwag word nie; hulle het gehoor gegee aan die bevale van hul kommandante maar die was self in die stryd gewikkel. Die beperkte politieke insig van die Boere het dit moeilik (59) Engelbrecht: Gesch. Ned. Herv. Kerk 1 Bylae LIV.

gemaak vir hulle om te beseef dat daar in een en dieselfde staat meer as een party in vrede kon saamleef. Die persone wat die leiding kon neem tot die herstelling van orde was self in die stryd betrokke.

M.W. Pretorius het eindelijk in 1863 die Presidentskap van die Oranje Vrystaat bedank en na die noorde teruggekeer waar in Januarie 1864 by 'n nuwe verkiesing, die volkskeuse met 'n oorweldigende meerderheid op hom geval het, en hy het weer die Presidentskap van die Suid Afrikaanse Republiek aanvaar.

Die verdeeldheid onder die blankes het die kafferstamme aangemoedig om 'n vyandige houding in te neem, en in Soutpansberg het die outoriteit van die regering alleen in naam bestaan, en na herhaalde en tevergeefse pogings om die orde daar te herstel het die regering daardie streek aan die natuurlike oorgelaat. (60) Ook in die ooste en weste het kaffermoeilikhede gedreig.

Die grondwet van 1858 was alreeds baie male deur aanvullende resolusies, en bylae en veranderinge onprakties geword en revisie daarvan was noodsaaklik. Op 5 Mei 1870 het President Pretorius van die Volksraad verlof gekry om die grondwet in hersiening te neem en die verskillende aanvullings, resolusies en bylae te korreleer en 'n nuwe of hersiene grondwet op te stel. (61) Die nuwe grondwet is deur Staatsprokureur Proes saangestel op las van die Uit -

(60) Van Oordt: Paul Kruger etc. p. 127 et seq.

(61) Pret. Arg. EVR 8 5 Mei 1870 Art. 14. en 23 Junie 1870 Art. 220.

voerende Raad en aan die volk bekend gemaak by wyse van publikasie in die Staatskoerant van 21 Februarie 1871. Dit het egter nooit in werking gekom nie, want dit is deur die publiek afgekeur op byeenkomste deur die veldkornette ⁽⁶²⁾ bele. Een van die besware daarteen was dat in daardie ontwerp die staatskerk, by name die Nederduits Hervormde Kerk, afgeskaf is.

Die diamant-kwessie het nuwe beroeringe in die Suid-Afrikaanse Republiek versorsaak. Pretorius het op eie gesag toegestem dat die saak aan 'n arbitrasie-hof sou onderwerp word, en in Oktober 1871 het Keate, die Natalse goewerneur en arbiter in die saak, uitspraak gegee waardeur die Suid-Afrikaanse Republiek die streek wes van Makwassiespruit verloor het. Die optrede van Pretorius en die swak verdediging van die Transvaalse saak, het die Volksraad teen hom gekant. Die Volksraad het selfs geweier om die uitspraak van Keate as bindend te erken op grond van die feit dat President Pretorius sy bevoegdheid onder die grondwet oorskrei het omdat hy sy toestemming tot die skeidsreg verleen het sonder die vereiste volmag. (63) Pretorius moes met sy vernaamste amptenare bedank.

Die artikel in die grondwet wat handel oor die kwalifikasies vir President is in alleryl verander en daar is bepaal dat die President "op den dag zyner benoeming geen burger van dezen Staat" hoef te wees nie (64), want die

(62) Pret. Arg. EVR 9 4 Sept. 1871 Aanspraak Pres. Pretorius Art. 4. Grondwet in Staats Courant 21 Feb. 1871 Vol. XIV.

(63) Botha: Staatkundige Ontwikling v.d. S.A. Rep. p. 96.

(64) Locale Wetten der Z.A. Rep. 1 p. 427. Volksraadsbesluit 6 Nov. 1871 Art. 280.

Transvalers wou 'n man hê wat meer geslepe was in die diplomatiek as Pretorius, en hulle het so'n persoon buite die staat gesoek. Hulle keuse het uiteindelik op Ds. Burgers geval. Hy was predikant te Hanover in die Kaap Kolonie, 'n moderne teoloog wat in Holland liberaal geword het en wie se naam deur die hele Suid Afrika bekend was. Sy liberale idees het hulle hom vergewe omdat hy 'n slim en geleerde man was.

President Burgers se ideaal was 'n onafhanklike Suid afrikaanse federale republiek waarin sy staat die leidende aandeel sou neem, met Delagoabaai as hawe, en dus onafhanklik van Britse hawens. Sy pogings om 'n gemeenskap van streng kalvinistiese Boere te moderniseer het 'n groot deel van die bevolking teen hom in verset gebring. Sy kerklike liberalisme, spoorwegplanne en gebrek aan militêre eienskappe wat die Trekkers met hulle regeerder assosieer het, het veral die ou Trekkers teen hom gekant.

In Januarie 1874 het Disraeli aan bewind gekom in Engeland met Carnarvon as koloniale sekretaris, en dit het die politiek van die nuwe imperialisme aangekondig, wat onder meer ingesluit het die konfederasie van Suid Afrikaanse gebiede. Carnarvon wou eers sy konfederasieplanne deur die Kaap Kolonie bewerk, maar toe dit nie wou gaan nie, deur die Fransvaal. Dit het gelyk of die toestande in die Suid Afrikaanse Republiek sy planne in die hand sou werk. President Burgers is nie deur die Doppeparty vertrou nie. Paul Kruger wat hom nie kon versoen nie met die liberale godsdienslike gevoelens van die President nie, het sy betrek-

king as Kommandant-Generaal verloor toe die pos in Junie 1873 in vrede tyd afgeskaf is, en hy is deur die Staatsprokureur op die Uitvoerende Raad vervang. As addisionele lid van die Uitvoerende Raad deur die Volksraad aangewys was hy een van Burgers se hewigste opponente en aanvoerder van die opposisie-party veral na Burgers se leiding in die Sekoekoenie ekspediesie.

Allerhande gerugte van 'n dreigende kaffergevaar en dat die burgers ten gunste van anneksasie was, het Carnarvon bereik en Shepstone is uitgestuur as spesiale kommissaris na die Republiek om die anneksasie provisioneel deur te voer mits 'n genoegsame aantal van die inwoners dit begeer het.

In Januarie 1877 het Shepstone Pretoria bereik en op die 26ste Januarie 'n konferensie met die President en Uitvoerende Raad gehad. 'n Kommissie is benoem om sake met Shepstone of sy afgevaardigdes te behandel, maar die konferensies het op niks uitgeloop nie. In Februarie 1877 het burgers die Volksraad opgeroep tot 'n buitengewone sitting om konfederasie en grondwetshersiening in oorweging te neem, want hy het gemeen dat "onder den tegenwoordigen regeeringsvorm de onafhankelykheid van den Staat niet kon gehandhaafd worden" en dat "indien de Volksraad zou willen toestemmen om de Grondwet zoo te wyzigen dat het Uitvoerend Bewind de noodige macht zou hebben om het Volk in orde te houden, de Republiek nog zou kunnen worden behouden" (65) Paul Kruger was van opinie dat die treurige toestand van die land veroorsaak was deur die regering, die Volksraad en die Volk.

(65) Cachet: Worstelstryd p. 475, uit Blouboek C 1776 p. 153, en Van Oordt: Paul Kruger etc. p. 173.

Burgers het getrag om die hele regering van die land in hersiening te neem en die staat op 'n moderne basis te plaas deur 'n nuwe konstitusie aan die Volksraad voor te lê 'ten einde de wetgeving van het land in overeenstemming te brengen met de eischen van den tyd" want "wil men de inherente toestand van het land verbeteren krachtigen wetten moesten worden vasgesteld". (66) Die nuwe konstitusie het beoog die verbetering van die Uitvoerende liggaam, verbetering in die regswese, verbetering in plaaslike bestuur deur die daarstelling van dorps- en distriksrade wat moes sorg vir weë, skole en openbare werke, en die instelling van 'n voldoende poliesiemag. Hoewel die Volksraad gekant was teen die nuwe konstitusie is dit tog in Maart 1877 gedeeltelik deurgedruk wat betref verbetering in die sentrale bestuur en die regswese. (67)

Volgens hierdie grondwet sou die Uitvoerende mag berus by die Staatspresident wat aan die Volksraad verantwoordelik was. Hy sou mag uitoefen met die Uitvoerende Raad wat in vervolg sou bestaan uit die hoofde van departemente en een lid benoem deur die Volksraad, wat, wanneer nodig, kon optree as vise-president. Die Staatspresident sou die voorstelle van wet aan die Volksraad doen en belas alle eers die amptenaar onder wie se departement hul tuis behoort met die toeligting en verdediging daarvan. Die algemene landsbestuur is verdeel deur die Staatspresident in sewe departemente met 'n sekretaris van staat aan die hoof van

(66) Staats Courant 1877-1879 28 Feb. 1877, Burgers se Grondwet.

(67) Pret. Arg. EVR 12 7 Maart 1877 Artt. 29-32.

elk en tewens lid was van die Uitvoerende Raad. Die departemente sou wees: Finansies, Justiesie, Naturellesake, Openbare Werke, Poliesie- en Krygswese, Onderwys en Buitelandse sake. Dit is deur die Volksraad afgebring tot vyf, met byvoeging van twee non-offisiële lede deur die Volksraad benoem. (68) Dit was dus 'n klein verantwoordelike ministeraad met President as hoogste voorsitter; 'n hervorming in die Uitvoerende Raad waarvoor daar lankal 'n behoefte bestaan het en wat die beter verrigting van werk sou verseker deur die verdeling daarvan. Veral wat betref die invordering van belasting was verbetering dringend noodsaaklik. (69)

Die reëling dat die hoof van die betrokke departement belas was met die toeligting en verdediging van wetsvoorstelle was 'n verstandige reëling; dit sou ongetwyfeld 'n vryer bespreking van wetsvoorstelle bewerkstellig as wanneer hulle deur die President bepleit is. Sy aanhangers en teenstanders sou daardeur instaat gestel wees om hulle aandag neer te wy aan die strekking, inhoud en moontlike gevolge van die wetsvoorstel as aan die persoonlike wense van die President. Die bespreking sou ook vrugbaarder en die beoordeling suiwerder wees wanneer die toeligting en die besonderhede verskaf is, en die vrae en besware beantwoord is

(68) Pret. Arg. EVR. 12 7 Maart 1877 Artt. 29-32. Staats Courant der Z.A. Rep. 1877-1879. 28 Feb. 1877.

(69) In sy toespraak aan die Volksraad het Burgers die volk verwytdat het geen onafhanklikheid waard was, omdat het er niet voor wilde vechten (Sekoekoenie oorlog) en, tans, geen belastingen wilde betalen. Een post, die anders duizenden ponden inbracht, had in de afgelopen maand slechts £38. 10. 0 opgebracht, - uit het gansche land, ternauwernood genoeg om voor het postvervoer van dien dag te betalen". Cachet: Worstelstryd p. 477.

deur die deskundige op die betrokke gebied van staatsbeheer.

Die verbetering in die regsweese genoodsaak deur die 'meerdere bevolking en gewichtige regtskwesies" asook weens 'de onmogelykheid om de wetten des lands uit te voeren" het voorsien in 'n behoefte wat dringend noodsaaklik was. (70) Dit aet voorsiening gemaak vir 'n Hoë geregshof bestaande uit drie regters en 'n rondgaande hof van een regter, albei permanente geregshowe want die regters sou/^{vir} Lewenslank aangestel word en persone wees wat 'n bepaalde studie van die vak gemaak het.

Een skrywer meen "dat Burgers het volk in zyne rechten wilde verkorten, hun Koningsstem hun ontnemen, en de vrye Republikeinsche Konstitutie door een half monarchale wilde laten vervangen" deur hierdie uitbreiding van die mag en bevoegdheede van die Staatspresident en die instelling van 'n Uitvoerende Raad van bekwame en geleerde ministers. (71) Assulks kan dit nie beskou word nie maar wel as 'n ernstige poging om die regeeringsvorm op 'n beter en meer moderne basis te plaas en die behoorlike vervulling van regeeringsfunksies te bewerkstellig. Daardeur sou die regte van die volk nie ingekort word nie maar veel eerder verseker word.

Die nuwe grondwetsreelings kon egter alleen proviesioneel in werking tree want voor die volk daarvoor beslis het, het Shepstone op 12 April 1877 'n proklamasie uitgevaardig waardeur die Suid Afrikaanse Republiek deur die Britse Ryk geannekseer is, en waarin hy sy redes vir die stap uiteen-

(70) Staats Courant 28 Feb. 1877.

(71) Van Oordt: Paul Kruger etc. p. 173.

sit. (72) President Burgers en die nuut-gekonstitueerde Uitvoerende Raad, wat van 9 tot 12 April sittings gehad het, (73) het 'n formele protes aangeteken teen die anneksasie. (74) Burgers het so gou as moontlik die Transvaalse stof van sy skoene geskud.

In April 1877 het die Suid Afrikaanse Republiek sy onafhanklikheid verloor om dit weer in Augustus 1881 terug te kry onder soesereiniteit van Engeland. Die staat was weer feitlik op dieselfde konstitusionele basis as voor die anneksasie ingerig, maar daar was tog 'n wesenlike verskil veroorsaak deur die gemeenskaplike belange en gevare van die periode 1877-1881, wat die vooruitsig op inwendige solidariteit en erkenning van sentrale bestuur aansienlik nader gebring het as wat voor 1877 die geval gewees het.

(72) Eybers: Select Const. Docs. No. 198 p. 448.

(73) Pret. Arg. UR 5 Notule.

(74) Eybers: Select Const. Docs. No. 197 p. 446 en No. 199 p. 454.

.....

S L O T.

Die konstitusionele eksperimente van die Boere in die periode onder behandeling (1836-1877) val duidelik in twee periodes, aan weerskante van 1858.

Die noodsaaklikheid van 'n wetgewende en regterlike liggaam is al gou ingesien en wat in die eerste periode tot 1858 die aandag trek is die gebrek aan 'n permanente regering of staatshoof, en die onbeholpenheid van die Volksraad as gevolg van daardie gebrek. Hoedat daar rondgetas word om voorsiening te maak vir 'n permanente regering maar ook oedat sulke pogings van verskillende kante bekamp word. Jiteindelik in 1858 word voorsiening gemaak vir 'n permanente regering by die daarstelling van 'n President en Uitvoerende Raad. Daarna is dit 'n stryd van daardie liggaam vir algemene erkenning en die opbouing van 'n waardigheid en gesag wat egter by die gebrek/^{aan}gemeenskaplike verantwoordelikeid en politiek, en die aard van omstandighede, selfs in 1877 nog nie verkry is nie. Van die stryd van die Uitvoerende liggaam in die laaste tydperk getuig onder andere die magteloosheid van die Uitvoerende gesag in die beroeringe van 1860-1864. Kenbaar is ook die verdeeldheid en swakheid van die Uitvoerende gesag onder President Burgers in 1877.

By 'n beoordeling van die regeringsinstellings van die Boere en hul doeltreffendheid moet egter in die oog geneou word dat die Trekkers groteliks uit een klas bestaan het, naamlik veeboere, sonder die minste wetlike of historiese

kennis en onervare in staatsaangeleenthede en dat hulle met so'n beperkte kennis alle instellings van begin af moes ontwikkel. Voeg hierby dat die regerings wat daarin ingestel was vanaf hulle insepse teenoor byna onoorkomelike moeilikhede te staan gekom het in die groot uitgestrekte - neid van die land, gebrekkige verkeersweë en 'n buitengewone ontwikkelde individualisme in hul onderdane - moeilikede vererger deur onderlinge afguns en gebrek aan solidariteit - dan laat dit 'n billiker oordeelvelling toe. Elkeen sal geredelik erken dat die regeringstelsel in baie opsigte vatbaar was vir verbetering, maar terselfdertyd verbaasd staan, nie omdat daar in die tydperk onder bespreking so min verwesenlik is nie, maar omdat sulke persone onder sulke omstandighede soveel tot stand gebring het.

.....

AANHANGSEL.

Kort Beskouing oor die Bestuursinrigting van
Soutpansberg, Lydenburg en Utrecht.

Daar bly nog oor om 'n kort oorsig te gee oor die konstitusionele inrigtings van Soutpansberg, Lydenburg en Utrecht gedurende die periodes toe hulle geen deel uitmaak het van die Suid Afrikaanse Republiek nie.

SOUTPANSBERG 1848-1852 en 1857-1858: Na die skeuring in die Oorigstadse Maatskappy het A.H. Potgieter en sy volgelinge hulle afgesonder en in Soutpansberg gaan woon, waar Potgieter sonder Volksraad regeer het. So getuig H.J. Potgieter "de Volksraad blyft in Oorigstad en Potgieter regeert in Zoutpansberg zonder Volksraad". (1) Toe in Mei 1849 die Verenigde Band tot stand gekom het, en die geweste Mooirivier, Magaliesberg, Mariqua en Lydenburg toegetree het (2), het Soutpansberg, nieteenstaande enkele aanmanings geweier om tot die band toe te tree. Eers by geleentheid van die bekragtiging van die Sandrivier Konvensie op 17 Maart 1852 het Soutpansberg by die verenigde band aangesluit en is dit te Rustenburg deur die Volksraad goedgekeur. Die Volksraad is toe deur Potgieter erken as hoogste gesag nadat die huwelike voltrek en plase onder sy bestuur uitgegee, as wettig erken is. (3)

(1) Preller: Voortrekkermense III p. 56.

(2) EVR 3 pp. 113, 129, 130, 133, 134.

(3) EVR 3 pp. 195-209.

Gedurende die periode 1848-1852 het Hoofkommandant A.H. Potgieter as regeerder in Soutpansberg opgetree en hoogste gesag uitgeoefen. Sy regeringsideaal was die bestendiging van die militêre instellings van die Trekperiode waaraan hy alle regeringsgesag wou toevertrou, sowel wetgewende en uitvoerende as regterlike. Hulle is beliggaam in die notule van die algemene byeenkoms wat op 22 en 23 September 1846 te Ohrigstad gehou is, voor die vertrek na Soutpansberg.

Die Hoofkommandant moes ook "Bestierder" wees en "in alle onderhandelinge en bedrywinge met de Publieke welvaart, vryheid en veiligheid in verband staande, den Hoofkommandant alvorens daartoe over te gaan de publieke toestemming daartoe zal nodig hebben in zoverre omstandigheden en den aart der zaak zulks toelaat". (4) Die Hoofkommandant moes dus soveel moontlik met toestemming van die publiek regeer met uitskakeling van 'n Volksraad. Met betrekking tot "disputen en kwestien met de omleggende Inlandsche Stammen" moes die Hoofkommandant die vreedzaamste weg inslaan, maar as die publieke veiligheid bedreig word, moes die Hoofkommandant en sy krygsraad streng optree.

Wat betref die regspraak moes alle geringe geskille en aksies voor die veldkornet gebring word, wat moes probeer die saak in der minne skik, maar as hy nie daarin slaag nie sou hy twee persone oproep om saam met hom die saak te besluis. Gewigtiger sake en appêlle teen die uitspraak van die

(4) Pret. Arg. Soutter Kolleksie Pak. 1 Dok. 6.

veldkornet en twee gesworenes moes deur die kommandant ver-
noor word wat agtien manne sou oproep en daaruit deur loting
ses persone neem om as raad van gesworenes te dien. Die ge-
wigtigste sake en appelle teen hierdie beslissings sou deur
die Hoofkommandant ondersoek en finaal beslis word. Hierin
sou hy bygestaan word deur 'n raad van gesworenes bestaande
uit tussen ses en twee-en-sewentig persone na die gewig van
die saak; hierdie persone sou deur loting verkry word uit
tussen agtien en twee honderd en sestien persone deur die
hoofkommandant opgeroep. Die Hoofkommandant, kommandante
en veldkornette moes hulle gedra na die instellings en bepa-
lings van die Heilige Woord, die Bybel, wat as hoogste wet
moes erken word.

Daar was ook nog Boedelredderaars en Kommissarisse van
Juweliksake. Alle boete en publieke gelde "waaruit ook
spruitende" moes aan die Hoofkommandant gestuur word, wat
benoerlik sou boekhou daarvan en indien vereis, verslag doen
daarvan aan die publiek.

Potgieter het nog voor sy vertrek uit Ohrigstad die
stelsel op Potchefstroom en Winburg probeer toepas (5); en
aangeneem kan word dat hy dit ook gedeeltelik in Soutpans-
berg toegepas het.

Die stelsel van vereniging van alle regeringsfunksies
in die krygsmag, met Hoofkommandant as regeerder in oorleg
nandelende met die republiek, kon prakties in die afsonder-
like Trekke toegepas word, maar was onvoldoende na die perio-
de van neersetting aangebreek en die mense versprei het.

(5) Pret. Arg. Soutter Kolleksie Pak. 2 Dok. 6.

Uit die geringe aantal stukke wat daar bestaan blyk dit dat jaar in 1848 en 1849 ook 'n landdrosskap in Soutpansberg bestaan het.

Gedurende die tydperk 1848 tot 1852 kan daar geen sprake wees van 'n Republiek Soutpansberg nie, wel van 'n neersetting waarin Potgieter die hoogste uitvoerende amptenaar was en assulks 'n byna diktatoriese gesag oor die streek uitgeoefen het.

Vir 'n paar jaar na die Rustenburgse ooreenkoms in 1852, het Soutpansberg deel uitgemaak van die Verenigde Bond, vanaf September 1853 bekend as die Suid Afrikaanse Republiek. Toe die grondwet vir die Suid Afrikaanse Republiek te Potchefstroom bespreek en aangeneem is het Schoeman, die opvolger van Potgieter in Soutpansberg en erfgenaam van die Potgieter stryd met Pretorius, 'n onafhanklike houding ingeneem, die aangebode pos van Kommandant-Generaal van die Suid Afrikaanse Republiek van die hand gewys, die grondwet verwerp en daarmee die onafhanklikheid van Soutpansberg tekenne gegee. Vir 'n jaar het Soutpansberg die onafhanklike houding volgehou, en gedurende die tyd was Schoeman selfs gereed om die Vrystaat te ondersteun teen die uitbreidingspolitiek van Pretorius. (6) Ook het Soutpansberg met die pas gevormde Republiek Lydenburg 'n verdrag gesluit in 1857 "om elkanderen over en weder alle hulp en bystand te bieden om de zaak tegens de Heer M.W. Pretorius en zyn party tegen te werken en (des noods) met geweld van wapenen tegen

(6) Van Oordt: Paul Kruger etc. p. 92.

te werken gaan, en de werking der zogenaamde Nieuwe Consti-
tutie d ar Gze. Heer M. W. Predorius en Z.E. party opge-
rigt te vernietigen". (7) In Februarie 1858 is die geskille
tussen Soutpansberg en die Suid Afrikaanse Republiek tersy
gel  toe 'n kommissie bestaande uit persone van albei kante,
'n nuwe grondwet te Rustenburg opgestel het wat ook deur
Schoeman aanvaar is. (8)

Gedurende die periode 1857 tot 1858 het Soutpansberg
'n onafhanklike houding ingeneem maar as 'n afsonderlike Re-
publiek kan dit gedurende die periode nie beskou word nie.
Geen poging is aangewend vir die daarstelling van 'n bestuur
sinrigting bowe en benalwe die amptenare wat daar was nie.

Voor 1852 dus was Soutpansberg een van die geweste van
die Trekkers noord van die Vaal waar A.H. Potgieter die hoog
ste gesag uitgepefen het, en in 1857 was Soutpansberg 'n af-
vallige distrik van die Suid Afrikaanse Republiek. Die af-
valligheid was tewyte aan partygeskille wat dateer uit die
vroee Trekperiode en wat voortgeleef het na die Trek afge-
loop was. Die onafhanklike houding was moontlik weens die
uitgestrektheid van die gebied, en omdat die outoriteit van
die Suid Afrikaanse Republiek nog nie van so'n aard was om
deur kragdadige optrede Soutpansberg onder die sentrale be-
stuur in te bring nie.

(7) Pret. Arg. L 1, ook Soutter Kolleksie Pak 1 Dok. 16 vir
ooreenkoms 15 September 1857.

(8) Pret. Arg. EVR 102.

.....

LYDENBURG 1856-1860: Die Oorigstadse maatskappy het op 23 Mei 1849 by die "Vereenigde Band van het geheel Maatschappy aan deze zyde de Vaalrivier" aangesluit. Op 20 September van dieselfde jaar is deur die Volksraad van die Verenigde Band besluit om 'n nuwe dorp uit te lê met die naam van Lydenburg en is ook die "dorpscheiding van die nuw benoemde dorp Lydenburg" vasgestel. Hiermee is bedoel die grensomskrywing van die distrik Lydenburg wat beskou was as die opvolger van die Oorigstadse Maatskappy. (1) Vanaf 1849 dus tot aan die end van die jaar 1856 het Lydenburg een van die distrikte uitgemaak van die verenigde band, wat later bekend gestaan het as die Suid Afrikaanse Republiek.

As gevolg van staatkundige en kerklike geskille met die regering en Volksraad van die Suid Afrikaanse Republiek het die Volksraadslede van die distrik Lydenburg, na raadpleging van die inwoners van die distrik, op 16 Desember 1856 besluit om af te skei van die Suid Afrikaanse Republiek en 'n eie Republiek te stig, en het die volle Volksraad van Lydenburg, wat op 11 Maart 1857 byeen gekom het, die genome besluit bekragtig. (2) Ook het die Volksraad bepaal dat die pasgevormde staat die naam sou dra van "De Republiek Lydenburg in Zuid Afrika" en die grense van die Republiek omskrywe.

Ingeval daar twyfel sou bestaan aangaande die status van die Republiek is die orige distrikte van die Suid Afrikaanse Republiek in kennis gestel van die afskeiding, en

(1) Locale Wetten der Z.A. Rep. 1849-1885 p. 32.

(2) Pret. Arg. L 1 Artt. 14-19.

ook die regerings van die Kaap Kolonie, Natal en Oranje Vrystaat. Om sy posiesie te handhaaf en ook met die oog op die uitbreiding van grondgebied het die Republiek in onderhandeling getree en konneksies aangeknoop met Soutpansberg en die neersetting Utrecht aan die Buffelsrivier. Met Soutpansberg, wat die konstitusionele reëlings van die Suid Afrikaanse Republiek verwerp het, het Lydenburg 'n verdrag gesluit in September 1857 vir weersydse hulp ingeval van onluste.(3) Met die neersetting Utrecht is ook onderhandelinge op tou gesit. Alreeds toe Lydenburg nog 'n distrik van die Suid Afrikaanse Republiek was, het Utrecht 'n poging aangewend om met die Suid Afrikaanse Republiek te verenig as deel van die distrik Lydenburg. Die onderhandelinge het egter gesleur. In Maart 1856 is die onderhandelinge met Lydenburg hernu met die gevolg dat op 8 Mei 1858 'n vereniging tussen die Republiek Lydenburg en die neersetting Utrecht gesluit is waardeur Utrecht 'n distrik van die Republiek Lydenburg geword het en gebly het tot 18 Augustus 1859. (4) Toe is na onderlinge oorleg en goedkeuring van die Uitvoerende Rade van die Suid Afrikaanse Republiek en die Republiek Lydenburg, en met goedkeuring van die publiek van Utrecht, 'n ooreenkoms getref waardeur Utrecht 'n distrik geword het van die Suid Afrikaanse Republiek. (5)

In die Republiek Lydenburg het die drie staatsmagte bestaan en gefunksioneer volgens sekere instruksies deur die

(3) Pret. Arg. Soutter kol. Ooreenkoms 15 Sept. 1857.

(4) Pret. Arg. L 14 en U 1.

(5) Pret. Arg. L 6, Verslag van Kommissie. Ook SS. R 3088/59. L 6 R 3226/59 en R 3238/59.

Volksraad vasgestel.

Die Wetgewende Mag: Die wetgewende mag was in hante van die Volksraad, die hoogste gesag in die land, bestaande uit twaalf lede wat deur die stemgeregtigde burgers by meerderheid van stemme gekies was. In 1859 is die ledetal verhoog tot veertien deur toevoeging van twee lede vir die distrik Utrecht (6), maar die vermeerdering was van korte duur daar Utrecht in Augustus 1859 by die Suid Afrikaanse Republiek aangesluit het. Aanvanklik is die lede vir een jaar gekies maar dis later verander tot twee jaar.

Die werksaamhede van die Volksraad het bestaan uit die opstelling van wette en instruksies vir die Republiek; die reëling van landsake en die aanstelling of ontslag van amptenare. Kommissierade van Volksraadslede kon in spesiale gevalle sitting neem maar die besluite daarvan moes in die eersvolgende sitting van die Volksraad voorgelê word vir goed- of afkeuring. 'n Voorsitter en 'n sekretaris is by elke vergadering van die Volksraad uit die teenwoordige lede gekies. Meesal het sittings plaasgevind op Lydenburg behalwe in 'n paar gevalle waar sittings op plase van privaat persone gehou is. Die sekretaris het die notule en besluite neergeskrywe en hulle is dan na afloop van die sitting deur hom en al die lede onderteken. Die sekretaris moes verder alle besluite van publieke belang ter kennis bring van die publiek deurmiddel van die Veldkornette; hy moes ook uitvoering gee aan opdragte deur die Volksraad aan hom gegee. Lede

(6) Pret. Arg. L 2.18 Januarie 1859. p. 213.

van die Volksraad het toelaes ontvang om verblyf koste te dek.

Uitvoerende Mag: Daar het aanvanklik geen Uitvoerende Raad bestaan nie maar die noodsaaklikheid daarvan is heel gou ingesien en op 5 Oktober 1857 is deur die Volksraad 'n Uitvoerende Raad in die lewe geroep. (7) Dit het bestaan uit twee lede daartoe deur die stemgeregtigde burgers gekies (aanvanklik provisioneel deur die Volksraad aangestel), asook twee ander wat as plaasvervangers moes optree in noodsaaklike gevalle. Ook 'n sekretaris wat bekend gestaan het as goewermentsekreteraris en wat ook as sekretaris van die Volksraad moes optree. Al die lede sou diens neem vir 'n tydperk van twee jaar. Die goewermentsekreteraris het 'n salaris ontvang maar die ander twee lede is alleen vir sittingstingsdae betaal.

Die pligte van die Uitvoerende Raad was om alle opdragte van die Volksraad uit te voer en soveel moontlik hangende binnelandse of buitelandse kwessies te reël, sodat die werksaamhede van die Volksraad vereenvoudig en vermindert sou wees. Alles egter het gebeur onder latere bekragtiging deur die Volksraad. Waar kwessies van so'n aard of belangrikheid bestaan het dat hulle nie deur die Uitvoerende Raad kon afgehandel word nie, moes die Uitvoerende Raad 'n Volksraad of 'n kommissieraad spesiaal daarvoor byeenroep. Om die wetgewende arbeid van die Volksraad te vergemaklik en bespoedig moes die Uitvoerende Raad voorstelle

(7) Pret. Arg. L. 1 Okt. 1857.

van wette optrek en drie maande voor die sitting van die Volksraad aan die publiek bekend maak vir goed- of afkeuring, en daarna sou die Volksraad finale beslissing gee. Die Uitvoerende Raad moes ook die verkiesing van Volksraadslede reël. Die Uitvoerende Raad was verplig om sy eie voorsitter uit sy midde te kies vir kort tydperke. In die begin was dit vir elke maand maar later vir langer periodes. Die sittings van die Uitvoerende Raad sou geskied na gelang van omstandighede en gewoonlik het twee of drie sittings per maand plaasgevind. Alle besluite is deur die sekretaris en lede onderteken. Dit was die plig van die goewermentsektaris om die opdragte in die besluite vervat onder die aandag van die betrokke persone of liggame te bring.

In die Republiek Lydenburg was daar geen Staatspresident deur die stemgeregtigde burgers gekies nie, wel 'n voorsitter of president van die Uitvoerende Raad deur daardie liggaam self uit sy midde gekies vir kort periodes, en die pos is deur verskillende persone gevul. Van veel meer belang was die goewermentsektaris, wat in die posiesie was om groot invloed op die regering uit te oefen en wat dit in werklikheid ook gedoen het. Buhrmann is herhaaldelik tot die amp gekies en het daardie werklik 'n groot rol gespeel in die geskiedenis van die Republiek Lydenburg kragtens die uitgebreide magte wat sy posiesie meegebring het.

Alle amptenare het onder die toesig en bevel van die Uitvoerende Raad gestaan. Die vernaamste amptenare wat met die administrasie van landsake te doen gehad het, was die goewermentsektaris, wat soos alreeds aangetoon, uitgebrei-

de werksaamhede verrig het, daar hy tegelykertyd sekretaris van die Volksraad en Uitvoerende Raad was. Die landdros, in die Republiek Lydenburg net een, het ook omvangryke werksaamhede verrig. Hy is deur die stemgeregtigde burgers van die gebied gekies en sy aanstelling deur die Volksraad bekragtig. By afwesighedi is deur die Uitvoerende Raad 'n ander persoon as agerende landdros aangestel, onder nadere goedkeuring van die Volksraad. (8) Behalwe sy regterlike pligte in die hof van landdros en heemrade, moes hy bestuurspligte vervul soos die behartiging van publieke aangeleentede en die uitvoering van die opdragte van die Uitvoerende Raad. Hy was ook belas met die beheer van finansies, en toesig oor die aantekening en inspeksie van plase. Om hom by te staan in sy uitgebreide werksaamhede is aan hom 'n sekretaris toegevoeg, wat ook onder hom moes dien in sy regterlike kapasiteit. (9) Die veldkornette was ook belangrike administratiewe amptenare, want behalwe die uitvoering van die orders van die Kommandant-Generaal en die kommandante, was hulle belas met die bekendmaking van wette, besluite of bevele van die Volksraad of Uitvoerende Raad, wat aan hulle gestuur is deur die goewermentsekreteraris of die landdros; en hulle moes sorg vir die uitvoering daarvan. Hulle moes gereëld burgerlyste opmaak, plase inspekteur, gepleegde misdade ondersoek, daaroor rapporte opmaak en hulle aan die landdros stuur. Hulle moes ook toesig hou oor paaie.

(8) Pret. Arg. L 2. 8 Junie 1859, Art. 10.

(9) Pret. Arg. L 4. Instruksies vir Veldkornette.

Regterlike Mag: Die regspleging is behartig deur die
nowe van landdros en van landdros en heemrade. Die heemrade,
ses in getal, is deur die stemgeregtigde burgers gekies on-
der bekragtiging deur die Volksraad. (10) Alle vonnisse
deur die hof van landdros en heemrade in kriminele sake
uitgespreek moes deur die Uitvoerende Raad bekragtig word (11)
teen die vonnisse deur die hof van landdros en heemrade uit-
gespreek kon appél aangeteken word by die Uitvoerende Raad,
en teen die beslissing van hierdie Raad kon in die laaste
instansie appél gemaak word by die Volksraad wat die finale
beslissing sou gee. (12) Die Volksraad het aan die hof van
landdros en heemrade die reg gegee om 'n wetsverdediger te
benoem in hofsake indien nodig. (13) 'n Permanente Hoë ge-
regshof het nie bestaan nie en die hoër regspleging was in
hande van die Uitvoerende Raad en Volksraad. 'n Reëling wat
die suiwerheid van die regspraak kon benadeel.

Krygsmag: Ook in die Republiek Lydenburg is die krygs-
mag en die uitvoerende mag geskeie gehou. Die krygsoffisie-
re het bestaan uit een Kommandant-Generaal, twee kommandan-
te en 'n aantal veldkornette. Almal was deur die stemgereg-
tigde burgers gekies en hulle aanstelling aan die goedkeu-
ring van die Volksraad onderworpe. Almal het gestaan onder
die bevel van die Uitvoerende Raad. Die veldkornette moes
verslag doen aan die kommandante en die burgers opkomman-

- (10) Pret. Arg. L 1. 16 April 1856 Art. 3. 23 Mei 1856 Art.
26, 24 Okt. 1856 Art. 36, 21 Julie 1857 Art. 17.
(11) Pret. Arg. L 2. 24 Julie 1857 Art. 4.
(12) Pret. Arg. L. 1 p. 143.
(13) Pret. Arg. L 2. 30 Maart 1860 Art. 40.

leer as dit nodig is. (14) Die kommandante moes jaarliks verslag doen aan die Kommandant-Generaal, wat op sy beurt weer by elke sitting van die Volksraad moes verslag doen van sy verrigtinge. Die pligte van die kommandante was 'alle uitvoer van kafferzaken en patrouilles', en die van die Kommandant-Generaal "om zich met het byeenbrengen en den uitvoering van kommandos te bemoeijen". (15) Die plig van die krygsoffisiere was dus om sorg te dra vir die veiligheid van die land en die bewaring van rus en orde daarin. Veral die kaffersake in die besonder is aan hulle toevertrou.

In die Republiek Lydenburg het die proses van demokratisering en die prinsiep van verkiesing nog verder gegaan as in die Suid Afrikaanse Republiek. Al die amptenare vanaf die veldkornette tot die lede van die Uitvoerende Raad is deur die burgers gekies, en dit het blootgestaan aan al die gebreke wat in so'n stelsel aanwesig is.

Vanaf November 1857 is pogings aangewend om die geskille wat daar bestaan het tussen die Suid Afrikaanse Republiek en die Republiek Lydenburg, uit die weg te ruim, tengevolge waarvan deputasies van albei kante mekaar ontmoet het op verskillende plekke en na lang onderhandelinge, is 'n voorlopige ooreenkoms getref. (16) Op 4 April 1860 het 'n verenigde Volksraadsitting op Pretoria plaasgevind en is die ooreenkoms goedgekeur. (17) Vanaf daardie datum het

(14) Instruksies vir Veldkornette in L. 4.

(15) Pret. Arg. I 1. 15 Okt. 1857 Art. 34.

(16) Pret. Arg. I 5. Brief M.W. Pretorius 5 November 1857.

(17) Pret. Arg. I 15. en EVR 107 VR 461/59. Staats Courant 20 April 1860.

Lydenburg weer 'n distrik geword van die Suid Afrikaanse Republiek.

UTRECHT. Alreeds in 1848 het 'n aantal Boere uit Natal onder C. van Rooyen in die omstreke van die Buffelsrivier gaan woon (1), en die aantal het aangegroei totdat hulle die aandag van die Verenigde Band op hulle gevestig het. Kommandant-Generaal A.W.J. Pretorius het teen die neersetting gewaarsku, en die Volksraad van die Suid Afrikaanse Republiek het geprotesteer, want die Buffelsrivierse emigrante het hulle gevestig op gronde "van welke het onbekend is onder welken staat of Gouvernement zy behooren of komen zullen"; en hulle het die vestiging beskou als oorzaak te zullen zyn en worden van groot ongenoegen of onder ons zelve of tussen ons en het Britsche Gouvernement". (2)

Die emigrante het niesteende die aanmanings en dreigemente, tog daar bly woon en het vanaf 1854 probeer om in nadere betrekking of vereniging met die Suid Afrikaanse Republiek te kom, want hulle het beweer dat hulle geen afsonderlike maatskappy opgerig het nie, maar dat hulle behoort aan die Suid Afrikaanse Republiek "want wy rekent ons tot niertoe nocht onder de W. Edlen Raad en hoop dat de Edlen Volks Raad van nu aan toch aan ons zal gedenken". (3) Die Volksraad het hierop 'n halfhartige poging aangewend om provisionele amptenare daar aan te stel.

Intussen het die Buffelsrivierse emigrante 'n stuk

- (1) Theal: History of S.A. since 1795 Vol. IV p. 149.
- (2) Pret. Arg. EVR 260. Proklamasie van Pretorius 27 Des. 1852 en EVR 235 VR 337/53.
- (3) Pret. Arg. I 14 Brief 12 Sept. 1854.

grond van die opperhoof Panda gekoop tussen die samevloeiing van die Buffels- en Bloedriviere "tot vast aan de lyn der vrye Republiek en alle ingeslooten gronden tot aan de Britsche lyn". (4)

Op 'n byeenkoms wat op 5 Junie 1855 te Utrecht gehou is, is 'n bestuur gekies wat bestaan het uit een landdros, vier heemrade, een kommandant en een veldkornet, en is die amptenare beëdig. Verder is op 'n byeenkoms van 15 en 16 Augustus 1855 instruksies opgemaak vir die hof van landdros en heemrade, en ook vir die kommandant en veldkornet. Op die algemene byeenkoms is ook besluit om 'n dorp uit te lê. Dit blyk ook dat daar regulasies bestaan het aangaande huwelike, algemene houtbosse en vir die kantoor. Enkele wette van die Suid Afrikaanse Republiek moes ook in Utrecht van krag wees, onder andere die wet wat handel in naturelle kinders verbied het, en ook die handel in kruit, vuurwapens en perde met naturelle.

Die hof van landdros en heemrade moes behalwe regterlike pligte ook nog bestuurspligte vervul, en tesame met die kommandant en veldkornet uitvoering gee aan die besluite van algemene byeenkomste. Alle sittings van die genoemde hof het geskied met oop deure, en belangrike sake is deur die hof van landdros en heemrade tesame met die "gesamentlike of tegens woordige publiek" beslis. (5)

Die regeringsinstelling van Buffelsrivier of Utrecht was van so'n eenvoudige aard dat hier nie kan gepraat word van 'n onafhanklike Republiek nie, maar alleen van 'n neer-

(4) Originele Koopbrief in Pret. Arg. EVR 260.

(5) Pret. Arg. L 14, afskrifte van dokumente in landdros kantoor te Utrecht Nos. 1, 2, 3, 4.

setting waar stappe geneem is om die sake van die streek te behartig hangende die aansluiting by die Suid Afrikaanse Republiek as deel van die distrik Lydenburg.

Vanaf 1856 het die neersetting Utrecht weer pogings aangewend tot aansluiting by die distrik Lydenburg, wat juis in daardie jaar klaargemaak het om van die Suid Afrikaanse Republiek af te skei en 'n onafhanklike Republiek te stig. Op 8 Mei 1858 is 'n vereniging tussen die Republiek Lydenburg en die neersetting Utrecht gesluit waardeur Utrecht 'n distrik van die Republiek Lydenburg geword het. In Utrecht het 'n landdroskantoor bly bestaan en Utrecht het verteenwoordiging op die Volksraad van die Republiek Lydenburg verkry.(6) Die vereniging was egter van korte duur want op 18 Augustus 1858 het die distrik Utrecht na onderlinge oorleg en met goedkeuring van die Republiek Lydenburg oorgegaan tot die Suid Afrikaanse Republiek.(7)

(6) Pret. Arg. L 14 Konferensie afgevaardigdes van Lydenburg en bestuur van Utrecht 6-8 Mei, en 10-13 Mei 1858.

(7) Pret. Arg. L 6 en SS. R 3226/59, 3088/59, 3238/59 en EVR 6.

-----oOo-----

I N D E K S.

- Artiekels, Drie-en-Dertig, 37, 56, 61.
 Nege, 9, 10, 11.
- Akte, Afstand van Grond, deur Masoas, 42.
- Accoord, met Capatyn Sekwati, afstand van grond, 38, 39.
- Boshoff, stel regulasies op vir burgeramptenare(Natal),16.
- Buhrmann, arbieter in Potgieter-Volksraad stryd, 45.
 op kommissie wat Rustenburgse Grondwet opstel, 89.
 sekretaris Republiek Lydenburg, 142.
- Burger, J.J., stryd met Potgieter in Ohrigstad, 39.
- Burgers, T.F., word President S.A. Republiek, 124.
 Grondwet van, 126, 127, 128, 129.
- Burgerraad, Thaba Nchu, 7, 12.
- Burgerskap, in S.A. Republiek na 1858, 116.
- Constitutie, Nieuwe, verdrag tussen Soutpansberg en Lyden-
 burg om dit teen te werk, 87.
- Drie-en-Dertig Artiekels, 37.
- Derdepoort, Publieke byeenkoms op, 23 Mei 1849, 56.
- Geregshof, Hoë, gebrek aan, 168.
 instelling van, 107.
 permanente, 129.
- Goewerneur, Retief gekies as, 9.
 -in-Rade, 11.
- Grondwet, Burgers se, Maart 1877, 127.
 van 1858, kenmerke van, 116.
 kommissie vir opstelling van, 81.
 voor de Volksraad van de Z.A. Republiek, Septem-
 ber 1853, 75.
 November 1855, te Potchefstroom, 83.
 Mei 1856 te Pretoria, 84.
 Januarie 1857 te Potchefstroom, 84.
 Februarie 1858 te Rustenburg, 89.
 opdrag aan Pretorius vir hersiening van, Febru-
 arie 1870, 123, 124.
- Indiividualisme, van Trekkers, 3.
- Kommandant-Generaal, afskaffing van pos van, 57.
 invloed in rigting van Uitvoerende
 Gesag, 70.
- Kontrak-teorie, toegepas, 7.
- Krygsmag, Natal, 29.
 Ohrigstadse Maatskappy, 50.
 Republiek Lydenburg, 144.
 Suid Afrikaanse Republiek na 1858, 110.
 Verenigde Band, 73.
- Lydenburg, Bestuursinrigting van Republiek, 138.
 Verdrag met Soutpansberg, 87.
 word Republiek, 87.

- Ministerraad, voorsiening vir in Burgers se Grondwet, 128.
- Nege Artikels, 9.
- Natal, Republiek van, 16.
verhouding met Potchefstroom en Winburg, 29.
- Ohrigstad, Maatskappy van, 39.
Stryd in, tussen Potgieter en Volksraad, 39.
verhouding met Potchefstroom en Winburg, 52.
- Potchefstroom, verhouding met Winburg en Natal, 29.
- Potgieter, A.H., afstand van grond aan, deur Sekwati, 38.
Eerste Konstitusionele reëlings met Maritz, 6.
erken Volksraad as hoogste gesag, 64.
een van vier Kommandant-Generaals, 61.
Hoofkommandant, 37, 39.
Na Ohrigstad, 38.
Na Soutpansberg, 45.
Publieke byeenkoms van volgelinge van, te Ohrigstad, 43.
ruil grond van Makwana, 6.
Regeer in Soutpansberg, 133.
- Pretorius, A. W. J., een van vier Kommandant-Generaals, 61.
word Hoofkommandant in Natal, 16.
onderhandel met Hogge en Owen, 61.
- Pretorius, M. W., President S. A. Republiek, 85, 89.
opdrag aan, vir Grondwetskorsiening, 123.
verplig te bedank as President, 124.
- Punishment Act, 35.
- Raad van Poliesie, 11, 12.
- Regulasies en Instruksies, vir Volksraad Natal, 16.
vir regter of magistraat, Natal, 26.
vir Volksraad, Ohrigstad, 45.
- Regterlike Mag, in Burgers se Grondwet, 129.
Natal, 26.
Ohrigstad, 49.
Republiek Lydenburg, 144.
S. A. Republiek na 1858, 106.
Transoranje, 12.
Verenigde Band, 72.
- Republiek, Natal, 16.
Natal, Status van, 35.
Suid Afrikaanse, kry naam, 74.
Suid Afrikaanse, na 1858, 91.
- Retief, P., word Goewerneur, 9.
- Sandrivier, Konvensie van, manier van verkryging, 62.
- Schoeman, verwerp grondwet van Pretorius, 86.
Kommandant-Generaal, S.A. Republiek, 89.
- Sewe Hoofde, Thaba Nchu, 6, 7.
- Soutpansberg, ooreenkoms met Lydenburg, 87.
bestuur van, 1848-1852, 133.
bestuur van, 1857, 136.

- Stemreg, in S.A. Republiek na 1858, 116.
- Stuart, J. aanmerkings van, teen regeringstelsel, 81.
 , op grondwetskommissie, 81.
 grondwet van, 82.
 grondwet van, gekopieer in 1858, 89.
- Thaba Nchu, Konstitusionele reëlings by, 6.
- Trek, Aard van die, 3.
 Groot, veroorsaak Konstitusionele probleme, 2.
 -gees, 1.
- Trekkers, Geaardheid van, 2.
- Uitvoerende Mag, in Burgers se Grondwet, 127.
 Natal, 21.
 Ohrigstad, 48.
 S. A. Republiek na 1858, 97.
 Transoranje, 8.
 Verenigde Band, 68.
 Dualisme tussen Krygsmag en, 70.
- Utrecht, Bestuur van, 147.
- Verenigde Band, 56.
- Vergadering, algemene, van al die persone van die Trek -
 party, 4.
- Volksoewereiniteit, in Grondwet 1858, 117.
- Volksraad, eerste wetgewende liggaam, Thaba Nchu, 6.
 Natal, 17.
 Potchefstroom, 38.
 Ohrigstad, 45.
 Verenigde Band, 65.
 S. A. Republiek na 1858, 91.
- Wetgewende Mag, Adjunkraad, 31.
 Natal, 17.
 Ohrigstad, 40.
 Potchefstroom, 38.
 Raad van Potchefstroom, 30.
 S. A. Republiek na 1858, 91.
 Verenigde Band, 65.
 oppergesag van, volgens Grondwet 1858,
 110, 119.
- Wetgewing, prosedure van, Natal, 20.
 Verenigde Band, 66.
 S. A. Republiek na 1858, 94, 95.
- Winburg, verhouding met Potchefstroom en Natal, 29.

-----oOo-----

Geraadpleegde Bronne en Werke.

----oOo----

Ongepubliseerde Bronne:

MSS. in Staatsargief Pretoria. Veral die Argief van die Volksraad 1838-1877, en daarvan al die EVR en N stukke. Ook SS. stukke, Soutter Kolleksie, ens.

Gepubliseerde Bronne:

BIRD, J: Annals of Natal, Twee Dele.
CHASE, J. C.: Natal Papers, Twee Dele.
ENGELBRECHT, S. P. : Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid Afrika, Twee Dele. (Belangrike Bylaes).
ENGELBRECHT, S. P. : Paul Kruger's Amptelike Briewe, 1851-1877.
EYBERS, G. W. : Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910.
LOCALE WETTEN, der Z. A. Republiek, I.
PRELLER, G. S. : Voortrekkermense, Vier Dele.
PRELLER, G. S. : Voortrekker Wetgewing. Notule van die Natalse Volksraad, 1839-1845.
STAATS COURANT : van die jare soos aangehaal in die verhandeling.

Geraadpleegde Werke:

BOTHA, P. R. : Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds.
BRYCE, : Constitutions.
CLOETE, Henry : The History of the Great Boer Trek and the Origin of the South African Republics.
ENGELBRECHT, S. P. : Almanak Nederduits Hervormde Kerk in Afrika 1923. (Artikkel oor J. Stuart).
PAUL KRUGER: Gedenkschriften van, (Bredell en Grobler).
GOLDMAN : Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archief-Groepen der Z. A. R.
GIE, Dr. S. F. N. : Gekiedenis vir Suid Afrika Deel II.
HAMILTON, J. Agar : Some Voortrekker Experiments in Constitution Making. (A Lecture to the T.U.C. Historical Society).
HOLLANDER , Ben: Toen en Thans.
LEACOCK, S. : Elements of Political Science.
LEYDS, Dr. W. J. : De Eerste Annexatie van de Transvaal.
LION CACHET, F. : De Worstelstryd der Transvalers.
LOMBARD, J. P. La Grange : Paul Kruger die Volksman.

- PRELLER, G. S. : Piet Retief.
STUART, J. : De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek
in Zuid Afrika.
THEAL, G. M. : History of South Africa since 1795. Vol.
III and IV.
VAN OORDT, J. F. : Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-
Afrikaansche Republiek.
WALKER, Eric A. : Historical Atlas of South Africa.
WALKER, Eric A. : A History of South Africa.

-----oOo-----